

Oorgangspakket, 6

Vrye Weekblad

30 MEI - 6 JUNIE 1991 Prys: R1,60 (R1,33 + 17c AVB)



'N BITTER TYD VIR DIE BOERE

*'Meester': 'n storie van armoede,
konsentrasiekampe en vernedering*

Moet Barend Strydom skotvry afkom? ● Boesak dalk binnekort 'n ANC-leier

● Voëlkykers is 'n snaakse lot ● Die Upingtonners is vry!

Klaus von Lieres gaan betáál ● Wanneer word 'n mens 'n mens?

INHOUD

vrydagoggend

- 4 Ter suide
 5 Moet Barend Strydom vrygelaat word?
 6 Van Zyl Slabbert oor geweld en vrede
 Hennie Serfontein gee sy indrukke oor die beraad
 7 Gaan Boesak by die ANC aansluit?
 8 Voëls: Miskien is dit 'n kwêvoël
 9 Voëls: Moenie 'n arénd vir 'n eendvoël
 aansien nie
 10 Die Upingtonners is vryl
 11 'n Gemeenskapshof met 'n verskil
 12 Armoede in die Karoo
 14 Die Indiërs en die Nasionale Party
 15 Christelle Terreblanche praat met Jac Rabie
 16 Die Etiopiese Jode keer terug na Israel
 18 Keurvakaturen
 19 The Zulu deputy minister who killed to further his career
 20 Wêreldnuus
 22 Susan Coetzer in gesprek met Andrea Vinassa
 23 Max du Preez raak nostalgie oor die konsentrasiekampe
 24 Díe week se TV-programme
 25 Elmari Rautenbach skryf oor die week se TV
 26 Sport: Tinus Horn se rubriek
 27 Sport: Mohammed Ali is 'n poet
 28 Fiksie: 'n Kortverhaal deur Nardus Nel
 29 Boeke: vier nuwe digibundels
 30 Argitektuur in Pretoria deur Allan Lipman
 31 Wanneer is lewe lewe?
 32 Kuns: The story of Margaret Harding
 33 Kuns: Free State Music interview themselves
 34 Kleindagvertenties
 35 Rolprentgids
 36 Regspraatjies deur Jurie de Wet
 37 Geloofspraatjies deur Russel Botman
 Egbertus Klaagvoort
 38 Vrye Keuse: Beplan jou naweek saam met die kenners
 39 Nettie Pikeur proe fyn



EK het verlede Sondagaand die TV-drama oor Jopie Fourie gesien en dié week deur 'n klomp ou boeke oor Afrikaner-geskiedenis geblaai om 'n stuk te skryf oor die tyd net ná die Boere-Oorlog (of was dit die Engelse Oorlog?) na aanleiding van die dramareeks *Meesterwat* dié week op TV begin.

Ek vind die Afrikaner se geskiedenis van die middel van die vorige eeu tot hier by die Depressie van die jare dertig aangrypend. En soos ek deur die geskiedenis blaai en meegevoer word deur die swaarkry en durf, wonder ek by myself: Wat behoort dit alles vandag vir my te beteken? Wat se ding is 'n Afrikaner? En wie is Boere en wie is nie? Is Afrikaner-wees - en Boer-wees - teenstrydig met Suid-Afrikanerskap en nie-rassigheid? Gaan dit oor taal of oor kultuur of oor

etnisiteit?

Kom wonder gerus saam met my.

My eerste reaksie is dat ek heeltemal vrede het met my etniese wortels. Ek het nog nooit gevoel ek is minder van 'n demokraat of 'n Suid-Afrikaner omdat ek 'n Afrikaner is nie. Buitelanders en nie-Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners se verbaasde reaksie op *Vrye Weekblad* as Afrikaanse publikasie se sterk standpunte oor demokrasie, menseregte en 'n nuwe, nie-

rassige patriotisme in Suid-Afrika het my byvoorbeeld nog altyd geirriteer. So asof dit 'n genetiese frats is, en asof Afrikaans vir ewig gedoen is tot die Taal van die Onderdrukker.

Maar is my Afrikaanse "etnisiteit" 'n produk van my genetiese samestelling, of is dit bloot sosialisering - taal, agtergrond en so aan?

Die genetiese storie is natuurlik twak. Behalwe dat ek dik gewrigte en groot voete het en dat die meeste Afrikaners anders lyk, het dit niets te make met wat ek is en hoe ek myself en my gemeenskap sien nie.

Vir my was my Afrikanerskap nog nooit eintlik 'n politieke begrip nie. Ek aanvaar dat Robert van Tonder en Ferdi Hartzenberg nie ek ook Afrikaners is, maar ek vind hulle politiek veragtelyk.

As ek gedruk word, moet ek seker sê dat ek polities gesproke waarskynlik baie nader aan die meerderheid swart-

brieue

TRONKSTRAF, PYN EN SENSASIE

Dr PJD Lourens van Quellerina skryf:

Tronkstraf is een van die wredeste strawwe wat die mens ooit bedink het. Die meeste van ons, wat persoonlike vyheid geniet en daagliks kan doen wat ons wil, het geen begrip van die vernedering, ontmensliking en pyn wat die tronk meebring nie. Dis onthutsend dat *Vrye Weekblad* in die afgelope weke geen noemenswaardige aandag geskenk het aan die eetstaking van politieke gevangenes nie. Pyn is net pyn as dit sensasioneel is - is dit? Daar is ook 'n toneeltjie wat jare reeds by my spook. Dit was Kersoggend. Terwyl ek wag om 'n besoek aan Pretoria Sentraal te bring, marsjeer vier skraal swart vroue uit die tronk uit - vooroorgeboë onder reuse-katrolle wat hulle skaars kon dra. *Vrye Weekblad*, moet asseblief nie vyf skandale oopylek en die ander nalaat nie.

COMMUNITY RADIO

John Grierson of Cape Town writes:

Congratulations on Christelle Terreblanche's piece on community radio (*VWB* 17 - 23 May).

Having spent the past seven years preparing myself and my colleagues for independent local radio for Cape Town, I suppose I could take exception to the suggestion that Bushradio is even more advanced in its planning than we are - but I will let that pass.

I wish Caset and its Bushradio plan every success. I have argued for years that local and community-based radio should be allowed to grow out of the communications needs of the population (bottom-up) and not be imposed according to some over-neat formula (top-down). Along with scores of us who have been waiting a long time for our chance to compete with the SABC, I wait with bated breath for the findings of the Broadcasting Task Group. I hope that they will have the wisdom and the foresight to allow radio in South Africa to grow at its own (sensibly regulated) speed.

No country needs community-oriented local radio more than South Africa - and no country is better suited to its development.

But community radio, of the kind Caset has in mind, represents only one level at which Independent Local Radio can be pitched. If Capé Town can support (and it can) half-a-dozen commercial stations which cover greater Cape Town as a whole, there is no reason why much smaller communities (geographically speaking) should not have their own stations, at one level down - if they can stay alive financially. And if this sub-continent is as short of radio frequencies as the SABC keeps trying to claim, then I (and many like me) will find it hard to accept frequencies going to over-small, financially non-viable operators.

And there's the rub. Non-commercial stations, depending on handouts from this side or that, have been tried and have failed more often than they have succeeded. They have also failed when they have tried to live off public subscription (something like an informal licence fee).

Indeed - South Africa once had the only non-commercial municipal (local) radio stations in the world, way back in the twenties, depending for their life-blood on public subscription. The public listened, but failed to pay - so the stations died and radio had to be resuscitated by commercial interests. In the end, the public have an infuriating way of not supporting media ideal-

ism. They listen when, and to whatever, they like. Auntie-on-the-air, and overdoses of people-speak, will attract very small numbers of listeners.

My feeling is that the Bushradio concept (and its counterparts in other places), will become part of sensitively managed independent local stations in a new re-regulated radio dispensation.

LET'S PRAY

A Fellow Christian of Drle Riviere writes:

Let us make it a very sincere daily prayer to God for increasing faith in our Saviour Jesus Christ. For then the Holy Spirit will change the hearts of our people and this will truly become a NEW South Africa with reborn people who will love each other and, most important, we shall then bring God the praise that He deserves from us.

(Letter shortened - Ed)

HAMBA KAHLA TIAAN

Herman Lategan van Groenpunt skryf:

Vanoggend (20 Mei) het ek die verskriklike nuus in die kocrant gelees. Tiaan van der Merwe is noodlottig besear in 'n motorongeluk. Dit was asof die koue vingers van die dood my skielik aangeraak het.

Sy dood is vir die mense van Groenpunt



DIE NUUSTYDSKRIF

VOORBLAD: Ralie (Susan Coetzer) het vir klein Marie (Gilbert Terblanche) op haar skoot, terwyl baba Jannie (Frankie Opperman) op Tant Miem (Lida Botha) se skoot sit.

VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.

DE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

REDAKTEUR: MAX DU PREEZ

ASSISTENT-REDAKTEURS: JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE

POLITIEKE KORRESPONDENT: HENNIE SERFONTEIN

KOPIEREDAKTEUR: JOHAN BRUWER

ONTWERP: ANTON SASSENBERG

EINDREDAKTEUR: RYK HATTINGH

KAAPSE KANTOOR: CHRISTELLE TERREBLANCHE

REDAKSIE: CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSAKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PHINEUS TSUKUDU.

FOTOREDAKTEUR: LISE BEYERS

SPORTREDAKTEUR: TINUS HORN

ADVERTENSIES: JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER

REDAKSIE-ASSISTENT: CATHY FINNESSY

KANTOORBESTUUR: JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.

ONTVANGS: PEPPY MARIPAN

BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK: MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.

VRYE WEEKBLAD KOS R1,33 PLUS 17 SENT AVB. DIT KOS R75 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. INNAMBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIETYDSKRIF R1,50 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESIKBAAR.

PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FINNESSY BY (011) 836 2151.

mense staan as aan die meerderheid Afrikaners. Ek is g'n Afrikaner-nasionalis, en het die grootste deel van my volwasse lewe daarvan gewy om die arrogansie en morele bankrotskap van Afrikaner-nasionalisme bloot te lê. As ek reg is as ek vermoed dat die meeste Suid-Afrikaners primêr 'n bestel begeer waarin elkeen gelyke regte en geleentheid het, dan is hulle my politieke bondgenote, en nie die besnorde, korpuante patriarche of valsgrat-ouderlinge van die Afrikaner-establishment nie.

Dit beteken nie dat ek nie 'n "Afrikaner-gevoel" het nie. Soms is ek nogal trots om te sê ek is 'n Afrikaner. En ek kan lekker die donner in raak as Afrikaners as groep met minagtig bespot en gekarikaturiseer word. Dan voel ek Afrikaners is "my mense". Dis ook waarom die regse bullebakke se optreden by Ventersdorp se plakkertkamp my seker kwater laat word het as nie-Afrikaners. Teen my sin in en onder protes moet ek seker toegee dat dié regses in sekere sin ook "my mense" is en op 'n manier my verantwoordelikheid is.

Is ek dan maar 'n Afrikaner soos 'n ler in Amerika wat een keer 'n jaar 'n dop op St Patrick's Day drink en vir homself 'n aksent aansit, maar vir die res is dit irrelevant?

Nee, ek dink dit is meer as dit. My Afrikaner-agtergrond het 'n heelwat sterker invloed op my denke en manier

van dinge doen gehad as dit. En ek identifiseer my nouer met Afrikaner-wees as 'n dop Kommando-brandewyn een maal 'n jaar.

Is dit bloot kultuur? Nee, dit kan nie wees nie. Want ek en Eugene TerreBlanche (en duisende ander soos hy) het kultureel niks meer gemeen as dat ons albei Afrikaans praat en van braavleis hou nie. Daar is hopelik meer aan my kultuur as dit. Aan die ander kant, my kultuur is ook seker nie onaangeraak deur die feit dat ek Afrikaans grootgeword het en 'n Afrikaner-skool en -universiteit bygewoon het nie. En taal is seker ook 'n groot deel van kultuur. En vir Afrikaans as taal het ek huis so 'n passie.

(Nou praat ek myself darem heeltemal deurmekaar en in 'n hoek in. 'n Erg Afrikaanse ding om te doen. Missien is dit tog geneties.)

Maar die taal is huis 'n punt. Ek het 'n broertjie dood aan Taalkommissie-Afrikaans, Afrikaans met 'n Boereborsok aan. Ek is lief vir die taal omdat dit my moedertaal is, nie omdat dit die "Afrikaner se taal" is nie. Ek wil huis graag sien dat Afrikaans van sy witbaas-stigma ontslae raak en teruggegee word aan die gewone praters daarvan. En dit was after all nie die wit Afrikaners wat eerste die taal gepraat het nie.

Ek was nog nooit skaam om 'n Afrikaner genoem te word nie, ook nie

'n Boer of 'n boerseun nie. Ek noem myself so en is jammer vir die jonger geslag of kastige "detribalised" Afrikaners wat daarvan wil weghardloop. En dié storie van die Boerestaatparty en die AWB en hulle soort dat net Transvaalse en Vrystaatse wit Afrikaners wat aan 'n wit volksstaat of tuisland glo, Boere genoem kan word, is onintelligente drek. "Boer" het 'n baie los, soms informele naam geword vir alle Afrikaners en niemand het die reg om dit vir hul klein politieke randgroepie op te eis nie.

Wat is my gevolgtrekking? Ek is 'n Afrikaner en 'n Boer en dit is glad nie vir my 'n issue nie. Dis so 'n bietjie kultuur, bietjie taal, bietjie geskiedenis, bietjie invloed van die NG Kerk en Christelik-nasionale skole en 'n bietjie reaksie teenoor ander Suid-Afrikaners wat nie van Afrikaners hou nie. Dit maak my lewe ryker en dit is grotendeels verantwoordelik vir my sterk sin vir demokrasie en regverdigheid en my verbintenis tot die land en die grond.

En hoe gouer ander etniese groepe in 'n soortgelyke rustige sin vrede maak met hul etnisiteit en dit nie of wil ontken of chauvinisties daaroor is nie, hoe beter vir ons almal hier in Afrika.

Of hoe?

VII

"Met dié wetgewing pleeg die minister niks anders nie as verraad teen die witman en sy vaderland." KP-LP Jan Hoon in die parlement oor die wetsontwerp wat die wette oor grond sal herroep.

"Die KP het meer respek vir die bruin mense en hul reg as wat die NP het, want hy (die NP) verdeel nou die bruin mense soos hy die Afrikaners verdeel het." Dr Andries Treurnicht, leier van die KP, in die parlement oor beweringe dat die NP lede van die Huis van Verteenwoordigers afrokkel.

"Let no political party and no liberation movement make victims out of any, and then blame the victims for the violence that destroyed them." King Goodwill Zwelithini of KwaZulu in a speech at a rally in Johannesburg.

"Vir Suid-Afrikaanse mans is die vrou wat die broek dra g'n nuutjie nie... Dit is dus 'n ope vraag of die vrou in elke suksesvolle man se lewe agter hom staan of op sy kop sit." Barrie Hough in sy rubriek, Barrie se Kerrie, in Rapport

"None of us realized that the Kurds would vote with their feet in the numbers they have." US Army Lt-genl John Shalikashvili on the number of Kurds that have returned to the Kurdistan province of Iraq.

"Children are tastier than dogs or goats and they're far easier for a leopard to catch." Indian magistrate Hari Prasad Tivari on the man-eating big cats which have claimed 29 victims in Uttar Pradesh in recent years.

(en baie ander) 'n groot verlies. Hy was 'n voorstander van gelyke regte en 'n teenstander van apartheid lank voordat dit mode geword het. Hy was onbaatsugtig, charismaties en het 'n skerp, fyn intellek gehad. Hy het homself nooit verhewe gehou net omdat hy 'n parlementslid was nie. Ek onthou vyf jaar gelede het ek op die hoofweg van Groenpunt gestaan en ryloop. Tiaan van der Merwe het my opgelaai. Ons het land en sand gesels tot in die middestad, asof ons mekaar al jare ken. Sy warmhartigheid het my tot vandag toe bygebleef. Die ou vrouetjie van oor die sewentig wat bokant my woon, is een van die baie mense wat al sedert 1977 vir Tiaan van der Merwe met sy verkiesingsveldtogene gehelp het. Hy was haar "hero". Ek het haar buite oor die grasperk gebuk sien stap. Vir die eerste keer het sy baie oud gelyk: 'n Groot leier se stem het skielik stil geword. Hamba kahle Tiaan van der Merwe. Die mense hier gaan jou mis.

PINKSTERBIDUUR?

Marianne de Jong van Mellville skryf: As resensie is Laetitia Pople se besprekking van *Nagmerries* een van die ergste stukke kultuurjournaliek wat ek al gelees het. Die resensent se repertoire aan styl en oorspronklike menings is beperk tot "roerend", "mooi", "baie roerend" en "lekker" ('n ander resensie van dieselfde resensent in dieselfde uitgawe: "roerend", "baie treffend", "mooiste"). Haar maatstawwe vir goeie kabaret is: dit mag nie "bar" of "kru" wees nie, dit moet "menslik" wees en byvoorbeeld getuig van die "bewondering/verwondering wat mense wel vir mekaar het" en dit moet 'n "werklikheid" uitbeeld wat "rouheid" en "erbarming" bevat (laasgenoemde nogal van dié soort wat "uit herkenning spruit", dit wil sê waarmee alle mense

hulle soos met 'n ewige en universele waarde kan vereenselwig). Het u resensent dalk gedink sy besoek 'n Pinksterbiduur? Om die resensiedebakel mooi af te rond is die kern van die resensie se kritiek: die kabaret voel soos 'n ope-hart-operasie. Na my wete kan enige kabaret wat dit regkry om so 'n uitwerking te hê homself gelukwens. Dit het in sy doel geslaag. Humor, volgens die resensie, moet in 'n kabaret asseblief "guitig" wees. So half gigel onder die kombers of koereloertjies bo in die moerbeiboom, of wat?

"Dit is 'n joernalis se plig om die hoogste professionele en etiese standaarde te handhaaf", lees ek in laas-

week se openbare onderneming van VWB om die Amptelike Gedragkode van die SA Unie van Joernaliste te ondersteun. Dan is VWB dit aan sy lesers verskuldig om die volgende inligting te verskaf oor *Nagmerries*:

* Tot en met dié skrywe, was die vertoning elke aand, weeksaande ingesloten, stampvol;

* Ronél Kriel word met haar vertolking van Jeanne Goosen se "Orania/Broodhooglied" gereeld met spontane applaus onderbreek;

* Verlede Saterdag is Nomsa Nene by twee afsonderlike geleenthede deur mense wat hulself as konserwatief beskryf het, persoonlik bedank;

* Die perverse aggressie waarmee Lizz Meiring 'n ander item, "Bokkie blaas af", uitvoer, herinner 'n mens aan tonele uit die trefferrolprent *Cabaret*.

* U kunsredaksie sal hulle inligtingsplig nakom as hy in dié week se uitgawe die lesers inlig of die stuk verleng word. Dit kos net 'n oproep.

Moet asseblief net nie per ongeluk die Suid-Transvaalse Sinode skakel nie. Die stuk word nie deur die gewilde damesblad *Pienk Krismisrose* aangebied nie.


Vrye Weekblad plaas graag brieke wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygewe word as 'n skuilnaam gebruik word. Brieke korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur beboe die reg voor om brieke te verkort.

Skryf aan:

Vrye Weekblad Brieke, Posbus 177, Newtown 2113.



With SAA, you can fly to the Standard Bank National Arts Festival in Grahamstown on a full wallet.



To leave with a full wallet, phone us on 774-4477 or 774-2048/9 and book your flight. We'll immediately start filling it with complimentary tickets for accommodation, breakfasts, entry and the theatre.

Choose any one of our four package options: An all inclusive tour from R1 295,00. A Budget Package from R 795,00. A Student Package from R 575,00. Or the Jazz Special (4 nights only) from R1 495,00. All you need to tell us is whether you'll be staying for 3, 4, 7 or 10 nights. And which one of our tour departures, between 27 June and 7 July, you'd prefer.



We're getting better all the time.

DMB&B S1228

ter suide

DIE driekamer-parlement is nou regtig nie meer die mees relevante instelling in ons land nie. Maar dit is darem so af en toe goed vir die brokkies humor daaruit spruit.

Die beste dié week was die Arbeiderslid vir Rust Ter Vaal, Sam Louw, wat die nuwe bruin Nattes in 'n debat die "Hotnats" genoem het. Die Speaker het gou gekeer en gelas dat dié term nie parlementêr is nie.

So van Hotnats gepraat: Jac Rabie se uitlatings laat 'n mense wonder wanneer stap hy weer - dié keer na die KP toe.

Gehoor van die ler wat al die tyd gedink het Manual Labour is die naam van die Spaanse ambassadeur?

Die Indiër-politici in die ANC protesteer dalk te veel as hulle beduijie dat niemand uit dié bevolkingsgroep na die NP gaan oorloop nie. Hulle woorde was skaars koud toe bied die Indiërdorpsraad van Stanger vir FW de Klerk die vryheid van die dorp aan.

Oor Die Raj kan 'n mens baie dinge sê, maar dis dalk veiliger om net te sê wat hy dié keer aangevang het. By die Pretoriase geweldkonferensie staan hy op om te praat en buig eers voor koning Zwidelethini en sê: My king!

Gepraat van die geweldkonferensie: die regering sal darem baie beter moet doen as om weer 'n reaksionêr soos Barlow Rand se Warren Clellow as voorsitter aan te wys. Sy behandeling van Regsliu vir Menseregte se Brian Currie op die konferensie verlede naweek was onvergeeflik.

Colin Eglin het dié week met syfers na vore gekom wat 'n mens se hare laat rys. Meer as 3,5 miljoen mense is tussen 1960 en 1983 deur die regering verskuif. Van dié getal is 834 000 ingevolge die Groepsgebiedewet verskuif en 674 000 in die naam van "konsolidering van swart kolle". Laat 'n mens dink, nè?

Dié gespringery van valskeermsoldate in Soweto was darem maar 'n onsenstieve idee gewees. 'n Onnodige macho-vertoon. Daar is mense wat aan Soweto dink as hul tuiste, as die weermaghoofkantoor dit nog nie besef nie.

Surprise, surprise. Wie het Naspers- en M-Netbaas Ton Vosloo toe aangestel as politieke redakteur van M-Net se nuwe nuusdiens? 'n Assistant-redakteur en gewese politieke korrespondent van Beeld, Tim du Plessis...

Nog by redakteur-dominees. Ná veel fanfare en met TV-advertensies en al begin Dominee Izak toe laasweek by Rapport. In sy eerste toespraak aan sy personeel kondig hy toe prontuit aan: Ek is 'n Christen en 'n Nasionalis. En sy eerste rubriek wy hy toe daaraan om ministers kwalik te neem dat hulle nie Afrikaans gepraat het by die regering se konferensie oor geweld nie. Bou nou 'n Nuwe Suid-Afrika met sulke dominees/redakteurs!

Daar was 'n probleem met die rekenaar wat nuwe intekenare op Vrye Weekblad hanteer. As jy onlangs op Vrye Weekblad ingeteken het en nog nie die nuustydskrif afgelewer kry nie, bel asseblief vir Cathy by 836 2151 en ons stel dit reg.

Mag jy skiet as jy kan stem?

Barend "Wit Wolf" Strydom se vrylating as "politiese" gevangene word nou oorweeg. 'n Beslissing sal daarvan afhang of die doodskiet van agt swartmense in die Pretoriase middestad as 'n "politiese" daad beskou kan word. **INA VAN DER LINDE** het verskeie regsgelerdes gevra hoe sien hulle die saak.

DIE finale stryd om die vrylating van Barend Strydom - die "Wit Wolf" wat agt keer ter dood veroordeel is nadat hy in 1988 in die omgewing van Strijdomplein agt swartmense tromp-op doodgeskiet en verskeie ander verwond het, het begin.

Die Staatspresident se Advieskomitee vir die Vrylating van Politieke Gevangenes, het Strydom se prokureur, Wim Cornelius, versoek om redes te gee waarom Strydom vrygelaat moet word.

Cornelius het vroeër dié week teenoor VWB bevestig dat hy Maandag 'n faks van 'n regter in die Advieskomitee ontvang het wat om motiverings gevra het vir die oorweging van Strydom se vrylating.

Strydom is onlangs deur die Staatspresident begenadig en sy vonnis is na lewenslange gevangenisstraf verander. Terselfdertyd is Robert McBride, wat in 1986 'n motorbom by die Durban Marine Parade geplant het, se doodstraf ook tot lewenslange tronkstraf versag.

Strydom het politieke redes aangevoer in sy aansoek aan die Staatspresident om amnestie. Cornelius meen dié gebaar van begenadiging was reeds 'n erkenning van Strydom se status as politieke gevangene.

Die Advieskomitee vir die vrylating van politieke gevangenes is volgens 'n kennisgeving in die Staatskoerant op 7 November verlede jaar in die lewe geroep ná onderhandeling met die ANC. Aansoeke om vrylating as 'n politieke gevangene word gedoen by die kantoor vir Immuniteit en Vrywaring van die Departement van Justisie. Dié besluit in watter kategorie val die aard van die politieke daad wat gepleeg is.

Die kategorieë sluit die meeste minder ernstige oortredings in wat duidelik polities gemotiveer was, soos die onwettige verlating van die land, die besit van vuurwapens of plofstoewe, lidmaatskap van Umkhonto we Sizwe, brandstigting, poging tot moord en openbare geweld.

Die kantoor kan enigeen in dié kategorie onmiddellik vrywaring gee.

Indien 'n politieke daad gepleeg is waarin mense dood is of waar ernstige beserings betrokke was, word dié sake verwys na die sogenaamde "komitee vir wysemanne", ofte wel die Advieskomitee vir die Vrylating van Politieke Gevangenes. Van regeringskant is drie regters in die komitee aangestel en die ANC sou vyf mense daarin benoem. Die ANC het intussen egter besluit om hom daaraan te onttrek.

Volgens Cornelius het die term "politieke gevangene" nie voorheen in die Suid-Afrikaanse regstelsel bestaan nie. Hoewel 'n presiese definisie van 'n politieke gevangene nie nou gegee word nie, lê genoemde wetgewing sewe riglyne neer waarvolgens die Komitee moet besluit of aansoekers as politieke gevangenes kwalifiseer.

Die riglyne sluit onder meer in die motief van die oortreder, die oorsaak en gevolg van die oortreder se daade, die erns van die misdryf, die vraag of die oortreding in opdrag was van die politieke liggaam waaraan die oortreder behoort, en so meer.

Volgens regsfilosofe soos Christof Heyns van die UP, is dit baie moeilik om te bepaal of

U kan genas onder die vleuel van die Wit Wolwe openlik en opentlik, met ons genaslike doel voor oe, gewelddagig of nie. Soek Wit Wolwe staan geweld voor in die Keersnelle oorlog onmiddellik heele. U het niks om te verloor nie, beker my in eie met die noodge geweld; die stys sal voort voerd tot dat onsigbaar of oorwin het.

Met eerste en bly loue.

Bedien, regter, steyland gaan ons blymedy voort.

Soe genade en liefde van onse Here Jesus Christus sy niet u.

Boere groete.

B. Strydom

'n Brief wat Barend Strydom tydens sy verhoor aan Vrye Weekblad gestuur het

een soort politieke moord van 'n ander verskil. Die Romeins-Hollandse registrasie bepaal dat 'n organisasie, ofte wel "volksverteenvoerders" die reg het tot burgerlike ongehoorsaamheid en protest en dat dieselfde reg nie aan 'n individu toegese word nie. Ander verskille tussen politieke gevangenes van politieke organisasies en Strydom is:

- Strydom het opgetree as 'n individu en nie namens 'n organisasie nie - Strydom se aanspraak dat hy opdragte van die geheim-sinnige "Wit Wolwe" ontvang het, is later in die hof teruggetrek. Hierdieoor het die sogenaamde MK-gevangenes opdrag ontvang van 'n georganiseerde "weermag" met vaste strukture.

- MK-gevangenes verteenwoordig waarskynlik die meerderheid van die meerderheid mense in die land, terwyl Strydom die meerderheid van die wit meerderheid verteenwoordig. Sy standpunte het selfs in die eksklusief wit verkieingsprosesse uitgeval.
- Organisasies soos die ANC en hul doelstellings het erkenning in die beskaafde wêreld vir wat baie beskou as 'n "geregtigde saak", terwyl die Groot Apartheid wat Strydom nastreef, as 'n misdaad teen die mensdom beskou word.

- Die ANC se aanvalle was lukraak, terwyl Strydom s'n grens aan 'n volksmoord en net mense van 'n sekere ras, swartmense, insluit.

- Die ANC het 'n lang geskiedenis van nie-gewelddagige verset voordat oorgegaan is tot gewelddagige verset as "n laaste uitweg" om

die regering te probeer beweeg om demokratiese regte aan almal in die land te gee, terwyl Strydom byna geen geskiedenis van nie-gewelddagige burgerlike ongehoorsaamheid het nie - en dit terwyl hy wel demokratiese regte het.

Heyns beskou die kwessie van deelname aan demokratiese prosesse as 'n belangrike argument. Terwyl swartmense geen stemreg gehad het nie, en geen toegang tot die magstrukture wat landsbeleid help bepaal nie, het Strydom dit wel gehad, maar sy standpunt het selfs in die demokratiese prosesse die onderspit gedelf. Hier was dit 'n geval van 'n weiering om die stem van die meerderheid te aanvaar en die mag teen die wil van sy eie wit meerderheid in, in eie hande te neem.

Met dié standpunt stem prof Johan van der Westhuizen grootendeels saam. "Geen mens het Strydom opdrag gegee om tot geweld oor te gaan nie, terwyl die MK-leer opdragte gegee het om tot oorlog oor te gaan."

Hy sê tydens die Neurenberg-verhore van oorlogsmisdadigers in Duitsland is die verskoning dikwels gehoor dat soldate onder bevel van 'n weermag was en bevele moes uitvoer. "Dit geld nie by Strydom nie. Hy's 'n soort wild card wat nie aanspreeklik was teenoor enigeen nie."

Cornelius sê daarenteen dat die wetgewing waarvolgens die Advieskomitee besluit, apartlies is en nie onderskei tussen kwessies soos politieke doelwitte en die toeganklikheid tot demokratiese prosesse nie. Strydom, sê

hy, het wel gemeen hy pleeg 'n oorlogsdaad en hy verkeer in 'n oorlogssituasie. Ook Robert van Tonder, leier van die Boerestaat Party, waarby Strydom hom in die tronk aangesluit het; meen Strydom was "heeltemal polities gemotiveer". Hy het geen grief teen swartmense as sodanig nie en ook nie teen die mense wat hy doodgeskiet het nie.

"Sy optrede het gespruit uit die toestand van bedreiging teen die voortbestaan van die Boerevolk wat geskep is deur die regering. Hy het verswelg gevoel deur ander volkere." Strydom was "n voorloper van wat nou in swart woongebiede gebeur", sê Van Tonder. Op die argument dat Strydom toegang gehad het tot demokratiese prosesse en dat sy optrede nie beskou kan word as 'n "laaste uitweg" nie, sê Van Tonder: "Die stemreg as witman het niets meer beteken nie. Die Boere is net in Transvaal en die Vrystaat, maar hulle is gedwing om in een groot land te stem wat deur die Britte op hulle afgedwing is. Die Boere se stem word verswelg en stemreg beteken niets."

'n Prokureur van Johannesburg, wat met verskeie van die aansoeke om vrywaring werk en nie haar naam genoem wil hê nie, meen die feit dat die Komitee om motivering vir die vrylating van Strydom gevra het, beteken nie dat hy bokant enigeen anders verkiest word nie. Dit beteken nie sy kans is groter of kleiner as ander aansoeke nie.

"My ervaring is dat die komitee nie die internasionale riglyne in hulle besluite volg nie. Aansoekers hoef nie lede van politieke organisasies te wees nie, maar hoef net deur politieke organisasies ondersteun te word, en die vraag is of hulle op die tydstip wat dié daad verrig is, die ANC gesteun het."

Sy noem as voorbeeld gevalle waar openbare geweld gepleeg is, en waar die deelnemers nie ANC-lede was nie, maar wel ANC-optrede gesteun het. Die argument wat die ANC byvoorbere sou aanvoer, is dat die ANC in daardie stadium nog 'n verbode organisasie was en dat mense nie lede kon word nie, maar dat hulle betrek is in optrede teen apartheid.

As internationale kriteria buite rekening gelaat word, kan sy nie sien waarom Strydom nie om presies dieselfde redes as ANC-lede vir politieke vrywaring kwalifiseer nie.

Ook Brian Curin van Regslui vir Menseregte meen dat die wetgewing oor vrywaring nie voorskryflik is nie, maar slegs riglyne gee en dat die Komitee nie nougeset internationale voorbeelde volg nie. "Hulle gebruik taamlik wye diskresie, en die uniekheid van die Suid-Afrikaanse situasie word in ag geneem wanneer besluite geneem word."

Carl Niehaus van die ANC wou hom nie uitaat oor Strydom nie, maar sê die proses van politieke vrywaring is 'n bepaalde proses wat deur die ANC beding is. "Mens sal graag wil sien dat alle politieke gevangenis van die ANC en almal wat in die tronk is op grond van hulle politieke teenkanting teen apartheid vrygelaat word en dit sal baie jammer wees as daardie mense losgelaa word terwyl ons mense wat geveg het teen apartheid en vir die totstandkoming van 'n demokratiese bestel nog in die tronk sit."

VW

'Ons moet 'n oorgangspakt ontwikkel'

Dr Frederik van Zyl Slabbert, *mede-direkteur van Idasa*,



was een van die bydraers by verlede week se beraad oor vrede. Hier is 'n effens verkorte weergawe van sy referaat

van onder af; en gewelddadige revolusie van onder af. Daar is tekens dat 'n soek na 'n oorgangspakt sowel as eise om massale hervorming besig is om na vore te kom as die dominante vorme van oorgang.

Ons het 'n geringe kans om 'n oorgangspakt te ontwikkel wat die eise vir hervorming binne hanteerbare grense kan betue. Ons moet dit doen teen 'n ervenis wat politieke eise genereer wat ekonomiese werkverrigting vir 'n geruime tyd sal oordonder. As dié gaping tussen eise en lewering aanhou wyer word, sal geweld en onstabilitet ons oorgang bedreig.

Navorsing toon vier algemene resultate van gepoogde transisies weg van oorheersing: 'n terugval na 'n nuwe outokrasie (die mees algemene); stabilisering sonder volle demokrativering, met ander woorde tussen-tydse reëlings; demokratiese onstabilitet soos in Argentinië en Nicaragua; en gekonsolideerde demokrasie.

Ons huiver tussen 'n teruggang na ou-

tokrasie en 'n stabilisering sonder volle demokrativering. Die kwessie van geweld is kritiek vir vordering.

Wanneer dit kom by geweld, is die regering net soveel deel van die probleem as enige van sy teenstanders. Daar is geen neutrale spelers in dié spel nie, nog is daar enige duidelike skeidsregters of monitors. Dit is veral gevaaerlik as die regering deelnemer en skeidsregter wil wees. Dit is net so gevaaerlik vir teenstanders van die regering om pogings om ons uit die dilemma te onderhandel, te verwerp. Dit is waarom ons geen keuse het nie as om voort te gaan in ons soek na so 'n onpartydigheidsmeisie/s as moontlik om die beheer oor die oorgang asook geweld te monitor.

Sover dit konferensies van dié aard aangaan, wil ek 'n paar opmerkings maak.

Hoe meer inklusief dit is, hoe groter is die kans dat dit sal slaag.

Alle partye verdink ander dat hulle politiek speel met vrede. Dit dien geen doel om dié

vooroordel te herhaal by 'n konferensie soos dié nie. Ons durf nie tyd mors met 'n seepkislawaai of morele/radikale oorbieëry nie.

Die voorsitter moet alle sprekers ewe besig beskerm, of dit nou Eugene TerreBlanche (van die AWB) of Brian Curran (van Regslui vir Menseregte) is.

Moenie voorstelle aanvaar wat onderhandeling voorafgaan nie, dws idees soos vredesekretariate, gedragkodes, ens. behoort die gevolg van onderhandeling te wees en nie dié voorwaarde daarvan nie.

Ons land is 'n uiters kosbare juweel; moenie laat ons dit deur ons vingers laat glip deur 'n wredeheid van gees en gebrek aan welwillendheid nie.

Ek het nog nie 'n organisasie of belanggroep - links of regs - in ons land ontmoet wat nie 'n kapasiteit het om 'n bydrae tot ons oorgangsfase te maak nie.

Ons moet dié kapasiteit ontgin in die gees dat ons nooit sal opgee nie.

VN

SUID-AFRIKA is in 'n fundamentele oorgangstadium op pad weg van oorheersing en hopelik op die pad na 'n demokratiese eindpunt. Sedert 1974 was dit waar van meer as drie dosyn lande in die wêreld. Hoewel ons situasie unieke eienskappe het, is daar heelwat wat ons kan leer - veral hoe om sekere foute te verminder.

Vier maniere van oorgang is geïdentifiseer: 'n pakt tussen leierskap-kaders; 'n eensydige afdwing van bo af, dws 'n staatsgreep; massale hervorming kort duskant geweld

Absurd, maar darem

HENNIE SERFONTEIN het verlede naweek se *konferensie oor geweld* in Pretoria bygewoon en gee sy indrukke

DIE TEATER van die absurde, 'n blatante negering van sekere van die onomstootlike realiteit van die Suid-Afrikaanse konflik.

Dit is van die gedagtes wat by mens opgekom het tydens die tweedaagse konferensie in die WNNR se gebou.

Want hier word die hantering van die tragiese konflik-situasie bespreek terwyl die grootste en belangrikste organisasies, verteenwoordigend van die meerderheid van die bevolking, totaal afwesig is. Daaronder tel die ANC, Cosatu en die SA Raad van Kerke (SARK) om maar slegs 'n paar te noem. Ewe absurd is wat dit sou wees as Noord-Transvaal alleen beraad sou hou oor geweld in Suid-Afrikaanse rugby. Tog is dit ironies ook ewe waar dat hierdie onverteenvoudigende en mankemente konferensie tog daarin geslaag het om die weg te baan om die politieke impasse tussen die Regering en die ANC te ontblot. (Sien berig op bladsy 7.) Maar van die gebeure en optredes deur individue gee 'n insiggewende kykie op sekere fasette van die Suid-Afrikaanse politiek.

Miskien moes dit niemand verbaas het nie dat die Zoeloes se koning Zwelethini Goodwill ka Bhekuzulu en hoofman Mangosuthu Buthelezi, die leier van Inkatha, en hul ondersteuners die geleentheid met albei hande aangegegrap het as 'n propaganda-platform met die duidelike boodskap: Vat net aan die Zoeloes en aan KwaZulu, dan is daar moeilikheid.

Selfs joernaliste van pro-regeringskoerante was verstom oor die uitgesprok, feitlik uitdagende wyse waarop die koning sy volgelinge by implikasie aangemoedig het om kulturele wapens na sy vergadering verlede Sondag te dra. Tydens 'n impromptu perskonferensie verduidelik Buthelezi wat dit behels: "Dit beteken jy dra 'n skildvel en 'n stok en 'n kierie, 'n spies en soms ook 'n strydbyl." Toe die joernalis half geskok vra: "But with all due respect, Mr Chief Minister, does that not amount to war talk?", antwoord 'n

verergde Buthelezi kortaf: "Rubbish, that is total rubbish." Maar die aggressiewe Inkatha-propaganda en aanvalle op die ANC het duidelik groot byval by die meeste van die sowat 240 afgewaardiges gevind. Behalwe die NP en Inkatha het hulle 'n veelheid van splintergroepes, organisasies en dikwels slegs individue verteenwoordig.

Op enkele uitsondering na was almal in 'n meerder of mindere mate ondersteuners van FW de Klerk en Buthelezi in hul siening van die huidige konflik-situasie en in die raamwerk van hul wêreld en lewensbeskouing bestaan daar net nie so iets soos staatsgeweld of georganiseerde polisie-optredes ten gunste van Inkatha en teen die ANC nie.

Die het die duidelikste na vore gekom tydens die onsmaakklike gebeure rondom die toespraak van Brian Curran, direkteur van Regsluit vir Menseregte en een van die drie menseregte-prokureurs wat die enigste van talle sprekers was wat by wyse van spesifieke voorbeeld aandag op die optrede van die polisie gevestig het.

Tot op daardie stadium is beleefd en sonder onderbreking of tussenworpels na alle toesprake geluister.

Maar toe Curran begin om spesifieke beweringe oor polisie-optredes voor te lê vanuit beëdigde verklarings van ooggetuies tydens die onlangse Swanieville-bloedbad - waar Inkatha aandadigheid aan die moord op meer as 30 persone erken het - is hy met honende gelag onderbreek.

Curran kon eers nie voortgaan nie en het stilgebly nadat hy opgemerk het dat hy nie die vorige toespraak onderbreek nie. Dit het die talle afgewaardiges verbaas dat die voorsitter, Warren Clellow van Barlow Rand, Curran kortaf aangespreek het om voort te gaan eerder as om hom te beskerm. Iemand vanuit die gehoor het uitgeroep dat Curran dit sekerlik sal doen, sodra die voorsitter die gehoor beheer.

Clellow is bekend vir sy regse sentemente en is deur een

van die top-sprekers by die konferensie gewaarsku dat dit noodsaklik was dat "die voorsitter alle sprekers met gelyke onpartydigheid beskerm, of dit nou Eugene Terreblanche of Brian Curran is."

Interessant was die bydrae van die nuwe NP-rekruit Jac Rabie. Hoofsaaklik in Afrikaans, was dit saam met die oud-LUK, John Mavuso, die mees emosionele aggressieve en opruende anti-ANC toespraak, wat die dra van kulturele wapens onder gejuig verdedig het.

Daarby maak hy 'n pleidooi dat op groot skaal jeugkampe ingestel moet word waar die jongmense dissipline op 'n militaristiese basis ingepomp moet word. Sy voorstel is later entoesiasie deur Mavuso ondersteun.

Afgewaardiges wat tydens die toespraak naby aan De Klerk en sy senior ministers gesit het, sê dat hulle ongemaklik voorgekom het en min entoesiasme vir hul nuutste rekruit getoont het wat volgens een regeringslid "blykbaar eerder by Andries Treurnicht hoort".

Die vier mede-voorsitters wat deur De Klerk aangestel is nadat hy nominasies gevra het, was Louw Alberts, Gerrit Viljoen, Warren Clellow en Oscar Dhlomo. Was die uitsluiting van Slabbert, wat saam met Dhlomo gesien word as iemand wat 'n sleutelrol as faciliteerder in toekomstige onderhandelinge sal speel, 'n aanduiding dat hy by De Klerk in onguns was?

Nee, sê iemand in die binnekringe van die onderhandelinge, want Slabbert was die heel laaste spreker met 'n treffende opsommende analyse voordat De Klerk die konferensie Saterdagmiddag afgesluit het.

Dit was De Klerk se persoonlike keuse sodat Slabbert met 'n laaste woord die byeenkoms met 'n positiewe noot kon afsluit - en is dus 'n aanduiding dat die Staatspresident hom vorentoe wel gaan gebruik.

Eensydig en soms absurd, ja. Maar darem nie sonder waarde nie.

VN

Almal hou bul asem op oor Boesak

Verskeie ANC-takke in die Westelike Provinsie het Alan Boesak al geesdriftig 'benoem' as lid van dié organisasie se hoofleierskap. Sommige wil hê hy moet vise-president word as Nelson Mandela op die organisasie se nasionale konferensie in Julie by Oliver Tambo oorneem. Die probleem is dat Boesak hom nog nie by die ANC aangesluit het nie. Hy sal voor 5 Junie moet besluit, want dan sluit die benoemings. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag

ALAN BOESAK gaan hom waarskynlik binne die volgende dae formeel by die ANC aansluit en sodoende die maandelange bespiegelings oor sy politieke toekoms beëindig. Dit sal die weg baan vir sy feitlike outomatisiese verkiesing tot die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NEC) tydens die ANC se nasionale kongres in Durban die eerste week van Julie. Op onlangse byeenkomste van die streekrad van die Westelike Provinsie het minstens 'n halfdosyn takke - van Kaapstad en van die platteland - Boesak al benoem vir die NEC-verkiesinge. Die NEC het hulle egter meegedeel dat dit nie moontlik is nie omdat Boesak nog nie 'n lid van die ANC is nie.

Die benoemings sluit op 5 Junie.

In ANC-kringe in die Kaap word selfs gesê dat sommige takke Boesak wil benoem vir die pos van vise-president - dit wil sê as Nelson Mandela, soos verwag word, by die sieklike Oliver Tambo gaan oorneem. As populêre stiger van die UDF en charismatiese spreker wat groot skares getrek het, word die pogings om Boesak in dié pos te benoem beskou as deel van die groeiende renons onder gewone ANC-ondersteuners omdat die top-leierskap

steeds in die hande van die oud-ballinge is. Maar voordat Boesak hom as ANC-lid sal aansluit, moet nog eers 'n baie belangrike ontmoeting tussen hom en die leierskap van die NEC plaasvind. Soos voorheen in VWB berig is, is daar sterk teenstand teen sy aansluiting van 'n paar SAKP-lede in die NEC soos Johnny Essel en Trevor Manuel. Hulle maak beswaar, ook in die openbaar, teen sy individualisme, die skepping van 'n sogenaamde persoonlikheidskultus en het ook "sekere ideologiese probleme", waar- skynlik vanweë sy kritiese houding teenoor kommunisme, die SAKP en die ANC se alliansie met die SAKP.

Maar die laaste twee maande het Boesak 'n lang gesprek met Mandela gehad op dié se versoek en het Mandela hom aangeprys as iemand wat in 'n tussentydse regering benodig word. Twee weke gelede het hy 'n groot ANC-saamtrek op die UWK-kampus saam met Terror Lekota toegespreek. Lede van die NEC het aan VWB bevestig daar is groot druk op die NEC om hul "kleinlike geskille" met Boesak te besleg. Die NEC het blykbaar al verskeie vergaderings oor Boesak gehou. Van sy kritici vra of die NEC "verantwoordelikheid"

vir hom sal aanvaar omdat hulle hom "nie kan beheer nie". Maar ná die onderhoude met VWB verlede week het nog 'n storm oor Boesak se kop losgebars. Daarin was hyveral kritiek oor die ANC se vermoë om die bruin bevolking te betrek weens die "MK-retoriek" van aktiviste en het ook probleme van Christen-ondersteuners van die ANC met die SAKP-alliansie geopper.

Volgens Boesak-ondersteuners het "skewe beriggewing" daaroor in die Cape Times en soutiewe koerant- en radioberigte as sou hy die SAKP by 'n DP-konferensie aangeval het 'n valse indruk gewek. Hy het nie eens in die toespraak na die SAKP verwys nie.

Boesak self was nie vir kommentaar beskikbaar met die perse gaan van dié berig nie.

Maar die NEC-leierskap het blykbaar die gebeure op 'n spitsvergadering Dinsdagdaand bespreek. Die saak sal sekere ligging word wanneer die NEC vir Boesak na verwagting die komende week ontmoet - maar in die lig van druk van sowel die NEC as die grassroots ANC-ondersteuners in die Wes-Kaap is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n paar enkelinge hom langer uit die party kan hou.



Alan Boesak

Deur nou oop vir nuwe vredeskonferensie

Staatspresident FW de Klerk se soeke na vrede het verlede week afgeskop met 'n vredeskonferensie in Pretoria wat deur onder meer die ANC en die SA Raad van Kerke geboikot is. Tog het die konferensie op die ou end die basis geskep vir die toekomstige deelname van die boikotgroep. **HENNIE SERFONTEIN** het die konferensie bygewoon

FYN diplomacie, delikate voetwerk en noue raadpleging agter die skerms tussen 'n klompie sleutelfigure het die tweedaagse vredesberaad in Pretoria verlede naweek van volslae mislukking gered.

Die konferensie, onvolmaak en onverteenvoerdigend soos dit kan wees, het die deur wyd oopgemaak sodat ook die wegbligrhoepe soos die ANC, Cosatu en die SA Raad van Kerke (SARK) by die vredesproses betrek kan word. 'n Vaste grondslag en prosedure vir die deelname van die boikotgroep is geskep en maak die samewerkking van die partye nou feitlik 'n voldonge feit.

Hoewel die ANC dié week amptelik die byeenkoms as vanweinig belang afgekam het, is ANC-leiers in privaat gesprekke heelwat minder negatief. 'n Lid van die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NEC) sê aan VWB: "Die impasse tussen die regering en ons kan nou beëindig word omdat die konferensie duidelik fundamentele besware in ag geneem het en ons wegbligrhoepe dus gevindikeer is."

Willie Esterhuyse, die Stellenbosch akademikus wat in 'n vertrouensposisie by sowel die ANC as die regering staan, sê: "Die beraad was beslis die moete werd. Die vredesgesprek moes tog érens begin. Meer as 'n begin was dit nie, maar dit beteken tog dat die ANC baie tevrede kan voel en dat verdere konfrontasie met die regering afgeweert is." 'n Deuslaggewende keerpunt - wat die sukses van die voortgesette vredesgesprek verseker het - was die ingryping deur FW de Klerk. Nadat die verslae van die voorzitters van die agt werkgruppe aangehoor was, het die Staatspresident in 'n kort toespraak gevra dat drie belangrike versoeke aan hom toegestaan moet word.

Hy het verlof gevra:

- * Om eiehandig die voortsettingskomitee met vyf persent te vergroot;
- * Om eiehandig mense te benoem om Louw Alberts, wat as 'n eenman fasilitaterende komitee aangestel is, by te staan; en
- * Dat die konferensie summier beëindig word.

"Ek weet ek vra baie en dit is miskien ongewoon, maar julle moet my asseblief in dié verband vertrou," sê De Klerk toe hy toestemming vra om die twee liggende eiehandig te vergroot.

Die sukses of mislukking van die stappe om die ANC en ander te betrek, hang totaal af van die manier waarop die komiteelede - veral die sensitiewe fasiliteringskomitees - die hele saak hanteer.

Oor die skielike beëindiging van die besprekings sê De Klerk: "As almal wat wil praat 'n geleenthed gegee word, dan kan ons nog 'n dag besig wees. Kom ons laat dit aan die voortsettingskomitee oor om aandag te gee aan al die voorstelle en hoe om uitvoering daaraan te gee."

Die voortsettingskomitee sal bestaan uit 'n verteenwoordiger elk van die NP en Inkatha - as belangrikste partye - een elk van die besigheidsorganisasies AHI en SACOB en Johan Heyns namens die kerke.

De Klerk het verduidelik dat daar geen sprake is daarvan dat die voortsettingskomitee vergroot gaan word deur die ANC en ander te betrek nie. "Dit sal koopsie beteken, want hulle was nie deel van die konferensie nie," sê hy. Daar was belangrike redes vir De Klerk se toetrede. 'n Verdere twee uur van besprekking kon tot die aanvaarding van sekere besluite of verdere emosionele uitleatings lei wat die opvolgproses met die ANC en andere slegs kon bemoeilik.

"De Klerk en sy ministers het tot die besef gekom dat dit uiters belangrik was om so min konkrete besluite as moontlik deur die konferensie te laat neem. Want hoe meer konkrete besluite daar is, hoe meer word sake vorentoe bemoeilik," het 'n sleutelfiguur agter die skerms aan VWB gesê.

Maar terselfdertyd was De Klerk onder groot druk van Inkatha, wat die debatte in groot mate oorheers het met hul kragdatile uitsprake en aanvalle op die ANC en hul standpunt dat die bedreiging van Zoeloebelange tot oorlog

kan lei.

Inkatha-sprekers het in die openbaar en in werkgrupe 'n totale politieke aanslag teen die kerke, kerorganisasies en bepaalde kerkleiers gevoer.

Dit was duidelik dat daar 'n diep kloof bestaan tussen Inkatha en die SARK weens dié kerkegroep se noue bande met die UDF en die ANC. Dit volg blykbaar op 'n "bloedige konfrontasie" twee weke gelede in Ulundi toe Mangosuthu Buthelezi vir Khoza Mooja en Frank Chikane, onderskeidelik president en hoofsekretaris van die SARK, tromp-op geloop het oor hul beweerde aanvalle teen Inkatha in die verlede.

Die besware teen die betrokkenheid van die Rustenburg-konferensie as fasilitateerde is vanweë die noue samewerking tussen Louw Alberts en Frank Chikane as medevoorsitters.


Inkatha wantrou selfs Johan Heyns vanweë sy noue skakeling die laaste weke met Nelson Mandela en sy gesprekke ter elderyre aan die vooravond van die beraad om die ANC te probeer betrek.

De Klerk het by 'n perskonferensie verwys na die rol van die kerke en gesê: "Daar is natuurlik verskeie kerkorganisasies waarvan die Rustenburg-groep die mees verteenwoordigend is."

Theuns Eloff, as verteenwoordiger van die Konsulerende Sakebeweging (KSB) het vandeels week as een van die hooffigure na vore getree om die besware van Inkatha te oorkom en om kerk- en sakeleiers in 'n gesamentlike inisiatief saam te snoer.

Eloff het groot sukses behaal in sy onderhandelings met die sekretaris-generaal van Cosatu, Jay Naidoo, wat erken het dat 'n nuwe konferensie nie die oplossing is nie, maar die strukturering van gesamentlike werkgruppe.

Dit kan dus aanvaar word dat in die toekomstige fasiliteringsproses die sakegemeenskap, met die KSB aan die voorpunt, waarskynlik 'n belangrijker rol as die kerk gaan speel.



As hy sê: "Gwaaay!" - dan kan dit 'n kwêvoel wees

Wil jy weet wat is *daardie oulike voëltjie* wat elke slag voor jou venster kom sit? RICHARD LIVERSAGE se gids vir die leke-voëlkyker sal jou gou-gou wys watter vere maak watter voël, skryf TIENIE DU PLESSIS

THE BIRDS AROUND US

Richard Liversage
Fontein Boekie
Parklands, R140

AS jy nie 'n taksonoom is nie en die "klassifikasiesleutels" in veldgidsse verwarr jou, maar jy wil nogtans meer weet van daardie grys voël wat nou net hoog in die wag-'n-bietjie gaan sit het, is dié boek van Richard Liversage dalk die oplossing.

Heelparty mense vind die verdeeling van voëls in die ou bekende gids - *Robert's of Newman's Birds of Southern Africa* - nie geredelik toeganklik nie. Veral dié van ons sonder 'n grondige kennis van Carl Linnaeus se hiërgargiese gedagtes, sukkel erg voor dat ons hierdie geneuk onder die knie het.

En ek het nog nooit iemand raakeloop wat gebruik maak van die ingewikkeldse "sluitels" wat ger-

eeld in dié boeke as hulpmiddel voorgestel word nie. Luister net wat beveel *Robert's* aan: "Before referring to a key get a good look at the bird (with your binoculars). Write down every feature that you think may be useful, and make a simple sketch if you can (in your small field notebook). Note down also the habitat and then decide which key seems to be the most appropriate one. Start at number 1 at the top left margin..." en dan is jy moeg, die voël is weg en jou skets is lelik. Nee wat, elke leke-voëlkyker maak maar sy/haar eie paadjie oop na die verborge kennis in die boek. Maar Richard Liversage se boek is 'n ander storie. Sy boek is geskryf met die probleme van die beginner in gedagte. Die voëls in Liversage se boek word verdeel volgens habitat - dit verminder onmiddellik die aantal voëls waarmee 'n beginner aanvanklik

gekonfronteer sal word. In die proses sal dié beginner noodwendig 'n effe eensydige kennis opdoen van voëls in 'n sekere landstreek, maar wie van ons binnelanders sukkel nie in ieder geval met daardie klein, bruin strandlooptjies wanneer ons by die kus is nie? 'n Kleurkode, gedruk sodat die leser dit selfs teen die kante van die geslote boek kan sien, bepaal die 15 gekose gebiede. 'n Subjektiewe keuse van habitat verduidelik verder die gebruikersvriendelikheid van die boek: "Buildings and Gardens" en "Roadside Birds" klink vreemd langs beskrywings soos "Thornveld and Savanna" en "Coastal and Riverine Bush". Maar onthou dat die beginner waarskynlik in die stadstuin en langs die hoofweg bewus geraak het van die voëllewe rondom ons. Richard Liversage meen dat evolusie aan die kant van die leke-

voëlkyker is en sien dit ook as 'n byvoordeel van sy klassifikasiestelsel: "The evolution of separate species occurs to avoid competition between closely related species for the same habitat. Nature, in fact, made life simple by having, for example, only one sparrow in each habitat. Sommige voëls kom egter in tot soveel as vyf ander gebiede voor. Met die hulp van die Suid-Afrikaanse Voël Atlas-projek het hy die voorkeurshabitat van dié aanpasbare spesies (bv die fiskaal - geplaas onder "Roadside Birds") bepaal en dit opgevolg met kruisverwysing na die ander plekke waar dié voël raakeloop sou kon word. Dié boek van Liversage gaan nie sonder meer deur die ornitologiese gemeenskap aanvaar word nie. Daarvoor is die werk nie "tegnies" genoeg nie. 'n Enkele voorbeeld van die lae tegnologie van die ornitoloog: die roep van

voëls word slegs beskryf as bv 'n "gentle twitter" - die witkeelswael, of "kok-o-vik" - die bokmakierie. Vir "sonogramme", soos in *Robert's* is daar nie plek of sprake nie.

Jill Adams se illustrasies is nie "korrek" genoeg vir die "kenner" nie en gaan beslis nie oral byval vind nie - kyk maar na die swartbors-slangarend op p17! Ten laaste sal die weglaat van die *Robert's* se taksonomiese verdeeling en nommers vir baie kenners grens aan 'n skending van "geloof en vertroue"!

Maar die beginner gaan van dié "vriendelike" gids hou. En hierdie boek gaan meer voël-kenners "maak" as wat *Robert's* (en die ander) ooit kon regkry.

Daardie grys voël bo in die wag-'n-bietjie? Te groot vir 'n muisvoël - die muisvoël sê: "tshivovo" - dié een sê: "gwaaay". Kyk by "Buildings and Gardens", iniskien is dit 'n kwêvoël.

Moenie 'n arend vir 'n eendvoël aansien nie



'N OU tannie, met 'n groot gebloemde strooihooed, brilletjies en praktiese skoene ... of 'n verstrooiende professor met deurmekaar hare, 'n ou jas en 'n verkyker om sy nek is die beeld wat die meeste mense van voëlkrykers het. Miskien is daar tog 'n paar voëlkrykers wat so lyk, maar die waarheid is dat voëlkryker toeneemend ondersteuning geniet en deur uiteenlopende mense beoefen word. Oud, jonk, wetenskaplike, huisvrou, dokter, loodgieter, posman en sekretaresse - almal doen dit.

Suid-Afrika is 'n besonder voëlyke land - 890 verskillende spesies kan gesoek en gesien word - en daarom is dit geen verrassing nie dat voëlkryk hier 'n baie gewilde stokperdjie is.

Volgens Jeff Lockwood van die Suid-Afrikaanse Voëlkundige Vereniging (SAVV), is daar tans dertien georganiseerde voëlkubs onder die vaandel van die SAVV, met sowat 6 000 lede, waarvan die meeste amateur voëlkrykers is.

Dit is 'n aansienlike toename in lede sedert die oorsprong van die SAVV 60 jaar gelede. Oorspronklik het die voëlkundige vereniging

hoofsaaklik uit wetenskaplikes bestaan.

Maar Lockwood sê 'n goeie maatstaf van die aantal voëlgroepdrifges in die land is die verkoop van die twee boeke - die voëlkrykers se Bybels - die bekende Roberts en Newman se se voëlidensiferingsgidse.

Sedert 1945 is meer as 120 000 eksemplare van Roberts se boek verkoop en amper net soveel eksemplare van Newman s'n. (Die voëlkrykgogga het onlangs skielik die Afrikaanssprekendes ook gebly. Die Afrikaanse weergawe van Newman het jare lank op die rakke gelê, maar in die afgelope twee jaar is die 10 000 Afrikaanse uitgawes daarvan uitverkoop).

Lockwood sê vir besige stadsmense is voëlkryk die volmaakte ontspanning. Al wat 'n mens nodig het, is jou voëlbok en 'n verkyker - en jy kan dit op enige plek doen: in die park, langs die dam of selfs in jou tuin.

Die Suid-Afrikaanse voëllewe is so ryk en uiteenlopend dat daar baie is om te sien, soveel so dat beginners baie deurmekaar kan raak, sê Lockwood.

Die voëlkrykgogga byt soms onverwags en voor jy jou oë uitvee, is jy een van daardie mense wat skielik jou motor se remme aanslaan, die verkyker gryp, en sê: "Wag, ek sien 'n kwêvoël," of in die middel van 'n gesprek sê: "Shhh... Bly stil. Wat hoor ek daar?"

CHRISTELLE DE JAGER doen verslag

In Brittanje, byvoorbeeld, kan jy op 'n gunstige dag een uit 'n moontlike 150 spesies sien. In Suid-Afrika kan dit selfs 300 wees, sê hy.

Die Johannesburgse voëlllys alleen beslaan omtrent 350 spesies, en dit is moontlik om tot 200 hiervan in 'n jaar aan te teken, sê Lockwood, want die plekke is so toeganglik - damme, Suikerbosrand, heuwels, parke - alles is naby.

"Dit is 'n kuns om voëls korrek te identifiseer. 'n Mens moet leer om na meer as net die kleure van 'n voël te kyk. Gedrag, habitat, grootte, vorm, postuur - dié eienskappe is almal belangriker as kleur. Maar dit is 'n geval van hoe meer jy weet, hoe meer wil jy weet. Dit kan nogal 'n passie word."

Die voëlkrykgogga byt soms onverwags, en voor jy jou oë uitvee is jy een van daardie mense wat skielik jou motor se remme aanslaan, die verkyker gryp, en sê: "Wag, ek sien 'n kwêvoël," of in die middel van 'n gesprek sê: "Shhh... Bly stil. Wat hoor ek daar?"

Die gogga het vir Reinet Kemp onverwags gebly... Sy en haar man het in 1979 in Amerika gaan woon en daar het sy ontdek dat almal voëls kyk.

"Ek het altyd gedink dis net ou tannies met hoede op wat voëls kyk, maar toe sien ek my bure en almal in ons straat doen dit en is gaande daaroor. Ek het so geïnteresseerd geraak, en uiteindelik het my buurvrou vir my 'n boek gegee."

"Die lekkerste is as jy op 'n plek kan sit en wag dat die voëls na jou toe kom. Dit is die beste ontspanning en jy kan dit op enige plek doen. Later beplan jy selfs jou tuin so dat die verskillende soorte voëls daarheen sal kom."

Raak voëlkrykers dan nie effens fanaties nie? Nee wat, sê Reinet. "Stappers is baie meer fanaties. Ek kan nie verstaan dat mense op staptoere elke dag so ver stap met 'n sak op die rug nie."

Voëlkrykers is 'n uiteenlopende klomp mense - van diegene wat dit vir 'n middag se ontspanning



(Uit: Dr Jack's Illustrated South African Byrd Book or The Mutant Guide to South African Byrds)

doen, luilekker langs 'n rivier, met die een oog wat elke af en toe oopgaan, tot 'n gekose groepie "ernstige" voëlkrykers, ofte wel "twitchers".

"Twitchers" is jou regte fanatici. Hulle is lede van 'n spesiale groepie mense wat alles in die stryd sal werp om soveel voëls moontlik te sien.

Stories oor "twitchers" is volop in die voëlkrykerswêreld. Dié mense neem buitensporige stappe om nog 'n voël op hulle kerfstoek te plaas.

Hulle moet net hoor van 'n rare voël wat érens op 'n plek gesien is, dan ry hulle deur die nag, of huur sommer 'n vliegtuig om onmiddellik na die gebied (soms in 'n ander land aan die ander kant van die wêreld) te reis, om te sien of hulle nog 'n bevestigde waarneming by hulle lys kan voeg.

Lockwood onthou die keer toe hy 'n rare voël in die Kalahari gesien het. Hy het 'n vriend daarvan vertel. Dadélik het hy en twee ander "twitchers" van Johannesburg

Kalahari toe gery en die voël probeer kry.

"Toe hulle die voël uiteindelik sien, het hulle mekaar opgewonde gesoen en omhels, nes sokkerspelers wat pas 'n doel aangeteken het, sê Lockwood."

Dan is daar die storie van die ou in Holland wat gehoor het van 'n rare voël wat besig was om iewers in Engeland te vrek. Hy het 'n vliegtuig gehuur en soontoegaan, maar toe hy daar aankom, was die voël reeds dood. (Die voël moet lewendig wees om as bevestigde waarneming te geld.)

Ian Sinclair, 'n natuurkennner, fotograaf en skrywer van verskeie boeke oor voëls en die Suid-Afrikaanse wildlewe, is die voorste "twitcher" in Suid-Afrika. Hy het amper 900 voëls op sy kerfstoek. Maar 'n mens hoef nie so fanaties te wees om voëlkryk te geniet nie. Dit kan ook 'n ontspannende aktiwiteit wees. Mense wat daarin belang stel kan Pam by die Witwatersrandse Voëlkub skakel by (011) 782-7134.

Dit was 'n duur saak vir Von Lieres

Die Randse Hooggereghof het vandeensweek R5 000 aan *Klaus von Lieres* toegeken omdat *Vrye Weekblad* hom belaster het, maar terselfdertyd sal hy regskoste moet betaal wat meer as R100 000 beloop. Soos in die geval van *Lothar Neethling*, borg die staat sy hofsaak.

JACQUES PAUW doen verslag

DIE prokureur-generaal van die Witwatersrand, adv Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau (SC), sal na afloop van sy lastergeding met *Vrye Weekblad* sy eie én die koerant se regskoste ingevolge procedure-reëls van die Hooggereghof moet betaal. Na verwagting sal hy vir meer as R100 000 se regskoste aanspreeklik gehou word.

Von Lieres het die afgelope jaar die tweede staatsamptenaar geword wat *Vrye Weekblad* met finansiële ondersteuning van die staat siviel gedagvaar het en nou na afloop van die geding met tienduisende rande se regskoste sit.

Die hoofregter van Suid-Afrika het vandeensweek die petitie rondom die appelaansoek van genl Lothar Neethling ontvang en sal nou moet besluit of hy appèl aan die generaal gaan toestaan. Indien hy weier, sal Neethling onmiddellik aanspreeklik wees vir regskoste van meer as R1 miljoen. Von Lieres het tydens die hofsaak onder kruisverhoor gesê dat indien daar 'n bevel vir koste teen hom uitgereik word, hy dit self sal betaal.

Vrye Weekblad het vroeër erken dat hy die Prokureur-generaal belaster het en 'n bedrag van R15 000 vir die eerste laster en 'n bedrag vir die tweede laster as vergoeding aan Von Lieres aangebied. Hy het die eerste bedrag aanvaar, maar besluit om met die hofgeding voort te gaan. Die saak is gevoer rondom vergoeding vir die tweede laster.

Vandeensweek het regter AP van Coller gelas dat *Vrye Weekblad* benewens R15 000 vir die eerste laster, 'n verdere R5 000 aan Von Lieres moet betaal vir die tweede laster wat op 23 Februarie 1990 gepubliseer is.

Die tweede bedrag wat *Vrye Weekblad* aan Von Lieres aangebied het, was 'n geheime tender en is nie aan die regter bekend gemaak nie.

Von Lieres sal nou vir die vol-

gende koste aanspreeklik wees: * Hy moet al sy eie regskoste self betaal, wat die dienste van 'n junior en senior advokaat insluit. Von Lieres het intensiewe voorbereiding vir die saak gedoen en dae lank met sy senior advokaat spandeer.

* Die Prokureur-generaal moet *Vrye Weekblad* se regskoste betaal vanaf die datum van die geheime tender. Die koerant het ook die dienste van 'n senior en junior advokaat gebruik.

* Von Lieres moet die volle koste van die hofsitting betaal, wat tweedae geduur het.

Na wat verneem word, sal die regskoste van meer as R1 miljoen. Von Lieres het tydens die hofsaak onder kruisverhoor gesê dat indien daar 'n bevel vir koste teen hom uitgereik word, hy dit self sal betaal.

Vrye Weekblad het vroeër erken dat hy die Prokureur-generaal belaster het en 'n bedrag van R15 000 vir die eerste laster en 'n bedrag vir die tweede laster as vergoeding aan Von Lieres aangebied. Hy het die eerste bedrag aanvaar, maar besluit om met die hofgeding voort te gaan. Die saak is gevoer rondom vergoeding vir die tweede laster.

Vandeensweek het regter AP van Coller gelas dat *Vrye Weekblad* benewens R15 000 vir die eerste laster, 'n verdere R5 000 aan Von Lieres moet betaal vir die tweede laster wat op 23 Februarie 1990 gepubliseer is.

Die tweede bedrag wat *Vrye Weekblad* aan Von Lieres aangebied het, was 'n geheime tender en is nie aan die regter bekend gemaak nie.

namens Von Lieres teen *Vrye Weekblad* ingestel moet word. Volgens regsgeset is die staatsprokureur nou verantwoordelik vir die betaling van Von Lieres se twee advokate.

Von Lieres het aanvanklik R35 000 vir elk van die twee berigte geëis, en met die begin van die verhoor is bekend gemaak dat hy R15 000 as skikking aanvaar het vir die eerste eis.

Vrye Weekblad het Von Lieres belaster deur onder meer te beweer dat hy 'n kleinlike vendetta teen die koerant voor deur hom selektief te vervolg en na die Prokureur-generaal verwys as "Herr Klaus Otto Dinges".

Van Coller het in sy uitspraak gesê die berigte oor Von Lieres is beleidigend en gee te kenne dat hy onbevoeg is. Van die verwysings na hom is ook minagtend, het die regter beslis.

Die regter sê die Prokureur-generaal is 'n persoon wat 'n belangrike en baie verantwoordelike amp beklee. Dit is noodaaklik dat die publiek vertroue moet hê in die persoon wat die amp van Prokureur-generaal beklee. Om te beweer dat die Prokureur-generaal hom skuldig maak aan selektiewe vervolging en 'n vendetta voer, is ernstige bewerings.

Die laster het duidelik die Prokureur-generaal verhoed om sekere van sy pligte te vervul, sy kontak met buitelandse besoekers benadeel en sy optredie in die openbaar nadeling beïnvloed.

Van Coller sê hy het in ag geneem dat *Vrye Weekblad* 'n baie prominente verskoning geplaas het, hoewel dit in 'n baie laat stadium aangebied is. Volgens die regter is R15 000 te min vir albei berigte, en het *Vrye Weekblad* gelas om 'n verdere R5 000 te betaal.

* *Vrye Weekblad* is verteenwoordig deur advokate Bobby Levin (SC) en Martin Luitingh in opdrag van David Dison van die firma Bell, Dewar en Hall.

Vyf jaar van hel is oor

Die lang en uitgerekte sage van die lot van die skuldiges in die Upington 25-saak, waarin veertien mense ter dood veroordeel is, het vandeensweek tot 'n einde gekom toe die Appèlhof 'n groot gedeelte van die oorspronklike uitspraak omvergewerp het.

JACQUES PAUW doen verslag

DIE bejaarde egpaar Evelyn de Bruin en Gideon Madlongolwane keer vandeensweek terug na die township Paballelo net buite Upington waar hul lyding vyf jaar gelede begin het toe 'n munisipale polisieman deur 'n groep verwoede inwoners met klippe bestook en uiteindelik vermoor is.

Die Appèlhof het vandeensweek beslis dat 'n Noord-Kaapse regter ernstig gefouteer het toe hy in 1989 25 inwoners van Paballelo aan moord op die polisieman skuldig bevind en veertien van hulle ter dood veroordeel het. Net vier van die 25 veroordeeldes bly ná die uitspraak in die tronk agter nadat die Appèlhof die meeste van die skuldigbevindings aan moord verander het na skuldigbevindings aan openbare geweldpleging.

Dié uitspraak van die Appèlhof bring 'n einde aan een van die mees emosionele en opspraakwakkende hofsake in Suid-Afrika se regsgeskeidenis nadat die mense volgens die omstrede beginsel van "gemeenskaplike oogmerk" (common purpose) skuldig bevind is.

Die Upington-verhoor was een van etlike onrusverhore waar gewone mense wat 'n alledaagse lewe lei deur die geweld van die middel-tagtigerjare saam in die beskuldigdebank gebring. Onder hulle was 'n oud-burgemeester van Paballelo, 'n oud-polisieman, hoëskoolleerlinge, priesters se kinders, 'n manlike verpleer en 'n sesdigjarige egpaar.

Regter JJ Basson het in die oorspronklike verhoor gevind dat 25 van die beskuldigdes die opset gehad het om Lucas "Jetta" Sethwala te vermoor toe sy kop op 13 November 1985 met 'n gewerkolf verbrysel is.

Sedert daardie dag leef Paballelo in die skadu van die galg. Die hofsaak en die lang aanhouding van die veroordeeldes het talle gesinne sonder broodwinners en kinders sonder ouers gelaat.

Amptelik sal die Upington 25-saak in die regsgeskeidenis bekend staan as die hofsaak waarin die meeste beskuldigdes op een slag aan moord skuldig bevind is. Diplomate, joernaliste en hordes belangstellendes het dag ná dag na die landdroshof aan die oewer

van die Oranjerivier gestroom waar die beskuldigdes in twee lang ry voor die regter gesit het.

Die egpaar De Bruin en Madlongolwane; ouers van tien kinders, het stof langs mekaar in die voorste beskuldigdebank gesit en hande vasgehou. Madlongolwane het die hele tyd voor hom uitgestaar en dit het gelyk asof hy hoegenaamd nie in die verrigtinge belang stel nie.

De Bruin se opsluiting in die dodeselle van die Sentrale Gevangenis in Pretoria was 'n traumatische ervaring vir dié eenvoudige Noord-Kaapse huisvrou. Sy kon nie haar eie Bybel lees nie en is glo baie sieklik.

Nou kan Paballelo, 'n armoedige township met tweekamerhuisies en kinders wat in die stofstrate speel, sy pyn van die laaste vyf jaar afskud en sy verlore inwoners weer welkom heet.

Die Appèlhof het beslis dat drie van die veroordeeldes - Zona Mokgatle, Zolile Yona en Justice Bekebeke - se skuldigbevindings op moord gehandhaaf word en dat hul vonnisse verlaag word tot tussen tien en twaalf jaar tronkstraf.

Die res van die veroordeeldes en skuldiges is óf heeltemal vrygesprek óf hul vonnisse is verlaag tot opgeskorte tronkstraf. Dit beteken dat 22 van die oorspronklike 25 veroordeeldes kan terugkeer huis toe.

Regter EM Grosskopf het in sy uitspraak gesê voordat iemand ingevolge die gemeenskaplike oogmerk aan moord skuldig bevind kan word, moet bewys word dat dié mens die opset gehad het om te moor. Die hof het tot die slot som gekom dat regter Basson verkeerd geoordeel het dat die hele groep die oogmerk gehad het om te moor.

Daar was wel 'n deel van die groep wat die polisieman wou vermoor, maar die hele groep het beslis nie daardie strewe gedeel nie, sê Grosskopf. Die feit dat hulle die hom met klippe bestook het, beteken nie dat hulle hom wou doodmaak nie.

Grosskopf sê nikks meer is teen 'n beduidende deel van die groep bewys as dat hulle die orledene se huis met klippe bestook het nie.

Dié mense oordeel self

Vir 'n "people's court" is baie mense maar skrikkerig - want in die jare tagtig het emosionaliteit, eerder as geregtigheid, dikwels met rampsspoedige gevolge in dié howe geheers. Maar stadigaan word daar met nuwe oë gekyk na die moontlikheid van gemeenskapshewe, waar minder ernstige oortredings verhoor kan word - soos in *Khubetsoana* se gemeenskapshof, wat deur 'n landdros goedgekeur is.

JEAN DU PLESSIS doen verslag

OP die pad na Queen's Mercy kom ek die manne van Khubetsoana se gemeenskapshof teë. Hulle klim toe by my in. Hulle was pas by 'n vergadering in die kantoor van die landdros van Maluti.

Mense het glo gekla oor hul gemeenskapshof en die landdros wou by hulle weet wat aangaan. Dit blyk toe dat dit nie mense van die gemeenskap self was wat gekla het nie, maar Seelso Moshesh, hoofman van die hele Queen's Mercy-gebied, wat die dorpie Khubetsoana insluit.

Seelso beskou die Khubetsoana gemeenskapshof blykbaar as 'n poging om sy gesag te ondermy. Hy het self die vergadering bygewoon en het onderhoofman Thamea, sy verteenwoordiger in Khubetsoana, met hom saamgebring.

Die manne van die gemeenskapshof (of die "so-called Kangaroo court", soos hulle dit skertsend noem) was verheug oor die vergadering se uitkoms. Die landdros het glo versigtig na almal se weergawe van die saak geluister, en baie vroue gevra. Dis toe dáár dat Seelso se plan 'n bloutjie loop, want sy argumente teen die gemeenskapshof kon net nie byhou nie. Selfs die ondersteuning van Thamea - wat probeer ontken het dat hy ooit by die sittings van die gemeenskapshof teenwoordig was - kon dus voortgaan.

Die pad van Matatiele na Queen's Mercy loop weswaarts in die rigting van die Drakensberge se Tweeling. 'n Entjie ná die plek waar die telefoonrade destyds met Transkei se "onafhanklikheid" afgeknip is - en nou nog net so afgeknip staan, 'n monument van doelbewuste onderontwikkeling - hou die teerpad op. Die res van die rit is lank, stamperig en vol stof. Daar was dus baie tyd vir die vroue

wat in my kop wemel.

Dit is maar moeilik om my te oortuig as dit by dinge soos gemeenskapshewe kom. Ek het mos al te veel gehoor en gesien van die klein militante klieks wat in die naam van "die gemeenskap" en "die bevrydingstryd" vir hulself mag probeer wen, hetsy in die townships of die dorpies. My hare staan skoon orent as ek terugdink aan gevalle soos dié van die drie hekse van Mabua verlede jaar.

'n Groep jeugdiges van Mabua (66k 'n dorpie in die Queen's Mercy-gebied), het destyds drie ou vroue verhoor op 'n aanklag van moord. Die vroue was glo hekse wat weerlig gestuur het om twee jong mans dood te maak. Die "verhoor" het in die rivier plaasgevind, met behulp van die eeu-eue metodes van stokke en takke en kop-onder-water. Twee van die beskuldiges het skuldig gepleit, en ironies genoeg was dit hul redding - want die derde vrou, wat volgehou het dat sy onskuldig was, is dood. En dit alles onder die vlag van die bevrydingstryd. So ek was maar skepties in die begin van ons gesprek oor die Khubetsoana gemeenskapshof, en het die ouens met vrou begin peper. Maar aan die einde was ek nogal beïndruk. Ons gesprek het min of meer só verloop.

Hoe werk julle hof? Is dit dieselfde as die "peoples courts" van die townships? Of is dit soos die ou "tribal courts"?

Ons hof is 'n demokratiese gemeenskapshof. Daar is gevallen, oral in ons land waar mense moeg en sat is van die totale onvermoë van die bestaande strukture (die polisie, die landdroshewe, die "tribal authorities", die staat) om hul probleme op te los. Daarom probeer hulle om hul probleme self binne die gemeenskap te takel.

Gemeenskapshewe is maar een voorbeeld hiervan. Dit werk natuurlik nie altyd ewe goed nie. In sommige gevalle neem 'n klein, selfaangestelde groepie oor en probeer om hulle in te grawe. Maar in ander gevalle werk gemeenskapshewe goed. Selfs die landdros het vanoggend erken dat die mense van sy dorpie so met oortreders afreken.

Wie dien in die hof?

Ons hof is 'n gemeenskapsinstelling en die gemeenskap kies self die mense wat in die hof sit. Hulle dien vir een jaar in die hof.

Watter soort sake word deur die hof behartig?

Gewoonlik behartig die hof slegs sake wat deur iemand uit die gemeenskap hof toe gebring word. As 'n vrou byvoorbeeld verkrug is, en sy besluit om na die polisie te gaan, dan is dit goed so. Maar as sy na die gemeenskapshof toe kom, dan hoor ons die saak aan. Ons hanteer nie die heel ernstige sake soos moord of ernstige aanranding nie. Dié word na die polisie verwys. Maar ons ken die polisie hier en ons weet dat hulle maar min vir die gewone inwoners doen.

Die polisiekantoor is myle ver en as 'n dringende beroep op hulle gedoen word, in gevallen soos verdrinkings, vermiste mense en selfs rituele moorde, dan is die verskoning dat hulle nie vervoer het nie. Daarom doen ons dikwels die nodige onderzoek en volg leidrade op. Dit het al gebeur dat ons 'n oortreder in 'n ernstige aanrandingssaak gevang en met hom af polisiekantoor toe getooyi het.

Watter prosedure volg julle in die hof?

Die mens wat die beskuldige

aangekla het, kry eers die kans om sy/haar saak te stel. Hulle kry ook die kans om getuies te roep en bewyse te lever. Dan kom die beskuldigde se kans. Hy stel sy saak en kan ook getuies roep. Daarna word die saak op 'n demokratiese wyse bespreek en beslis, en word die uitspraak en vonnis gelewer.

Wie kan voor die hof gedaag word?

Die grondslag van ons gemeenskapshof is die inlywingstradisie van die Sotho. Elke man wat vir inlywing berge toe gaan, verstaan dat hy as hy ingelyf is hom onderwerp aan die dissipline van die gemeenskap, net soos hy ook die voordele van die gemeenskap se ondersteuningsstrukture geniet. As hy ooit in die moeilikhede is, sal hy gehelp word. En as hy 'n oortreding begaan teen iemand in die gemeenskap, dan weet hy hy sal gevang en gestraf word.

Wat van 'n Xhosa-man, kan hy ook voor die hof gedaag word?

'n Xhosa-man uit ons gemeenskap is ook onderworpe aan die gemeenskapshof. Dieselfde geld 'n onbesnedene. Dit word aanvaar dat hulle ook tot die gemeenskap behoort en dus dieselfde waardes nastreef. Elkeen kry dus dieselfde respekte en moet dieselfde reëls nakom. Dit is nie 'n etniese hof nie, al is dit op ons tradisies gegronde.

Maar wat dan van die vroue? Kan 'n vrou uit jul gemeenskap ook voor die hof verskyn?

Daardie vraag sal ons moet antwoord wanneer 'n vrou die dag voor die hof gedaag word. Tot dusver het dit nog nie gebeur nie. Vroue het al klagede kom lê en as

getuies gedien, maar hulle het nog nie as beskuldigdes verskyn nie.

Die probleem is dat ons vroue in die ou dae ook inlywingseremonies gehad het, maar dinge het nou 'n bietjie verander. Misken sal ons die ouer vroue van die gemeenskap moet raadpleeg, en hulle vra om die saak te behartig. Ons sal maar moet sien.

Kyk, ons hof is nog maar 'n nuwe ding. Dit is 'n kind van dié nuwe tye. Onder Matanzima sou só 'n gemeenskapshof onmoontlik gewees het. Ons is besig om nuwe maniere te soek om probleme op te los. Dit is tog deel van die bou aan die nuwe Suid-Afrika.

Watter soort vonnise vel die hof? Gewoonlik lyfstraf, maar nie altyd nie. Ons is nie behep daarmee om mense te straf nie. Vir ons gaan dit eerder om ware geregtigheid. As ons dink die enigste uitweg is lyfstraf, dan word dit toegepas. Maar as 'n oortreder werlik berou wys, of as die saak teen hom onseker is, dan kies ons gemeenskapdiens.

Om 'n voorbeeld te gee: Onlangs het 'n vrou na ons gekom met die klag dat sy deur 'n sekere man verkrug is. Toe ons ondersoek instel, blyk dit dat die saak nie so eenvoudig was nie. Albei betrokkenes was smoordronk tydens die voorval en daar was nie genoeg bewyse nie, en boonop het die man om verskoning gevra. Lyfstraf sou dus nie veel sin hê nie en die hof het toe eerder tot gemeenskapdiens besluit. Ons het 'n stuk pad afgemeet en hy moes dié herstel.

Almal was gelukkig oor dié vonnis: die gemeenskap, die vrou en die beskuldigde self. Dít is wat ons ware geregtigheid noem.

'Daar is nie meer vandag 'n lewe vir ons nie'

DIT is Woensdagoggend elfuur. Vir Carnarvon se mense, soos vir ander Karoodorpse s'n, is dit 'n groot dag in die maand. Dis dag waarop pensioen en ongeskiktheidstoelae in die ou Volkskerkie in die onderdorp uitbetaal word. Die bejaardes kom gebaadjie en gehoed en gekierie. Die vroue dra hul beste rooi kopdoekie.

In die stofstraat voor die geboutjie wag hulle saam met die smouse, wat gereed staan om 'n groot porse van die bruin gemeenskap se lewensmiddele vir die maand op te raap, voordat dit nog warm in die sak geraak het. Want 'n groot persentasie van die dorp se tussen 50 en 70 persent werkloses leef van dié maandelikse uitbetaalings. Pensioentrekkers kry R220 en ongeskiktheidstoelae bedra sowat R150 per maand. In tant Hester Tieties, 67, se huis in die township Bonteheuwel leef sewe grootmense en vyf kinders van haar pensioen, 'n seun se "disability" en die inkornste van 'n dogter se "huiswerkie". Die gesamentlike inkomste van die huishouding is sowat R500 per maand. Hulle is beter daarvan toe as baie ander.

'n Studie deur die Universiteit van Wes-Kaapland het gevys dat baie gesinne in die Karoo se inkornste so laag as R200 per maand is. VWB het talle voorbeeldle opgespoor waar dit selfs laer is.

"Dis nie baie nie as jy dink jy loop in een mōre 'n paar skoene stukkend om werk te soek," sê tant Hester se seun, JJ, 32. Hy het ná jare in die stad na Carnarvon teruggekeer, net om te ontdek dat daar vir hom geen werk op sy tuisdorp is nie.

Teen twaalfuur die middag het die gesellige toneel oorkant die straat na die drankwinkel verskuif. Sommige van die vroue kies koers na die supermarkte, almal onder een monopolie wat die prysse aansienlik opjaag. Maar die meeste staan nog en wag. Dan draai die eerste prop los en die alkohol begin deur Carnarvon se strate vloe...

"Ek is nou diep dors," sê 'n mooi, jong vrou terwyl sy oor die straat stap. Die kinders kom uit die skool en kloot verskrik aan hul ouers wat geselsend, drinkend en al hoe meer loslyf inkopies doen vir die maand. Eenkant lewer ene Julies, Bybel in die hand, 'n lekepreek: "Die Evangelie van Christus is nie 'n kerk nie," skree hy al swenkende. "Die Evangelie van Christus is liefde!"

Van liefde en haat word baie gepraat in die Karoo. Veral wanneer oor grond gepraat word. Maar vandag vergeet almal.

"Dit was nie altyd so nie," is die ou mense van die dorp gou om te vertel.

Baie, te oud en swak om hul eie pensioene te gaan afhaal, sien dit nooit nadat kinders en kleinkinders vir die uitbetaling gestuur is nie.

Oom Soon Hendricks, 'n inwoner van De Bult, die oorspronklike nedersetting by Carnarvon, vertel dat Carnarvon 'n trotse gemeenskap was. "Daar was maar altyd 'n paar drinkers, maar die gemeenskap het hulle vasgevat. Nou is dit met die meeste mense soos 'n bees wat water toe gaan."

Wynand Louw van die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling aan die UWK sê die alkoholmisbruik in die Karoo raak alle ouderdomsgroep, maar die probleem is groter onder tieners, veral skoolverlaters. Hy sê drankmisbruik onder vroue neem ook ontstellend toe. Volgens Louw hang die drinkpatroon in die townships nou saam met die beskikbaarheid van geld en neem dit veral oor naweke toe.

In 'n onlangse artikel sê hy: "Die misbruik van alkohol onder plaaswerkers is so hoog indien nie hoér nie as in die Karoo-townships. Hulle leef uiterst geïsoleerde lewens in afgeleë gebiede, verdien minder as dorpsmense, tot so min as R20 per maand, en sommige word steeds gedeeltelik deur middel van die 'dopstelsel' betaal."

Maar regdeur die Karoo sê mense die misbruik van alkohol hou regstreeks verband met die toenemende armoede.

Louise Boesak, gemeenskapswerker op Carnarvon, sê sy wens mense wil ophou om net aan alkoholmisbruik aandag te gee.

"Die oorsaak daarvan is die armoede en ons algehele onvermoë om iets aan die probleem te doen. Sonder beter maatskaplike omstandighede kan die alkohol-probleem nie opgelos word nie."

Oom Soon Hendricks sê oor sy mense: "Die liefde, die gemeenskap, respek in die Karoo is weg. Die kinders luister nie meer nie. En hoe kan hulle nou vir ander respek kry as niemand dit het nie en hulle het dit ook nie vir hulself nie. Daar is nie meer vandag 'n lewe vir ons nie."


VW



Die troosteloosheid van Bonteheuwel



Die plakkerskamp De Rust nabij Carnarvon



Arnle Leuwink, die Sendingpredikant van die Sendingkerk, sy vrou, Christelle, en Glen Pikit, 'n gemeenskapswerker. Arnle is 'n uitgesproke kampsvegter vir die gemeenskap se behoeftes

Gaan die Indiërs ook mantel draai?

Nadat 'n groot groep bruin LP's hulle in die laaste dae by die Nasionale Party aangesluit het, ontstaan die vraag of die Indiërs ook dalk binnekort dieselfde paadjie gaan volg.

PEARLIE JOUBERT en CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag

IN die gange van die parlement doen gerugte die ronde dat heelparty lede van die Raad van Afgevaardigdes hul bruin eweknieë van die Huis van Verteenwoerdigers in die vloedgolf van oorlope na die NP kan volg.

Maandag is dié gerugte versterk toe Mohamed Cassim, 'n lid van die meerderheidsparty in die Raad, Solidariteit, aangekondig het dat hy tien LP's verteenwoordig wat alle moontlikhede ondersoek om "deel van die hoofstroom-politiek" te word.

Dr JN Reddy, leier van Solidariteit en voorsitter van die Ministersraad, het egter dié week alle aantyings ontken dat sy party of van sy LP's hulle by die NP gaan aansluit.

Hoewel Cassim gesê het "daar is sekere waardes waar die NP baie na aan beweeg het", het hy bygevoeg: "Dit is nog te vroeg. Ons moet darem nog ons kiesers in die oë kan kyk, want ons het aan hulle beloof om te veg vir die aftakeling van die Ministersraad en die gesamentlike departemente van gesondheid, onderwys en behuising."

Nog 'n gerug wat die ronde doen, is dat 'n groep onafhanklike - wat met die amptelike opposisie van Amichand Rajbansi se Nasionale Volksparty geaffilieer is - same-sprekings met die NP voer. AGV Naidoo se naam word in dié verband genoem en Naidoo het by navraag gesê die "tyd om kommentaar te lewer is nog nie reg nie. As jy kommentaar wil hê, moet jy liefs die NP vra."

Indiër-politici wat in die ANC en UDF betrokke is, stem glad nie saam dat 'n stroom steun na die NP binnekort verwag kan word nie.

"Die regering doen tans alles in sy vermoë om aan minderheidsgroepes, soos die Kleurlinge en Indiërs, te wys dat die ANC 'n gewelddagige politieke party is, 'n vae en onduidelijke ekonomiese beleid het en dat hul toekoms en veiligheid by die NP lê. Maar De Klerk dink verniet ons het so 'n kort geheue," sê Yusuf Saloojee van die ANC se departement van Internasionale Aangeleenthede.

"Die Indiërgemeenskap het nog nooit 'n emosionele en politieke tuiste binne die NP gehad nie. Die Indiërgemeenskap het jare lank

baie swaar gekry onder die huidige regering se onderdrukking. Jare lank is die Indiërs nie as volwaardige burgers van die land beskou nie en was daar sprake dat ons gerepatrieer gaan word."

Valli Moosa, sekretaris van die politieke komitee van die ANC, sê: "Onder die Groepsgebiedewet is derduisende Indiërs gedwonge verskuif en gemeenskappe is uitgewis en vernietig. Sal Indiërs skielik 'n party ondersteun wat dit gedoen het?"

Saloojee reageer só op gerugte dat Indiërs en masse vir die NP sal stem: "Jy maak 'n fout as jy dink dat die Indiërs en Kleurlinge so 'n kort geheue het. Die regering is besig om die ANC te diskrediteer en met 'n fyn strategie die Indiërs en Kleurling-gemeenskap te probeer oorwen. Ons onthou egter die Groepsgebiedewet, die rassisme, die moordbendes, marteling en kriminele apartheid," sê hy.

Die sweep van die opposisie Nasionale Volksparty, Desmond Padiachey, het gerugte van grootskaalse oorlopery na die NP afgemaak, maar gesê: "Ek sê nie daar sal nie een of ander tyd 'n eksodus vanuit die Raad van Afgevaardigdes na die NP wees nie, maar beslis nie nou al nie." 'n DP-LP van die Raad van Afgevaardigdes, Mahmoud Rajab, wat ook 'n stigterslid van die DP was, sê oor dié vermoedelike oorlopery: "Geen selfrespekterende Indiërs sal hom mos nou by die NP aansluit nie. Maar sou die NP met verloop van tyd die breë sentriste-beweging word wat hy hoop, en daar geen nut meer is om die naam NP te behou nie, weet 'n mens nooit wat kan gebeur nie."

"In dié stadium is die NP nog die simbool van die onderdrukking van gemeenskappe wat geen stemreg het nie. Ek kan nie sien dat ek ooit sal oorloop nie," sê Rajab.

Of dit egter die gewone Indiërs se standpunt is, is twyfelagtig - soos duidelik wys in 'n sakeman van Lenasia se opmerking: "Ja, my gemeenskap is net so rassisties soos die boere van Ventersdorp. Hulle praat ook van 'kaffers' en 'hotnots'. Hulle sal seker vir die NP stem as ons moet gaan kruisies trek. Apartheid het aan



J N Reddy



Amichand Rajbansi

die Indiërs gedoen presies wat dit aan die witmense gedoen het - dit het ook van ons rassistie gemaak."

- Die sakeman wil anoniem bly. In 'n meningspeiling wat einde verlede jaar deur die Institute for Black Research gedoen is, het 10,4 persent Indiërs hul steun uitgespreek teenoor die driekamer-parlement. Dié syfer was die hoogste van al die verskillende bevolkingsgroepe, insluitende die witmense (7,3 persent). Meer bruinmense (84 persent) as Indiërs (72 persent) het in dié meningspeiling ook aangedring op gelyke stemreg - wat die indruk wek dat die Indiërs konserwatiewer as die bruinmense is.

Indiërs (4,5 persent) en witmense (2,5 persent) het ook die laagste steun aan politieke geweld gegee. Die onsekerheid oor wáár die Indiërgemeenskap se politieke sentemente lê, is lankal 'n twistpunt binne die ANC. Archie Gumede, voormalige voorsitter van die UDF en nou 'n ANC-leier in Natal, het verlede jaar in 'n omstrede uitspraak gesê die Indiërgemeenskap openbaar rassistiese neigings en buit die swartmense uit.

Die geheime "kabaal" binne die ANC - wat met die oopvlekkings van Operasie Vula op 'n spits gedryf is - het ook aan die lig gebring dat dié kabaal veral uit Indiërs bestaan. Dit het bitterheid tussen swartmense en Indiërs binne die ANC laat ontstaan.

Moosa meen egter Gumede se uitlating het geen blywende indruk gelaat nie en dat die Indiërgemeenskap nie ontus binne die ANC voel nie. "Ek ken vir Gumede en het lank saam met hom gewerk. Hy het nie 'n rassistiese opmerking gemaak nie. Die steun wat die ANC wel onder die Indiërgemeenskap het, behoort ook 'n duidelike aanduiding te wees dat die meerderheid Indiërs hulself nooit agter die NP sal skaar nie," sê hy.

Wat in die Raad van Afgevaardigdes gebeur, is heeltemal irrelevant - die stempersentasie tydens die laaste twee algemene verkiesings vir dié liggaaam (tussen 15 en 18 persent) behoort 'n duidelike aanduiding te wees van presies hóé irrelevant die Raad van Afgevaardigdes vir die meerderheid Indiërs is."

Saloojee is minder oortuig, maar

glo nie dat die NP - "selfs met 'n sterk poging om Indiërs by die NP te laat aansluit" - suksesvol die meerderheidsteun van die Indiërgemeenskap sal trek nie.

"Ek skat dat 'n klein groepie Indiër-sakemense na die NP sal oorloop in 'n toekomstige verkiesing. Die NP misgis hom egter as hulle dink die meerderheid Indiërs sal vir hulle stem in die volgende verkiesing."

Indiër-politici ontken ook dat Walter Sisulu, die binnelandse leier van die ANC, se onlangse skerp aanval op die "apatisie" van die Indiërgemeenskap ten opsigte van Gandhi se dood 'n bedekte aanduiding was dat die ANC besig is om Indiër-steun te verloor.

"Die natuurlik politieke tuiste vir die Indiërgemeenskap was beslis nog altyd binne die ANC. Dit is tog onsinig om enige gevolgtrekking te maak na aanleiding van 100 mense wat by 'n roudiens vir Rajiv Gandhi opdaag.

"Ek, en ek is seker ander Indiërs ook, beskou myself as 'n Suid-Afrikaner en ek beskou die gebeure in Indië net soos ek die gebeure in Etiopië of Roemenië beskou," sê Moosa.

'As dit sewe-uur is, is dit sewe-uur'

Vandag, 30 Mei, word die koukus van die Nasionale Party vir die eerste keer in sy byna 80-jarige bestaan veelrassig met die toetreding van meer



as 30 bruin LP's van die Huis van Verteenwoordigers wat hulle pas by dié party aangesluit het. Een van die eerstes om oor te stap was Jac Rabie, tot verlede week leier van die Verenigde Demokratiese Party, wat vyf setels beklee het en die amptelike opposisie in die Huis was. CHRISTELLE TERREBLANCHE het met hom oor sy loopbaan en politieke oortuigings gaan gesels

JAC RABIE, 'n man wat al baie politieke tuistes gehad het, hou vol dat hy nog altyd die bereidwilligheid tot onderhandeling vooropgestel en hom daardeur laat lei het. Hy sê met vandag se toetreding tot die NP-koukus moet dit duidelik wees dat die proses van verandering in Suid-Afrika onomkeerbaar is en dat NP-steun onder die bruinmense nog daagliks toeneem.

"Hulle sien 'n masjien wat op pad is na 'n nuwe Suid-Afrika, 'n masjien wat nie sy voete sleep nie. Ander mense is by die geweld betrokke en sleep hulle voete. Nie dat die staat en sy veiligheidsmagte nie ook 'n rol in die geweld gehad het nie. Maar hulle skiet darem nou minder die mense. En dis wat die mense in hul harte voel ná die lang stryd. Hulle sien vrede en geregtigheid in die NP."

Op die afgelope naweek se Konferensie oor Geweld en Intimidasië het hy reeds talle verteenwoordigers na hul asems laat snak met sy aandrang op 'n soort "militêre" optrede om die "brutalising" van die jeug teen te werk. Sy besorgdheid oor die jeug strek terug na sy byna tien jaar in die onderwys op Potchefstroom voor dat hy tot die politiek toegetree het.

Sy ma was betrokke by plaaslike politiek nadat hulle onder dwang van Highlands na Eersterus in Pretoria verskuif is en vroeër by sy oupa se plaas op Middelburg in Transval uitgesit is. "Ons het letterlik as armlastiges in Pretoria aangekom," sê hy. "Ek wou prokureur word, maar daar was nie geld nie, toe word ek maar onderwyser."

Hy het self in die politiek beland deur konfrontasie met wit inspekteurs wat Potchefstroom aangedoen het. Een het hom eendag gevra of hy daarvan hou om vir so 'n klomp "kaffers" onderwys te gee. 'n Ander het vir sy klas gesê: hulle is op "n dwaalspoor en sal nooit matriek

maak nie", omdat "die onderwyser nie die korrekte leerplan volg nie".

Nadat hy bedank het, het die Federale Volksparty Rabie gevra om hulle organiserder in Transval te word. "Toe ek my oë weer uitvee, was ek kandidaat vir Reigerpark. So is ek toe in 1969 verkieks tot die Verteenwoordigende Kleurlingraad," sê hy.

In dié tyd was hy ook 'n lid van John Vorster se Kabinettsraad, wat deur die Arbeidersparty geboikot is. Hy is ook in 1973 aangestel in die Erika Theron-kommissie "wat die sogenaamde Kleurling-bevolkingsgroep ondersoek het". In die middel-sewintigerjare het hy ideologiese probleme met die Volksparty begin op omdat hulle "te veel verskoning vir apartheid gemaak het". Rabie het die party verlaat en meer as drie jaar lank as onafhanklike in die VKR gesit. Die Arbeiders het voortdurend geprobeer om hom te werf deur te sê hy "praat hulle taal".

Toe die regering in 1977 sy voorstelle oor drie parlemente voorle, en die Arbeiders na regs begin steun verloor deur hul aandrang op boikotpolitiek binne en buite die VKR, het Rabie aan hulle voorgestel dat 'n komitee saangestel word om grondwetlike alternatiewe te ondersoek en dit as basis vir onderhandelings te aanvaar.

Rabie is in die Les du Preez-komitee aangestel wat uiteindelik grondwetlike voorstelle, gegrondig op 'n eenheidstaat, gedoen het. Rabie sê die Arbeiders se instemming om te onderhandel het hom genoeg om hom by hulle aan te sluit. "Die komitee se voorstelle het egter nooit by die onderhandelingstafel uitgekom nie," sê hy. Hy vertel dat sy eerste "gesprek" met PW Botha in November 1980 op 'n rusie en 'n totale uitval uitgeloop het. Dié onmin het tot die sluiting van die VKR in Maart 1981 geleid.

"Daarna was ons in limbo," sê hy.

"Ons het op plaaslike bestuurskomitee-vlak gewerk en ek het die Vereniging van Bestuurskomitees in Transval gestig en later met die Indiërs saamgesmel om een te wees." Rabie het president van dié vereniging geword.

Dit was weer sy sterk standpunt ten gunste van onderhandeling wat die deurslag gegee het vir sy deelname aan die driekamer-parlement.

"Nou ja, toe is eerw Hendrickse hulle nou op die kabinet en toe begin die konfrontasie weer," sê Rabie. Volgens hom is die opheffing van die Groepsgebiedewet nooit op die agenda geplaas nie, maar het Hendrickse tog "demonstratief gaan swem".

"Dis nou vir ons groep 'n vreeslike verleenheid," vertel Rabie. "Ek het begin verskil en is geblaarme dat ek posisie wou gehad het. Maar dit is nie my bedoeling in die politiek nie. En so is ek in April 1986 uit die Arbeiders uit."

Daarna was Rabie weer onafhanklik, maar met die stigting van die Verenigde Demokratiese Party het hy op aandring van sy kiesafdeling aangesluit. Hy het leier geword van dié party tot die begin van dié maand nog die amptelike opposisie in die Huis van Verteenwoordigers.

"Verlede jaar het ons besluit ons moet in alliansie gaan met buiteparlementêre groepe of die NP. Ons het begin om met die NP te praat, en soos ons gepraat het, het dit al duideliker geword dat die NP polities al nader geskuif het aan waarin ons glo."

Rabie spel dié politieke oortuigings uit as die bereidwilligheid om apartheid wetlik te skrap en 'n nuwe grondwet op te stel; die basiese riglyne soos 'n nie-rassige twee-kamerparlement; 'n onafhanklike regbank; onderhandelinge oor vrede en die beskikbaarstelling van geld vir die agtergeblewenes. "Daarom het ons uitvoerende bestuur gevwo hulle verkieks die NP bo die ANC en Inkatha. Toe

ons uit die vergadering kom, hoor ek daar is reeds meer as 'n duisend van ons lede wat hulle by die NP aangesluit het. Nou kan jy vir jouself dink wat aangaan."

Rabie sê dit is interessant dat die bruinmense nie noodwendig meer in opposisie met die regering van Suid-Afrika is nie. Hy beklemtoon dat dit nie hy is wat ideologies bollemakiesie geslaan het nie.

"Wat help dit dan nog om rusie te maak, laat ons liever aan die dinge begin bou wat gebou moet word." Hy beskou die nuwe beweging as 'n samevloei na die middel, "weg van die radikalisme". Hy meen die nuwe toetreding van bruin LP's tot die NP-koukusse en studiegroepe kan 'n belangrike rol speel om die NP se idees te vorm. "As daar nou nog 'n politieke of ideologiese striukelblok is, is dit die plek waar ons dit gaan aanspreek." Ons word ook deel van die dagbesture in die land en deel van die Kongres, waar beleidsbesluite geneem word. Dan is jy daar waar die goed gebeur."

Rabie wil nie veel laat deurskemer oor beoogde optrede binne die NP-koukus nie, maar hy sê hy het al vir Barend du Plessis gesê dis tyd dat die pensioene gelyk gestel word.

"Toe lag hy en die Staatspresident. Nou dit is die soort ding wat ons sal aanspreek."

Rabie glo dat daar op dié manier baie meer vir die bruin gemeenskap gedoen kan word. "Anders as vorige regerings, is hulle bereid om te luister na wat gesê word."

Hy is daarvan oortuig dat hy hom en sy mense nie nou teenoor die ANC gestel het nie. "Ons gaan mos nou onderhandel, en in onderhandeling is dit 'n kwessie van gee en neem."

"Maar as 'n man nou vir my sê hy gaan nasionaliseer, gaan ek om die onderhandelingstafel in opposisie met hom wees," sê Rabie. "As hy vir my sê ons moet die geweld besweer, dan is ek saam met hom - maar dan moet ons dit doen."

Rabie voorsien nie groot tweespalt in die sogenaamde bruin gemeenskappe wanneer hulle uiteindelik in 'n verkiesing voor 'n keuse tussen die NP en die ANC gestel word nie. Hy sê die bruinmense het reeds gekies. "Eers het die NP apartheid gesimboliseer, maar nou versinnebeeld hulle reg en geregtigheid," sê hy.

Oor sy omstrede uitlatings die naweek sê hy: "Of mense nou daarvan hou of nie, dit is nou tyd dat die jeug gedebraliseer word. Ek wil aan die hand doen dat jeugkampe ter aanvulling van gewone skoling nou ingestel moet word sodat die kinders sielkundig behandel en vaardighede aangeleer word. Hulle moet op 'n amper militaristiese dissipline geleer word om in te pas. Hulle moet leer as dit sewe-uur is, dan is dit sewe-uur. "Ek weet nie wat die ANC voorstaan nie. Al wat ek weet, is dat hulle met geweld sit en met ultimatums. Die kinders wil nie skool toe gaan nie. Hulle ontslaan hulle onderwysers. Hulle het kangaroo courts gestig en mense met sambokke leer slaan, hulle is aangesê om mense te necklace. Hulle toy-toyi om lyke, moet die land onregbaar maak."

Volgens hom moet die belhamels wat vir die geweld verantwoordelik is "in hegtenis geneem en voor die hof gesleep word".

Hy sê hy sal hom beywer vir 'n vorm van restitusie wat die grondkwessie betref. "My oupa is self van sy grond afgegooi. Die enigste geluk in my politieke loopbaan is dat ek 'n dorp, Nasaret, op die stuk grond gevind het."

"In 1986 het ek in Midrand 'n nuwe uitbreiding, Rabie Ridge, gevind omdat die mense hul grond in Alexandra verloor het. "Basies glo ek dat mense wat benadeel is, geregtig moet word. En as dit daarop aankom, sal ek binne die NP daarvoor veg. Almal binne die NP kan mos nie altyd dieselfde gedagtes deel nie."

Jerusalem se verlore kinders

Met 'n massiewe lugbrug, *Operasie Salomo*, het Israel verlede naweek binne 24 uur 14 000 vasgekeerde Etiopiese Jode uit die deur rebelle omsingelde Addis Abeba gaan haal. Wie is dié swart Jode, wat Falasjas genoem word? **MIRIAM COHEN** *kyk na hul lotgevalle*

OPERASIE SALOMO, die blits-lugbrug waarmee Israel verlede naweek meer as 14 000 swart Jode uit Etiopië gaan haal

het, het die lang en stormagtige geskiedenis van die Jode in die land as 't ware afgesluit.

Die Etiopiese Jode, wat Falasjas genoem word, het 'n al hoe meer afgesonderde bestaan in dié land gevoer nadat 8 000 van hul mense in 'n vorige reddingsoperasie in 1985 en 1986 na Israel gebring is. Ná Operasie Salomo is daar nou sowat 34 000 Falasjas in Israel. Maar wie is dié swart Jode, wat deur sommige as die afstammlinge van koning Salomo en die koningin van Skeba beskou word? Die meeste vlugtelinge is ongeletterde kleinboere, wat tot verlede jaar in modderhutte in die noordelike provinsie Gondar gewoon het.

Presies hoe die Falasjas ontstaan het, is onbekend. Sommige Etiopiese geleerdes meen dat hulle Joods is nie, maar 'n Christelike sekte wat sekere Joodse gebruikte aangeneem het. Tog verskil van die Falasjas se gebruikte van die Jode s'n - sommige praktiseer byvoorbeeld veelwywery, wat in Israel onwettig is. Baie Falasjas dra die Ster van Dawid, maar hul Heilige Skrif is nie in Hebreeus nie.

Volgens die geestelike leier van die Falasjas, hoofrabbi Melke Azaria, beteken die naam Falasja "Mense wat uit hul geboorteland na 'n vreemde land gevlug het". "Ons werklike tuiste is Jerusalem en ons tweede tuiste is Etiopië," sê die rabbi.

Met die verskerping van die 30 jaar oue burgeroorlog in Etiopië verlede jaar het derduisende Falasjas met 'n paar karige besittings uit Gondar na die hoofstad, Ababis Abeba gevlug. Sedentien het sowat 1 000 per maand na Israel verhuis in 'n gesinshereningprogram wat deur Israel gereël is.

Die Falasjas was egter nie altyd welkom in Israel nie. Hulle is eers in 1975 deur die Hoofrabbinat in Jerusalem as Jode erken. Dit het hulle outomatis geregurgt gemaak op Israeliese burgerskap. In 1977 het klein groepies Etiopiese Jode deur Sudan na Israel

begin vlug nadat die destydse premier van Israel, Menachem Begin, en die Etiopiese leier kol Mengistu - wat verlede week as president uit die land moes vlug voor die rebelle - 'n geheime ooreenkoms aangegaan het. Volgens dié ooreenkoms sou die Marxistiese Etiopië die emigrasie van Falasjas toelaat mits Israel sou voortgaan om wapens aan die land te verskaf.

Die ooreenkoms het egter in Februarie 1978 op die rotse beland toe

Israel se destydse minister van buitelandse sake, Moshe Dayan,

dit per ongeluk in die openbaar

laat uitglipt het dat Israel wapens

aan Etiopië verskaf. Albei lande is

diep in die verleenheid gedompel.

In die vroeë jare tagtig is die Falasjas openlik deur die Etiopiese owerheid verdruk. Droogte, hongersnood en die voortslepende oorlog het hulle 'n sukkelbestaan laat voer. Israel het besluit om sy geheime diens, die Mossad, in beheer te plaas van die ontruiming van die Falasjas uit Etiopië. Omkoopgeld is gebruik om die samewerkking van die owerheid te verkry in Sudan, die enigste gangbare vlugtelingsgroete uit Etiopië. Mossad-agente het reisdokumente vervals of in die swartmark gekoop, voertuie gehuur en skulplekke ingerig waar die vlugtelinge kon vertoeft. Al hoe meer Falasjas het Etiopië begin verlaat.

Falasja-agente is aan die Sudaneese kus afgelaai deur Israeliese missielbote. Hulle het dan die vlugtelinge in kampe in die ooste van Sudan en Etiopië gaan haal. Verskeie kere het ongemerkte Hercules-vragvliegtuie in die woestyn in Sudan geland om Falasjas op te pik.

Maar dié ontruimingsveldtog het te stadiig verloop. Met die hongersnood vroeg in 1984 het die bestendige stroompie vlugtelinge 'n vloedgolf geword. Israel het sy eerste massiewe lugbrug, Operasie Moses, begin.

Van November 1984 tot Januarie 1985 is 8 000 Falasjas met 35 vlugte na Israel gebring. Die vliegtuie het in Sudan opgestyg en via Brussels na Tel Aviv gevlieg. Maar toe Dayan die geheim uitlap, moes die hele operasie geslaap word.

Tot met die lugbrug na die deur



'n Etiopiese Jood, sy twee dogters en 'n kleinseun in Mabulim, in die suide van Israel. Dié familie het verlede naweek in Israel aangekom. (Foto: AP)

rebelle omsingelde Addis Abeba verlede naweek het groepes Falasjas egter voortgegaan om na Israel te emigreer. Talle se familiële was reeds in Israel en hulle het geld van hulle ontvang.

Die meeste van die Falasjas wat in Addis Abeba vasgekeer was, was werkloos - buiten sowat 100 wat

metaalgereedskap, ornamente en bamboesmandjies gemaak het in werkinkels wat deur die Amerikaanse Joodse liefdadigheidsorganisasie die Joint Distribution Committee (JDC) bedryf is.

Die vlugtelinge in Addis Abeba is deur die Israeliese ambassade aan die lewe gehou. 'n Gesin van vyf

het 'n toelae van sowat 150 dollar per maand gekry en al die vlugtelinge het identiteitskaarte gekry wat hulle kon gebruik om gratis mediese behandeling en kos by die JDC se kliniek te kry.

Nou is hulle met hul medegegewiges in Israel herenig.



Mengistu Haile Mariam (Foto: AFP)

Die armste onder die armes

ADDIS ABEBA - Reeds een van die wêreld se armste lande tydens die bewind van Haile Selassie, het Etiopië se ekonomie die afgelope 17 jaar onder die bewind van pres Mengistu Haile Mariam nog verder versleg.

Met buitelandse skuld van oor die vier miljard dollar en 'n per capita inkomste van minder as 120 dollar per jaar, staan Etiopië geruime tyd reeds op die rand van algehele ineenstorting. Toe die nuwe leier van Etiopië die land op 20 Desember 1974 tot 'n sosialistiese staat verklaar het, het hy die weg vir verdere verval berei.

Hy het die grond op 4 Maart 1975 genasionaliseer en staatsbeheerde plase is later geskep wat die kleinboere in 'n onbekende wêreld gedompel het.

Met die toename in gevegte tussen regeringsmagte en die Eritreërs, het landbouproduksie agteruitgegaan en die staatsagentskappe, belas met die taak om stapelvoedsel te bemerk en versprei, het korrum en ondoeltreffend geword. Ontelende grondbesitters is gedwing om na die stede te vlug, wat verdere armoede in die hand gewerk het. Die behuisingstekort het 'n reusagtige swartmark tot gevolg ge-

had en huishuur het die hoogte ingeskiet.

Die gemiddelde maandelikse salaris van 'n kantoorlerk met 'n universiteitsgraad is 500 birrs - minder as 250 dollar.

Die inflasiekous, wat verlede jaar amptelik op 3,5 persent gestaan het - finansiële kenners verwerp dit as te laag, 'n uitgerekte salarisbevriesing en 'n verdedigingsbegroting wat 50 persent van die nasionale begroting insluk, het alles bygedra om die land se ekonomiese heeltemal te vernietig. Die Etiopiese regering het in Mei verlede jaar, 15 jaar na die revolusie, besluit om sekere staatsvoordele te skrap en private beleggings aan te moedig.

Die Golfoorlog, met Etiopië aan die kant van die geallieerdes, het 'n tekort aan brandstof en rantsoenering veroorsaak.

'n Lang droogte en die vernietiging van plase en industrieë deur rebelle het uiteindelik die val van 'n leier veroorsaak wat geprobeer het om sy land op die model van die Sowjet-geldskieters te bou.

Dit help die Etiopiërs ook nie veel om te weet dat hulle land eens 'n groot beskawing was nie - 3 000 jaar gelede. - SABA SEYOUN (AFP)



'n Etiopiese pa en sy seun in die lughawegebou in Tel Aviv. Die nommer op die seun se voorkop dien as identifikasie. (Foto: AP)

Israel jubel van trots en vreugde

TEL AVIV - Die ganse Israel jubel nou nadat 14 000 Etiopiese Jode verlede naweek met die massiewe lugbrug Operasie Salomo na Israel gebring is. Die Falasjas, wat maar eers in die jare sewentig as Jode erken is, is vandeeweek met ope arms in hul nuwe tuiste ontvang.

"Om Jode te red is die rede vir Israel se bestaan," sê 'n stralende woordvoerder van die Israeliese weermag, Ra'anan Gissin.

"Ek kon skaars my kamera fokusser, so nat was my tranen van die blydskap toe ek die vlugtelinge sien aanland," het een fotograaf sondag op Tel Aviv se lughawe gesê.

Die mense wat die reddingsoperasie uitgevoer het - "die grootste lugbrug in die geskiedenis", noem die hoof van die Isrealiese lugmag, Avihu Bin-Nun dit - word in Israel as helde op die hande gedra. In 'n land wat verskeur word deur omstredenheid oor sy beleid jeans die Palestyn en die vredesonderhandeling, het Operasie Salomo die Israeli's met 'n nuwe trots verenig.

Ondanks pogings om die lugbrug geheim te hou, is duisende na die

lughawe om te wag op die vlugtelinge - wat in hul lang wit gewade nogal gelyk het soos Bybelse voorvaders wat in die Beloofde Land aankom. Vrywilligers het ook gestroom na die 50 ontvankingsplekke waar die vlugtelinge voorlopig versorg word.

Die Falasjas self, wat maar eers verlede Vrydagoggend in Addis Abeba gehoor het van die ses weke oue plan om hulle te red, was oorstelp van die vreugde toe hulle herenig is met ou familielede en kennisse wat reeds in Israel is.

"Ek voel soos 'n koning met die wêreld in my hande," sê een vlugteling.

"Dag en nag het ek vir my sewe kinders se lewens gevrees," sê 'n ander. "Ek het nie geglo iemand kan ons red nie - maar God waak oor ons."

Talle vlugtelinge het egter ook verskrik en onseker gelyk in die moderne Israel, 'n vreemde wêreld vir dié meestal ongeletterde, eenvoudige mense. Jong vroue het hul baba's op die rug geabba en kaalvoet kinders het skaam geglimlag vir die Israeliërs soldate wat lekkers en beskuitjies aan

hulle uitgedeel het.

In die tydelike kampe het die mense dig teen mekaar gehurk gesit, te verbouereerd om te praat. Alles het so skielik gebeur. Hulle is oor die weg gehelp deur oud-Etiopiërs wat nou in die Israeliëse leër is en hul taal, Amharies, kan praat.

"My pa en vier broers is nou hier," sê weerman Ha'lim Isaschar, 'n oud-Etiopiër. "Hulle kon hul oë nie glo nie toe hulle my ná sewe jaar in dié uniform sien."

Maar alles is nie rosegeur en manesky nie. "Die lugbrug was verstommend, maar dit was die maklike deel," sê die immigrasiebeampte Simha Dinitz. "Nou moet ons die moeiliker taak aanpak om die Etiopiërs in ons gemeenskap op te neem."

Vir die Falasjas, wat aan 'n Derde Wêreld bestaan gewoond was, gaan dit waarskynlik nie te maklik wees om hulle in Israel aan te pas nie. Nog sowat 1 500 is in Etiopië, maar die rebelle wat pres Mengistu Haile Mariam verdrif het, sê hulle sal dié mense toelaat om ook na Israel te gaan. - ANDY GOLDBERG

COMMUNITY BASED DEVELOPMENT PROGRAMME requires a DIRECTOR

The Community Based Development Programme (CBDP), a joint venture between the Kagiso Trust and the University of the Witwatersrand Graduate School of Business Administration, runs a Training Programme aimed at improving the effectiveness and efficiency of democratic, community based organisations and structures including Trade Unions, Civic Associations, Advice Centres, Youth and Service Organisations.

The Director we seek should be a person of flexibility and vision, capable of responding strategically to educational training needs of Development in the South African socio-political context. He/she should have a democratic and consultative orientation with a creative leadership capacity for co-ordinating the CBDP team, interacting with the Policy Committee and interpreting management from the viewpoint of community and local structures.

The Director will be a member of, and report to, a Policy Committee consisting of members of the University of the Witwatersrand, Kagiso Trust, representatives of the larger community and participating students.

The Candidate needs to have had successful experience in managing an organisation, including Planning, Fundraising, Budgeting, Financial Control and Human Resource Co-ordination. In addition, he/she is required to have had experience in Curriculum Development, Training and Organisational Development interventions.

Salary and benefits are negotiable within the University framework

If interested, please send a Curriculum Vitae with the names of four referees and information on how to contact them, to reach this office by Friday, 21 June 1991 to:

The Director P O Box 32679 Braamfontein 2017

Om in KEURVAKATURES te adverteer, skakel
Joyce Dube of Louwrens Potgieter by (011) 836-2151



UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Dept
Afrikaans
& Nederlands:
Lektoraat/Assistent-Lektoraat**

Aansoeke word ingewag om bogenoemde betrekking wat vakant is vanaf 1 Julie 1991.

Aansoekers moet minstens oor 'n MA-graad beskik of ver gevorderd wees met navorsing daarvoor en moet by voorkeur die volgende vakkrigtings aanbied:

Fonetiek en Fonologie; Semantiek; Sosiolinguistiek.


Die salarisstaal is R24 276 – R35 136 (Assistent-lektoraat); R31 260 – R52 812 (Lektoraat) per jaar met aanvanklike personeelvoordele.

Aansoekers moet 'n volledige curriculum vitae en die name en adresse van drie referente uiterlik op 12 Junie 1991 voorlê aan: Die Aanstellingsbeampte, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700; telefoon: (021) 650-2192; faks: (021) 650-2138 van wie verdere inligting bekom kan word.

Aansoeke wordoor weeg ongeag geslag, ras of geloof.

C71315/1450R

Vrye Weekblad



JA, ek wil graag op **Vrye Weekblad** inteken, ek sluit hiermee my tjek/poswissel in vir:

R75 (12 maande) R40 (6 maande)

Naam.....

Adres.....

.....Kode.....

Pos asb aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown, 2113

IDASA

PUBLIC INFORMATION DURING TRANSITION WHAT IS GOING ON?

Talks about talks, negotiations, violence
Who is not informing you? The media or the politicians?

DATE
SATURDAY 8 JUNE 1991
TIME
9.30 a.m.
REGISTRATION FROM 9.00 a.m.
VENUE
PROTEA GARDENS HOTEL
35 O'Reilly Rd, Berea
COST
R15,00 per person
(includes lunch and refreshments)
SPEAKERS
Raymond Louw
Suzanne Vos (Inkatha Freedom Party)
Dave Steward (Bureau of Information - NP)
ANC Speaker
PAC Speaker
AZAPO Speaker
Thami Mazwai (Sowetan)
Max du Preez (Vrye Weekblad)
Shaun Johnson (The Star)
Johnny Mattison (Foreign Correspondent)
and SABC-TV

For more information on what is expected to be a most exciting programme please contact
Andrew Mapheto, Anne Vincent, or Dowlene Breedt at IDASA
Tel (011) 484-3694/7

VACANCY

South

E D I T O R

South, the Cape's only independent weekly, is looking for a suitably qualified candidate to take overall responsibility for the newspaper.

The position will be based in Cape Town. Remuneration packages and the starting date is negotiable.

Please apply in writing to: The Editor
 • South • PO Box 13094 • Sir Lowry Road • 7900 or fax a copy of your CV to South at 461-5407

TALKINGText

The KwaZulu Deputy Minister who killed to further his career

When KwaZulu Deputy Interior Minister Samuel Bhekisizwe Jamile was arrested on charges of murder and attempted murder on UDF sympathisers, his first action was not to telephone a lawyer. He phoned a security branch colonel. This week he and a co-accused were found guilty in a trial which focussed on longstanding claims of Natal hit squads run by Inkatha supporters and KwaZulu police. CHRISTINA SCOTT reports



Samuel Bhekisizwe Jamile (Photo: City Press)

FOUR years ago, Thoko Shabalala had her throat slit and was dumped near the body of her fiance, Joseph Khumalo, in a patch of bush known as Mamba Valley outside Pinetown.

"No, leave her alone now. She's dead," a voice said as she passed out.

Shabalala somehow lived - and testified. Her offence: she knew of her Inkatha landlord's anti-United Democratic Front hit list. Her lover's offence: he had warned one of the targets, businessman Richard Phiri. Her evidence boosted longstanding claims of Natal hit squads run by Inkatha supporters and KwaZulu Police.

On a more positive note, the resulting convictions of two men on murder and attempted murder charges on Tuesday in the Pietermaritzburg Supreme Court has pumped new energy into a judicial system handicapped by what seemed like deliberately inadequate police work.

On Tuesday, Shabalala's landlord, Samuel Bhekisizwe Jamile, was found guilty by the Supreme Court in Pietermaritzburg of attempted murder and murder.

His co-accused, self-described teenage hit squad member Msizi Hlope, was convicted of two additional murders.

The court found Jamile had led a group of killers who took Shabalala and her fiance to Mamba Valley, where Khumalo was stabbed to death and Shabalala attacked and left for dead. The attack took place shortly after midnight on April 5, 1987.

Jamile, 60, wears many hats. By profession, he is a herbalist. He's also KwaZulu Deputy Cabinet Minister of the Interior. And KwaZulu Legislative Assembly member for KwaDabeka. And sits on the Inkatha Central Committee. He is the highest-ranking Ulundi official to be implicated in the low-level civil war which carries on in Natal.

He and Hlope may console themselves with four convictions. Nearly a year ago, they had pleaded not guilty to 15 charges of murder, attempted murder and incitement to murder.

The 15 targets were entrepreneurs and professional people, United Democratic Front supporters who had formed the Clermont Advisory Board to fight a KwaZulu takeover bid of the tiny, freehold township outside Pinetown.

In his summation, Attorney General Mike Imber said that Jamile "viewed these people as a hindrance to his political career. Failure to gain control of Clermont would be laid at his door by Inkatha."

Lack of evidence caused four of the charges to be dropped. Jamile and Hlope were acquitted on others for the same reason, according to Justice Mitchell and two assessors. The missing evidence has led to complaints of police collusion. Jamile's first action when he was arrested was not to telephone a lawyer. He phoned a security branch colonel.

The investigating officer later testified that his branch commander flabbergasted him with a swift order to charge and release Jamile as soon as possible.

Msizi Hlope testified that members of the KwaZulu Police force were part of the hit squad. He gave their names. He gave their initials. He gave their rank.

But nobody could find them - even when one man apparently popped in one day to the visitor's gallery to watch the proceedings, giving

new meaning to the term missing in action.

"Not obtainable or available or not to be found," was how Justice Mitchell put it in his judgement. Attorney General Mike Imber argued in court that a senior KwaZulu policeman "went out of his way" to paint a key witness as a liar.

Lawrence Ntshalishali, Jamile's chauffeur, testified that he wrote letters to FW de Klerk and Adriaan Vlok in frustration following "complete inaction" by local police. Ntshalishali had gone to the police with an affidavit accusing Jamile of trying to recruit him to kill United Democratic Front president Archie Gumede, lawyer Aubrey Nyembezi and businessman Richard Phiri.

While Justice Mitchell rejected an Inkatha/police conspiracy theory, others remained convinced of its validity.

Sitting in the visitor's gallery on judgement day, the only blond head visible, was Democratic Party unrest monitor Roy Ainslie.

The Clermont Advisory Board killings were "an example of the community being unable to get the police to take their claims of a hit squad seriously," Ainslie said.

"This trial is significant because it centres on the effectiveness of police investigations into politically-motivated crimes.

"It's going to be interesting to see if the convictions fully restore people's faith in the system - people still have faith in the South African Police, you know."

Ainslie singled out Captain Frank Dutton, the incoming head of a special investigations unit into political violence in Natal, for special mention. "Dutton has been good," he said. "There have been too many incidents where police investigation has been shoddy and people have got off as a result. Captain Dutton testified that he downplayed the importance of one prosecution witness to protect him against prison authorities.

The witness testified that his prison cell neighbour, Jamile, said he would get "six witnesses" to fabricate evidence and showed him a letter addressed to an unspecified woman requesting her to provide him with an alibi.

In January, a mystery woman who claimed to be a member of the Zulu royal family appeared without warning and testified that Jamile had been busy treating her with herbs for recurring nightmares on the night of the Mamba Valley killings.

The appearance of "Princess" Connie Zulu, who told the court in detail how her anti-nightmare treatment involved an enema and herbs which induced vomiting, did not impress Justice Mitchell.

"The indications are that she was well rehearsed," he noted dryly. "There are contradictions which do not give us confidence that she was honest."

Mitchell went on to say that Msizi Hlope was "thoroughly mendacious" while Jamile was "bold" and "evasive to a degree" and "a most unsatisfactory witness".

The "will they/won't they" trial has been a talking point in Natal for 11 months.

A Zulu-language newspaper, *UmAfrika*, increased its circulation by running trial proceedings as an ongoing serial across the centre-spread virtually every week. But the significance of the convictions will not go unnoticed. Captain Frank Dutton, sources have indicated, has already started investigating another senior KwaZulu Legislative Assembly member accused of several murders.

Sirië kraai koning in Libanon

BEIROET - 'n Sameweringsverdrag wat vandeens deur Sirië en Libanon gesluit is, span die kroon op Damaskus se pogings van 20 jaar om die heersende buitelandse mag in Libanon te word. Die verdrag is egter verwerp deur Israel en sommige Libanese Christene, wat sê dit kom daarop neer dat Sirië Libanon beset.

Die verdrag, gemik op samewerking tussen die twee lande wat veiligheid, buitelandse beleid en die ekonomiese belangrikheid, kom ná 'n 16 jaar lange burgeroorlog in Libanon. Dit bevestig Sirië se volslae beheer oor die Libanese politiek. Al die Moslemsfamilies steun Damaskus en die verswakte Christelike opposisie kon net flouerig beswaar maak.

In die Libanese konflik het Sirië hom gaan deweg as die sleutelspeler in enige skikkings gevestig. Die land het Amerika se goedkeuring verkyf deur in die Golf-Oorlog aan die Geallieerde se kant te veg.

Sirië het hom in 1976 in die Libanese konflik begin deur troepe te stuur om die Libanese Christene te help veg teen 'n konsolidasie van gewapende Palestynse en linksgesinde Moslem-groepe.

In 1978 het Damaskus die Christene gelos en hom by die Palestynse en die nasionale Libanese beweging onder leiding van wyle Kamal Jumblatty geskaaf. Toe Israel Libanon in 1982 inval, moes Sirië sy magte na die noorde en die Bekaa-vlakte terugtrek. In 1983 het Israel en Libanon ooreengekom dat Israel sy troepe sou ontrek en dat 'n "veiligheidsonde" in Suid-Libanon sou keer dat Palestynse vegters die gebied oopnuut binnespyle. Sirië het die ooreenkoms verwerp as deel van 'n plan deur Amerika en Israel om die Arabiese wêreld te oorheers. Met behulp van sy magtige Drose- en Sjiitiese bondgenote het Sirië die Libanese parlement oorred om die ooreenkoms in 1984 tot niet te verklare.

Onder druk van Sirië is Libanon se Christelike leier, Amin Gemayel, toe gedwing om 'n regering van nasionale eenheid saam te stel wat die hoofde van die deur Sirië ondersteunde magte ingesluit het.

In Desember 1985 het Sirië Libanon se Sjiitiese, Drose- en Christen-burgersmagte probeer dwing om 'n vredesverdrag te sluit, maar misluk. Niemand is Sirië waarnemers in 1986 na Wes-Beiroet gestuur. In 1987 het die Siriëse leier na Beiroet teruggekeer op versoek van Moslem-leiers wat gevegte tussen diestrydende burgersmagte wou keer.

In September 1988, toe Gemayel se ampstermynd byna verstryk het, het Sirië en Amerika 'n opvolger aan Libanon probeer opdwing, maar die Christelike opposisie het val gegooi. Gemayel het die Christelike militêre leier genl Michel Aoun as leier van 'n oorgangsregering benoem, maar Sirië het steeds die ou kabinet onder Salim Hoss geskeute.

In Maart 1989 het Aoun, wat nie Sirië se goedkeuring kon kry om president te word nie, oorlog op Siriëse troepe verklaar. Maar Damaskus het die gevegte onder Christene uitgebuit om verlede jaar 'n aantal teen Aoun uit te voer. Hy het in die Franse ambassade gaan skuil en is nou nog daar. Intussen het die Taif-vredesverdrag van Oktober 1989 wat deur die Arabiese Liga bewerkstellig is, begin werk. Saoedi-Arabie, Algerië en Tunisië, die drie borge van die verdrag, het hul gaandeweg ontrek en Sirië in bevel gelaat.

Regdeur die Libanese konflik word Sirië veral die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO) onderdruk. Deur sy vereenwoerdiger, die Sjiitiese Aamal-beweging, het Sirië tussen 1985 en 1987 'n reeks aanvalle op PBO-basisse in Beiroet en Suid-Libanon uitgevoer. Die PBO se verswakkings na sy steun aan Irak in die Golf-Oorlog het hom nou gedwing om 'n breek van agt jaar weer toenaarding tot Sirië te soek. - MICHAEL CASTEX (AFP)

Mosambiekse opposisie verkrummel

MAPUTO - Die Mosambiekse Liberale en Demokratiese opposisieparty (Palmo) word deur ernstige interne verskille in die gesig geslaan wat die party se voorbestaan bedreig - net twee weke na die stigtingskongres. Die jongste krisis het verlede Vrydag gevolg toe die party se vise-president gedreig het om die president weens laster te dagvaar. Nadat Mosambiek verlede November die eenpartystaat laat gaan en 'n pluralistiese grondwet aanvaar het, het Palmo die eerste opposisiegroep geword wat manifeste versprei het, die eerste om 'n perskonferensie te hou, en die eerste om 'n kongres te organiseer.

Maar die huidige onenigheid in die party wil dit laat voorkom of dit nie so maklik gaan wees om 'n geloofwaardige opposisie teen die regerende Frelimo-bewind op die been te bring nie.

Van die drie stigterslede van Palmo het een Casimiro Nhamtambo, die party reeds verlaat en beoog om 'n nuwe party te stig, terwyl die ander twee, die president Martins Bilal en vise-president Antonio Palange, in 'n magstryd gewikkeld is.

Verlede Vrydag het Bilal 'n verklaring uitgereik waarin hy Palange verwerp as gevolg van sy "magslus". In die verklaring beskuldig hy Palange daarvan dat hy Nha-

mitambo uit die party gedwing het met 'n "veldtog van laster en gerugte". Bilal beskuldig Palange ook van alkoholisme en "anti-sosiale optredene".

Palange het aan die Sondagkoerant Domingo gesê dat hy Bilal vir die hof gaan daag, "nie as vise-president van Palmo nie, maar as 'n private burger wat sy naam wil beskerm". Die persoonlike verskille in Palmo is aangevuur deur die politieke verskille tussen die leiers, veral die houding jeans die land se witmense, Asiërs en ander minderhede. Palange was openlik vyandig teen die groep, veral die Asiërs. Palmo se eerste manifes het berug geword vir dié sin: "Die Asiërs is 'n slechte Mosambieker." Onder druk is dié manifes egter verander en alle rassistiese verwysings is verwyder. - PAUL FAUVET (AFP)

Skietstilstand slaag, sê Savimbi

DIE Angolese rebelleleier, Jonas Savimbi, het die week gesê die informele skietstilstand wat sedert 15 Mei in werking is in die land, is nog nie verbreek nie en die burgeroorlog in Angola is "definitief verby".

"Ons is vol vertroue dat ons nou kan begin om Angola te herbou," het hy op 'n perskonferensie gesê nadat hy samesprekings met Staatspresident FW de Klerk in Pretoria gehad het.

Savimbi, vergesel deur sy senior generaals, het 'n kort besoek aan Suid-Afrika

gebring op pad na Portugal waar hy moere (Vrydag 31 Mei) 'n formele skietstilstand met die Angolese president, Jose Eduardo Dos Santos, onderteken. Die ondertekening van die ooreenkoms, wat 'n einde sal bring aan 15 jaar se vyandighede, sal bygewoon word deur die Sekretaris-Generaal van die VVO, Javier Perez de Cuellar, die staatssekretaris van Amerika, James Baker, en sy Sowjet-eweknie, Alexander Bessmertnykh.

Met die vertrek van die laaste van die

geskakte 60 000 Kubaanse troepe uit Angola verlede naweek, is die weg nou oop vir Savimbi om sy hoofkwartier van Jamba in die suide van Angola na die hoofstad, Luanda, te verskuif.

"Ons gereed om te trek. Ons het reeds 'n hotel en 'n paar huise gekoop," het hy gesê.

Die VVO is gereed om 1 000 waarnemers na Angola te stuur om die skietstilstand te monitor en Savimbi verwag dat die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) vredestroope na sy land gaan stuur.

Savimbi is vol vertroue dat Unita die eerste veelpartyverkiezing in die land gaan wen. Die verkiezing word vir September 1992 beplan. Savimbi het gesê hy sal die uitslag van die verkiezing aanvaar.

"Ons sal nie na die bos terugkeer om 'n guerrilla-oorlog te veg nie," het hy gesê.

Hy sê 'n nuwe nasionale weermag van 50 000 soldate gaan uit Unita- en Flapstroope saamgestel word.

Die twee weermagte in die land bestaan tans uit meer as 300 000 troepe en daarom is buitelandse befondsing baie nodig om die werklose soldate weer in die samelewings op te neem.

Op 'n vraag hoekom hy soveel vertroue het dat die skietstilstand suksesvol gaan wees, het Savimbi gesê: "Die soldate is die mense wat doodgegaan het. As jy aan hulle die geleentheid gee om hulle lewe te red, sal hulle dit aangryp." - BRYAN PEARSON (AFP)

Dogter vermoor pa oor kat

TOKIO - 'n Japanse vrou het haar pa met 'n bierbottel doodgeslaan omdat hy van een van haar sewe katte ontslae geraak het.

Dié voorval het verlede naweek gebeur en die lyk van Isao Takahashi, 60, is die aand gevind nadat 'n familielid die polisie in kennis gestel het.

Takahashi se dogter, Akemi, 23, het aan die polisie gesê sy het 'n paar uur lank met haar pa oor die kat gestry voordat sy hom met die bierbottel oor die kop geslaan het. Daarna het sy en haar skoonma na die vermiste dier gaan soek en met hulle terugkeer het haar pa dood op die mat gelê. - AFP

Vergewe Pole, vra Walesa


JERUSALEM - President Lech Walesa, in 'n poging om Pole se anti-Semiticse verlede te begrawe, het die Israeli's die week gevlei met sy besoek aan die Volksmoord-monument en sy belofte om wapenverkoop aan Arabiese lande te staak en nie by die Palestynse kwessie betrokke te raak nie.

By die Diaspora-museum in Tel Aviv is Walesa hartlik deur die Poolse Jode ontvang. "Ek het gekom om julle harte te verower," het Walesa - die eerste Poolse staatshoof wat Israel besoek het - gesê. "Ons het die kommunisme vernietig, veral sodat sulke tragedies nie weer sal gebeur nie," het hy gesê met verwysing na die talle beeldel van die Nazi se volksmoord op die Jode wat hy by verskeie museums gesien het.

Op die eerste dag van sy besoek aan Israel het Walesa die Israeli-parlement gevra om Pole te vergewe vir die misdade wat in die Tweede Wêreldoorlog teen die Jode gepleeg is. Talle mense het Walesa ondersteun, hoewel waarnemers meen anti-Semitisme bestaan steeds in Pole.

Woensdag het Israel en Pole vyf ekonomiese en kulturele ooreenkoms onderteken en volgens amptenare van albei lande is dit 'n belangrike deurbraak in Pools-Israeli verhoudings. (AFP)

In Utopia sal die perfekte gesinsmotor ook 'n opwindende multiklep-kragmotor wees. Om nie eers te praat van 'n buitengewone luukse sedan nie ...



... welkom in Utopia

Die gesinsmotor. Die kragmotor. Die luukse sedan. Algemeen word aanvaar dat 'n motor eksklusief aan een van die drie klasse behoort. Maar die Cressida 3.0i bewys nou die teendeel.

Betreubaarheid, veiligheid en ruimte. Dis kenmerke so in die kraal van die perfekte gesinsmotor. Kenmerke wat nog altyd deel

was van die Cressida-reeks, maar nou gee 'n verlengde waarborgsopslie van 1, 2 of 3 jaar jou nog meer gemoedsrus.

Nou goed, kom ons ondersoek die kwessie van werkverrigting. As jy 'n behoeftet het aan opwinding, sal die krag afkomstig van die drielerter vier-en-twintigklep-dubbelnokasenjin gekoppel

aan die 3.0i outomaties of 3.0 GLS vyfspoed handrat en die onafhanklike vering wonderlike dinge aan jou doen.

Laastens, as jou idee van luuksheid kenmerke insluit soos net die heel beste leersitplekke, 'n vierspreker klankstel en lugreëling met outomatiese klimaatbeheer, sal jy baie van die Cressida 3.0i hou.

In die gewone wêreld is 'n motor wat die kenmerke van 'n gesinsmotor met 'n kragmotor en 'n luukse sedan combineer buite bereik vir die meeste van ons. Maar in

Utopia is dinge anders. En ons het mos aan die begin gesê

Alles loop reg, altyd reg
TOYOTA
CRESSIDA

LINDSAY SMITHERS-FCB 1171A

ONS tel die storie net ná die oorlog op. Daar's vrede. Ek is 'n paar weke tevore vryge-laat uit 'n konsentrasiekamp, maar jy sien nie die kampe nie," vertel Susan Coetzer oor haar hoofrol in die TV-reeks Meester.

"Terwyl ek praat, moet mense in hul koppe die konsentrasiekampe kan sien. Daar is 'n doodsheid aan my. As jy verskriklik baie gehuil het, gaan jy 'n punt verby waar jou computer uitspring. Jy is by huil verby. Niks kan jou meer skok nie."

"Die vrou wat ek speel, kom uit 'n taamlik ryk ouerhuis. Sy is 'n intelligente vrou. Sy is nie 'n armblanke nie, maar die oorlog het haar heeltemal verarm. Sy het net 'n swart rok om in te rou. Sy het haar man en haar ander twee dogters verloor. Die een kind moet nog geborsvoed word en die ander een ondervind sielkundige probleme. Hy wag vir sy pa om terug te kom, maar sy pa is dood. Sy kan hom nie vertel nie, hy het te veel deurgemaak. Sy word gedwing om deel van haar plaas, haar erfpossie, te verkoop net om die kinders te voer."

Hannes Meyer speel die Meester, ofte wel die onderwyser, haar man se broer met wie sy voorheen 'n verhouding gehad het. Hy keer terug om te boer, maar word deur omstandighede gedwing om weer skoolmeester te word... Engels as voertaal word op die Afrikaners afgedwing en daarvoor sien Meester nie kans nie.

"My karakter was verlief op Hannes, maar ek het gedink sy broer was beter troumateriaal. Hannes het mooi rympies geskryf en was 'n intellektueel, 'n kunstenaartsiip. Maar die gevoel is nog steeds tussen ons."

Wanneer 'n mooi jong Engelse onderwyseres (Susan Danford) op die dorp aankom, kompeteer die twee vroue om Meester se hart. Tussendeur al die seperige besonderhede kyk Meester na náoorlogse rekonstruksie, en veral die onderwys- en die taalkwessie kom onder die vergrootglas. As Afrikaners kla dat hulle keelvol is vir die beeld van die verarmde Afrikaner, moet hulle die reeks aanvaar as terapie, sê Coetzer.

Coetzer vervul binnekort haar swart rou-rok vir die glans van die agtjiende-eeuse Fransehof. Sy het pas die Glenn Close-rol aanvaar in die Engelse verhoogweergawe van Choderlos de Laclos se *Les Liaisons Dangereuses* (*Dangerous Liaisons*) wat in Grahamstad op die planke gebring word. Dit is ook haar eerste Engelstalige rol. "... my eerste gemene rol. Op die verhoog het ek nog altyd karakters gespeel waarvan 'n mens kon hou. Op die televisie het ek die veronregtes, dié wat ly, gespeel. Nooit het ek so 'n manipulerende karakter kon speel nie, een wat wrede veg om haar selfbehoud. Dis vir my 'n geweldige uitdaging en ek is bewerig daaroor. 'n Mens



FOTO: ANDREA VINASSA

'n Tyd van bitterheid en liefde

Susan Coetzer speel een van twee vroulike hoofrolle in **Meester**, die SAUK se jongste reeks oor die Afrikaner na die Boereoorlog

(kyk op bladsy 25 wat Elmari Rautenbach daaroor te sê het). Dié bekroonde aktrise is ook in Truk se Afrikaanse aanbieding van **The Merchant of Venice** (*Die Sakeman van Venesië*) te sien.

ANDREA VINASSA het met haar gesels.

het seker 'n paar jaar nodig gehad. Maar 'n mens sal nou dapper wees en dit gaan doen, want dis 'n amazing rol vir 'n vrou."

Intussen speel sy 'n ondersteunende rol in Ilse Van Hemert se byderwetse *Die sakeman van Venesië*. Dis haar eerste ondersteunende rol, maar dit skeel haar nie. Die rol van Nerissa, Portia (Bru-milda van Rensburg) se sidekick, gee haar die kans om dissipline te leer. *Diepe grond* - vir dié rol het sy sommer twee Vita-pryse gewen, vir Beste Aktrise en Beste Nuweling - *Die storm* en *Dolvir die liefde* het haar kans gegee om as soloster uit te blink.

In die ultra-moderne opvoering kan 'n mens jou amper voorstel hoe die karakters nagte in nag-klubs deurbring. Coetzer beskryf haar Nerissa as 'n soort Stephanie van Monaco: 'n tomboy wat haar huis voel in 'n wêreld van geld en dwelms.

"Dit maak verskriklik baie sense om die *Merchant of Venice* nou op te voer want dit gaan om groepsidentifikasie. En Antonio is die enigste karakter wat die kans kry om met suiwer integriteit op te tree en hy mors dit op."

In *Sakeman* beskryf Shakespeare polarisasie wat gegronde is op klas en sosiale waardes eerder as op

politieke ideologie, waar lede van verskillende groepe aan hul uiterlike voorkoms en gedrag uitgeken word. Die tipiese sjarmante, hebsugtige yuppie kry gestalte in 'n post-moderne Venesië.

"Portia is een van die modernste vroue wat Shakespeare geskryf het. Sy is 'n ambisieuze working girl wat presies weet waarheen sy op pad is en sy pas presies in die moderne tydperk in."

Al lyk alles so glansryk en modern, is Truk se verhoë die laaste tyd deur ongelukke geteister. Kort voor openingsaand het 'n stel

politieke ideologie, waar lede van verskillende groepe aan hul uiterlike voorkoms en gedrag uitgeken word. Die tipiese sjarmante, hebsugtige yuppie kry gestalte in 'n post-moderne Venesië.

"Dis is skokkend. Dis vreemd dat dit in dieselfde week as Gaynor Young se hofsaak gebeur het. Ek sit hier perdfris, maar moet 'n mens eers ernstig beseer word voordat iets daaraan gedoen word."

"Daar is vasgestel dat dit 'n mens-like fout was. Twee stukke stel het in die lug gebots. Die cue was verkeerd. 'n Mens hoop altyd dat as so iets gebeur, dit 'n positiewe bydrae kan lewer."

'Mens kon eerder sê dat die oorlog opgebou het as dat daar vrede gekom het'

Die dramareeks "Meester" handel oor die traumatische periode net ná die Tweede Vryheidsoorlog toe die verslane Afrikaner weer probeer opstaan en sy selftrots probeer terugkry het. Dit was 'n kritieke tyd in die vorming van Afrikaner-nasionalisme; 'n tyd van heelwat bitterheid, swaarkry en emosionaliteit. Anders as die siniese jonger geslag wat smalend na die "glasstukke in die mieliepap-stories" verwys,

raak MAX DU PREEZ saam nostalgie



Klein Manie (Gibert Terblanche), Meester (Hannes Müller) en Ralle (Susan Coetzter) as verarmde Afrikaners in 1902 in die TV-reeks "Meester".

*"When is a war not a war?
When it is carried on by
methods of barbarism
in South Africa."*

Die leier van die Liberale Party van Brittannie, Sir Henry Campbell-Bannerman, in Londen op 14 Junie 1901.

N HALFMILJOEN opgeleide, gedissiplineerde soldate van een van die magtigste Empires van die tyd met gesofistikeerde wapentuig teen 50 000 onopgeleide, ongedissiplineerde, begeesterde flentergatte sonder uniforms of organisasie.

Maar dit was nie net dié ongelijkheid wat die Boere die oorlog laat verloor het nie. Dit was Lord Kitchener se beleid van plase en oeste afbrand en vee uitmoor. Maar meer nog: die vroue en kinders is na konsentrasiekampe geneem waar ruwe behandeling, siektes en swak higiëne hulle afgemaai het. Dit het die moreel gebreek.

Ten die einde van die oorlog was daar 118 000 Afrikaners in dié kampe. Aan die einde van die oorlog was 27 927 van hulle dood - 4 177 vroue en 22 074 kinders onder 16. Net sowat 5 000 Boerekrygers het in die oorlog

self gesneuwel.

As 'n mens die klein getalle van die Afrikaner-bevolking van daardie tyd in gedagte hou, dan moet 27 927 as volksmoord beskou word. Dit het 'n sielkundige letsel gelaat wat geslagte geneem het om te heel.

Sir Neville Henderson, die Britse ambassadeur na Berlyn net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, vertel die storie dat toe hy die kwessie van die Nazi-konsentrasiekampe in Duitsland opper, Hermann Goering die Duitse ensiklopedie van die rak gehaal en dit by "konzentrationslager" oopgemaak het: "Eerste gebruik deur die Britte in die Suid-Afrikaanse oorlog."

(Wat Afrikaners toe en nou nog graag vergeet, was dat swart Suid-Afrikaners net so swaargekry het in dié tyd. Hul hutte is ook afgelank en hulle is verplig om vir die Britte te veg. Volgens amptelike syfers was daar in Julie 1901 37 472 swart mense in konsentrasiekampe, en sowat 13 300 swart vroue en kinders is daar dood.)

Maar oorlog het 'n herkenbare vyand gehad: hy het 'n kakie-uniform gedra en Engels gepraat.

Die Vrede van Vereeniging, geteken op 31 Mei 1902, het 'n English took for granted. "For this reason, moreover, they were exposed to the rivalry of non-white South Africa. The increasing competition from black Africans, which took place primarily in the cities, affected them in the first instance. The great mass of the established English middle class lived and worked in areas where the problems of colour were items in the daily newspapers."

Dit was 'n tyd van intense emosie, van 'n emosionele herlewning van die swaarkry, en van 'n soetsap-

pige ophemeling van helde. Maar geleidelik het selfhelp-bewegings soos die Reddingsdaadbond en die Helpmekaarfonds tot stand gekom; het die stryd om "Christelik-nasionale" skole vrugte afgewerp; het Afrikaans al meer 'n plek naas Engels begin inneem; het die Afrikaner ook weer 'n rol in die ekonomiese begin speel. Maar die oorweldigende gevoel van bedreiging en minderwaardigheid het sy tol geëis, en nadat die Afrikaner in 1948 die politieke mag bekom het, het hy aan swart Suid-Afrikaners omtrent presies gedoen wat aan hom gedaen is...

Uit half geslotte oë...

Lord Kitchener se goedbedoelde "We are good friends now" was oneindig ver verwijder van die werkelike bitter gevoel wat daar tussen die twee rasse (Boer en Brit) geskep is deur die oorlog en die wyse waarop die oorlog gevoer is. Teenoor die Afrikaners wat die kant van Engeland gekies het, was daar 'n veraging wat diep spore op die samelewing gelaat het; die woord "verraaier" is dikwels gehoor en dit is uitgespreek met 'n sisklank van gedempte toorn. Op die verwoeste plase is vertel en vertel en vertel van die ellende wat in die kampe gely is, en die kinders wat oor en oor hierdie verhale moes aanhoor, se siele is gevul met 'n diep afkeer teen die veroweraar, wie se militêre bestuur nou met verslaendheid uit halfgeslotte oë, waarin 'n donker vuur gebrand het, aanskou is.

- Uittreksel uit CM van den Heever se boek, Genl JBM Hertzog.

Vrye Weekblad, 30 MEI-6 JUNIE 1991

TELEVISIE PROGRAM

31

VRYDAG

TV1
 5.45 Comrades Marathon
 7.00 Good Morning South Africa
 9.20 Comrades Marathon
 5.15 Fast Forward
 5.45 News
 6.00 Nashville Skyline: Country Music
 6.30 Gillette Sport
 7.05 Macgyver VI: Eye of Osiris
 8.00 Die Nuus
 8.35 Orkney Snork Nie II: Konykoning
 9.10 Die Staalmagnate
 10.00 Dubbel en Dwars: Vals Beskuldiging
 11.00 Tennis - Die Franse Ope
 00.00 Oordenking

TV234

1.00 Diaduma Ka Niknaks
 526 - Magazine Programme
 Sekunjalo Thakaneng Pick a Box
 3.15 Ezabantwana Tsa Bana
 3.45 Telerama
 4.15 Edutaining the English Way
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Intokoza Maitemogelo
 6.30 Shell Road To Fame
 7.00 News
 7.30 Imalini/Ke Bokae
 8.11 Festival Mondial Circus
 8.30 Topsport
 9.00 Transmission ends
 9.04 Take The Money and Run
 10.35 Married People
 11.03 Muzik A La Carte
 11.29 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 08.28 Stasie open
 08.30 Captain Johnno
 10.30 Set The Night On Fire - Lambada
 12.10 Box-Office America
 12.30 Carley Simon: Coming Around Again
 1.30 The World of Sharks and Barracudas
 2.30 Soldier Home
 3.00 Young Winston
 5.30 Aquaventure
 5.55 Jake's Fitness Minute
 OOPTYD:
 6.00 Loving
 6.29 Hyperama Price-Busters
 6.30 The World of National Panasonic
 INTEKENARE:
 7.00 Miss Universe 1991
 9.00 Gardens of Stone
 10.55 Supersport: Snoeker
 11.55 Tap
 01.45 Trial by Combat
 03.05 The Spy Who Loved Me
 05.10 Naked Lie

1

SATERDAG

TV1
 05.57 Oggendboodskap
 06.00 Baby & Company
 06.30 Agriforum
 07.00 Goeiemore Suid-Afrika
 09.00 Swerwerskos
 09.20 What If...?
 09.45 Onderste Bodem
 09.55 Featherfoot Farm
 10.05 Walt Disney
 10.30 Allemans: Vryheid, Blyheid
 11.00 Gerhardus en Petronella
 11.05 Snuffels Smith en Bennie Grootoog
 11.10 Kode IFB17: Bitter Naewek
 12.00 Topsport
 6.00 Die Nuus
 6.15 Kompass
 6.20 Debut
 7.05 E.N.G.: Dodelik 20.00 News
 20.35 LA Law: Vowel Play
 9.30 Feature Film: And Justice for All
 11.25 The Cyril Green Show
 00.05 Epilogue

TV234

09.00 University of the Air
 09.50 Breaking the Barrier
 10.05 The Story of the Grape
 10.10 Cedric The Crow
 10.20 Featherfoot Farm
 10.30 Manufacturing Game
 10.35 Super Sam Swots Safety
 10.40 Insurance - The Inside Story
 10.50 Telerama
 11.40 Hot Hippo
 11.45 An Alphabet of Animals
 11.55 Breathing and Respiration
 12.05 Simple Machines - Inclined Planes
 12.17 Rhythm - Pattern
 12.38 Geothermal - The Energy Within
 Korean War - Escalation
 1.00 Agriforum
 1.25 Road to Health
 1.35 Cross Over
 2.00 Topsport
 6.00 Diff'rent Strokes
 6.30 Evening Prayer
 6.33 NgomgqibeloKa Mokibelo
 7.00 News
 7.30 NgomgqibeloKa Mokibelo
 8.00 Feature Film: Aim for the Best
 9.30 Video Juke Box
 10.30 In The Heat of the Night
 11.30 Topsport
 01.00 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 06.58 Stasie open
 07.00 Clifford the Big Red Dog
 7.30 The Smurfs
 7.55 The Charlie Brown and Snoopy Show
 8.20 Little Rosey
 8.45 Alf Animated
 9.15 Casper and Friends
 9.40 Widget
 10.05 Tell Me Why
 10.10 Garfield and Friends
 10.30 Mac and Mutley
 11.00 Mafia Princess
 12.40 Box-Office America
 1.00 Top Gun
 3.00 Supersport
 OOPTYD:
 6.00 Three's Company
 6.30 Too Close For Comfort
 INTEKENARE:
 7.00 Road to Avonlea: Deel 9
 8.00 Prime Time Pets
 8.30 Without a Clue
 10.15 The Pavarotti 30-year Celebration
 11.45 About Last Night
 01.40 Bat 21
 04.00 Supersport: Boks

2

SONDAG

TV1
 12.27 Programroosters
 12.30 Aan Die Lied
 1.00 Remi: Die Swaan
 1.25 Zetti
 1.35 Story Break
 2.00 The Magical World of Disney:
 Save that Dog
 2.50 Met ander Woerde
 3.45 Collage
 4.40 Beyond 2000
 5.30 Skrifspore
 5.50 Kruis en Kroniek
 6.25 Plante Van die Bybel: Hisop
 6.30 Met woord en Lied
 7.00 50/50
 8.00 News
 8.15 Agenda
 9.00 A Lesson from Aloes
 10.50 Songs of Faith
 11.00 Tennis: French Open
 00.25 Transmission ends

TV234

10.00 Impressions
 12.00 Church Service
 12.30 Magnificat
 1.00 Topsport
 6.00 Ocean Dreams Ho Lla Noto
 6.30 Unqambothi Horses of the Sable Island
 7.00 News
 7.30 Perspective Mahlasedi A. Turnelo
 8.00 MasokaneMasindumise
 8.30 Perspective 9.04 Father of the Bride
 10.23 Easter Rock Festival
 00.13 The Young Riders
 00.30 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 10.28 Stasie open
 10.30 A Small Circle of friends
 12.30 Stasie sluit
 INTEKENARE:
 2.58 Stasie open
 3.00 Dumbo's Circus
 3.30 The Smurfs
 4.00 Wowser
 4.15 Star Trek
 4.40 Casper and Friends
 5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
 5.30 Tell Me Why
 5.35 The Scheme of Things
 5.55 Jake's Fitness Minute
 OOPTYD:
 6.00 Loving
 6.30 Going Places
 INTEKENARE:
 7.00 Son of the Morning Star: Deel 1
 7.50 The Green Trust
 8.40 Earthfile
 9.00 The 1991 Tony Awards
 11.00 Young Winston
 10.25 Tai-Pan
 00.30 Stasie sluit

3

MAANDAG

TV1
 05.15 Larry King
 06.00 Good Morning South Africa
 08.25 Showbiz
 12.57 Programroosters
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programroosters
 2.03 Telerama
 3.00 Business of Management
 3.30 The Blunders
 3.45 Pumpkin Patch
 3.55 Bible Story
 4.00 Robotech
 4.30 Webster V: Grab Bag
 5.00 Antenna
 5.45 News
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rusteloze Jare
 7.00 Telly Fun Quiz
 7.30 Who's The Boss? VI
 8.00 Die nuus
 8.35 Mediform
 9.00 Marianne: Oulike Klere
 10.00 Agenda
 11.00 Tennis: Franse Ope
 00.00 Oordenking
 00.05 Uitsending eindig

TV234

1.00 Toyota Top 20 Perspective TV2
 Shell Road to Fame Perspective TV3
 3.15 Ezabantwana TV2
 Tsa Bana TV3
 3.45 Telerama
 4.15 Walt Disney
 4.45 Searching for Values
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Adventure of the Little Prince
 6.30 Police File
 7.00 News
 7.30 Ziyaduma Nge Niknaks TV2
 In-Depth Programme TV3
 8.00 "321" - Local Drama After 8 - Magazine Programme
 8.30 Jazz Jazz Jazz
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.03 Family Ties
 9.33 Dynasty
 10.25 Island Son
 11.17 Big World Café
 11.43 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 10.28 Stasie open
 10.30 A Small Circle of friends
 12.30 Stasie sluit
 INTEKENARE:
 04.00 Superport: Boks
 05.30 Stasie sluit
 10.28 Stasie open
 10.30 Tap
 12.30 Stasie sluit
 INTEKENARE:
 2.58 Stasie open
 3.00 Dumbo's Circus
 3.30 The Smurfs
 4.00 Wowser
 4.15 Star Trek
 4.40 Supersport Festival of Racing
 5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
 5.30 Tell Me Why
 5.35 Dog House
 5.55 Jake's Fitness Minute
 OOPTYD:
 6.00 Loving
 6.30 Working It Out
 INTEKENARE:
 7.00 Son of the Morning Star
 8.45 Earthfile
 9.00 Supersport: Chris Evert
 10.00 Gholf: Amerikaanse Ope 1990
 11.00 The Year of the Dragon

4

DINSDAG

TV1
 05.15 Larry King
 06.00 Good Morning South Africa
 08.25 Science and Technology
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programroosters
 2.03 Telerama
 3.00 Technikons
 3.15 Hallo, Blikbrein
 3.30 Tip en Tap
 3.35 Amigo en Vriende II
 3.45 Wielie Walie
 4.00 Dis Waar
 4.05 Teater, Teater
 4.30 Polisiepetaljes: Die Supermotor
 5.00 Tekkies
 5.42 Kompass
 5.45 Die Nuus
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rusteloze Jare
 7.00 Trucking
 8.00 Die Nuus
 8.35 Legkaartbonanza
 9.15 'n Stukkie Hemel
 10.15 Die Nuus
 11.20 Drome Met Vierke
 11.10 Tennis: Franse Ope
 00.10 Oordenking
 00.05 Uitsending eindig

TV234

1.00 Video Juke Box Siyatelela/Siyazungeza
 Mmino Wa Setso
 3.15 Ezabantwana Tsa Bana
 3.45 Telerama
 4.15 Business of Management
 4.45 Great Deserts of the World
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Toyota Top 20
 7.00 News
 7.30 In-Depth Programme (TV2)
 Pick a Box
 8.00 526 Dibe (TV3)
 8.30 Tumisang'Dumisani
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.04 Callie and Son
 9.57 Cheers
 10.25 Harmony Gold
 Presents: The Blue Hotel
 11.24 Die Rebeiro's van Sao Paulo (Malu Muller)
 00.00 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 10.28 Stasie Open
 10.30 Mafia Princess
 12.05 Fashion
 12.30 Stasie sluit
 INTEKENARE:
 2.58 Stasie open
 3.00 Dumbo's Circus
 3.30 The Smurfs
 4.00 Wowser
 4.15 Star Trek
 4.40 Supersport Festival of Racing
 5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
 5.30 Tell Me Why
 5.35 Betty's Bunch
 5.55 Jake's Fitness Minute
 OOPTYD:
 6.00 Loving
 6.30 Wings
 INTEKENARE:
 7.00 Kaokoveld: How Can I Tell You
 8.00 The Terminators
 8.30 The 1990/1991 M-Net/SANF Environment Awards
 9.00 Supersport: Chris Evert
 10.00 Gholf: Amerikaanse Ope 1990
 11.00 Gardens of Stone

5

WOENSDAG

TV1
 05.15 Larry King
 06.00 Good Morning South Africa
 08.25 Style
 1.00 Headline News
 1.30 Business Day
 2.00 Programroosters
 2.03 Telerama
 3.00 Historically Speaking
 3.30 Adventures of Teddy Ruxpin II
 3.55 Bible Story
 4.00 Carol Burnett and Friends
 4.30 Growing Pains
 5.00 Innovations
 5.15 Zappmag
 5.45 News
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rusteloze Jare
 7.00 Trucking
 8.00 Die Nuus
 8.35 Evening Shade
 9.30 thirtysomething
 10.00 Agenda
 11.00 Tennis: French Open
 00.00 Epilogue
 00.05 Transmission ends

TV234

1.00 Ezodumo Ntome Tsebe Thenga Isipho Jazz Jazz Jazz
 3.15 Ezabantwana Tsa Bana
 3.45 Telerama
 4.15 Let's Be Creative
 4.30 Masidlele
 4.40 Ikahaya La-bantwana
 4.50 Road to Health
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Toyoda Top 20
 7.00 News
 7.30 In-Depth Programme (TV2)
 Pick a Box
 8.00 526 Dibe (TV3)
 8.30 Tumisang'Dumisani
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.04 Callie and Son
 9.57 Cheers
 10.25 Harmony Gold
 Presents: The Blue Hotel
 11.24 Die Rebeiro's van Sao Paulo (Malu Muller)
 00.00 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 10.28 Stasie open
 10.30 Heartburn
 12.15 Earthfile
 12.30 Stasie sluit
 INTEKENARE:
 2.58 Stasie open
 3.00 Dumbo's Circus
 3.30 The Smurfs
 4.00 Wowser
 4.15 Star Trek
 4.40 Supersport Festival of Racing
 5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
 5.30 Tell Me Why
 5.35 Dog House
 5.55 Jake's Fitness Minute
 OOPTYD:
 6.00 Loving
 6.30 Working It Out
 INTEKENARE:
 7.00 Son of the Morning Star
 8.45 Earthfile
 9.00 Supersport: Chris Evert
 10.00 Gholf: Amerikaanse Ope 1990
 11.00 Gardens of Stone

6

DONDERDAG

TV1
 05.15 Larry King
 06.00 Good Morning South Africa
 08.25 Future Watch
 1.00 News Headlines
 1.30 Business Day
 2.00 Programroosters
 2.03 Telerama
 3.00 Historically Speaking
 3.30 Adventures of Teddy Ruxpin II
 3.55 Bible Story
 4.00 Carol Burnett and Friends
 4.30 Growing Pains
 5.00 Innovations
 5.15 Zapmag
 5.45 News
 6.00 Santa Barbara
 6.30 Rusteloze Jare
 7.00 Meester
 8.00 News
 8.35 Evening Shade
 9.30 thirtysomething
 10.00 Agenda
 11.00 Tennis: French Open
 00.00 Epilogue
 00.05 Transmission ends

TV234

1.00 Ezodumo Ntome Tsebe Thenga Isipho Jazz Jazz Jazz
 3.15 Ezabantwana Tsa Bana
 3.45 Telerama
 4.15 Let's Be Creative
 4.30 Masidlele
 4.40 Ikahaya La-bantwana
 4.50 Road to Health
 5.00 Capitol
 5.30 The Bold & The Beautiful
 5.57 Evening Prayer
 6.00 Toyoda Top 20
 7.00 News
 7.30 In-Depth Programme (TV2)
 Pick a Box
 8.00 526 Dibe (TV3)
 8.30 Tumisang'Dumisani
 8.55 News Update
 9.00 Programme Line-up
 9.04 Callie and Son
 9.57 Cheers
 10.25 Harmony Gold
 Presents: The Blue Hotel
 11.24 Die Rebeiro's van Sao Paulo (Malu Muller)
 00.00 Transmission ends

M-NET

INTEKENARE:
 10.28 Stasie open
 10.30 Mafia Princess
 12.05 Fashion
 12.30 Stasie sluit
 INTEKENARE:
 2.58 Stasie open
 3.00 Dumbo's Circus
 3.30 The Smurfs
 4.00 Wowser
 4.15 Star Trek
 4.40 Supersport Festival of Racing
 5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
 5.30 Tell Me Why
 5.35 Betty's Bunch
 5.55 Jake's Fitness Minute
 OOPTYD:
 6.00 Loving
 6.30 Wings
 INTEKENARE:
 7.00 Revue Plus
 8.00 The John Berks Show
 9.00 Moonraker
 11.05 Supersport: Krieket
 11.35 Shootdown
 01.20 Stasie sluit

ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

Vir 'n reeks soos Meester wag mens graag 10 maande

WAT klink droër as 'n TV-reeks oor die Afrikaner se stryd om sy taal erken te kry ná die Anglo-Boereoorlog? En tog het Paul C Venter met dié gegewe as die agtergrond 'n verwikkeld, menslike en uiters vermaaklike verhaal geskryf met elemente wat vandag nog geldig is.

Venter het glo self gesê dis baie maklik om stories oor die geskiedenis te skryf, want "dis alles daar en herhaal homself oor en oor en oor". In sekere opsigte is dit seker waar. Die skrywer begin met 'n voorsprong omdat hy reeds 'n rykheid van stof het om van te kies. Hy kan as 't ware net gaan sit en besluit op watter tydstip hy met sy storie wil inval. Andersys het só 'n "historiese" storie heelparty slaggate, waarvan die grootste sekerlik is die kykers van vandag se vooropgestelde idee dat geskiedenis stowverig - veral dié deel van die geskiedenis wat Venter gebruik het as die agtergrond van Meester - en gesien in die lig van vandag se opwindende gebeure wêrelwyd nie meer relevant is nie.

Die slaggate het Venter met die grootste gemak gesystap. Hy vertel nie net die geskiedenis oor nie, hy blaas lewe daarin en hy laat val die klem op sake wat vandag nogstrydpunte is, soos die behoud van etniese identiteit en die letsels wat oorlog laat.

Meester speel hom af in 1902 tot 1907 - net ná die Tweede Vryheidsoorlog toe die Boere-krygers, verbitter en verneder, teruggekeer het huis toe van die veld en van die krygsgevangenkampe om vernielde lande, afgebrande huise en 'n gesin te vind waarvan een of 'n paar van die lede in die konsentrasiekampe omgekom het. Van daar moes hulle van voor af hulle plase opbou, leer om hulle verliese te verwerk en boonop gewoond raak aan die idee dat hulle land nou aan die gehate Engelse behoort en selfs hulle skole net Engels is. Die enigste raad wat die Boere met die laasgenoemde probleem gehad het, was om met die karige middele tot hul beskikking plaaskooltjies - of Boereskole - op te rig waar hulle kinders minstens in hulle eie taal opgevoed kon word. Meester is die verhaal van een so 'n skool.

Die meester is Hermanus Havenga, wat uit ballingskap van Ceylon terugkeer met die idee dat hy sy gestorwe broer se plaas sal opbou en na sy familie sal omsien. Dit was sy laaste belofte aan sy broer. Daarom wil hy eers niks te doen hê met die gemeenskap se versoeuk dat hy met 'n Afrikanerskooltjie begin nie. Uiteindelik neem gebeure sy loop en bevind Hermanus hom weer voor 'n klas...

Die eerste verrassing van die reeks is die hoofkarakter: 'n held met heelparty gebreke. Hy kom van Ceylon terug met 'n drankprobleem - die laaste ding wat 'n mens sou verwag van 'n held uit daardie tyd. Daar is ook suggesties van 'n seksuele spanning tussen hom en sy skoonsuster. Hy was aanvanklik die een wat by haar vierk gesleep het, maar uiteindelik het sy die ja-woord aan sy broer gegee. Ook het hy 'n vurige humeur, wat hom binne die eerste paar minute van die reeks in meer as een vuisgevend en selfs die tronk laat beland. Geen wyse, besadigde meester hier nie! Wat die gebeure self betref, het Venter dit só geskryf dat dit onregstreeks kommentaar lewer op mense se vermoë om te kan kommunikeer en hoe die gebrek hieraan kan lei tot misverstande, wantroue en uiteindelik aggressie. Die verhouding tussen die Boere en die Engelse word nie net wit/swart uitgebeeld nie, maar met heelwat nuanses. Daar is onder andere die polisiersantjie, ene Morton (Wilson Dunster), wat skuldig voel oor die manier waarop die Boere deur die Engelse behandel word, maar nie heeltemal weet wat om met dié gevoel van hom te maak nie; die magistraat

(Michael Atkinson) wat eenvoudig geen begrip het vir die diepte van die haat wat die mense van die dorp het vir die joiner (André-Jacques van der Merwe) nie. Die oorlog is mos verby...

Daar is 'n pragtige toneel waar sy dogter, een van die onderwyseresse by die "goewernmentskool", in wit saam met een van haar kollegas op 'n groen grasperk rinkink toe 'n perdekarretjie met ou Tant Miem en die dominee - albei in swart - in die oprit stilhou. "Nee, nie nou nie. Nie vandag ook nie," sê die magistraat met groot gevoel. Die somberheid van die gemeenskap waarbinne hy hom bevind, werk 'n bietjie op sy seneweens...

'n Vermoë waaroor Venter ook beskik (in Arende kon jy dit ook sien) is om nooit in sak en as te verval nie - al is die situasie hōē tragies. Hy sal die ontroering van 'n oomblik net lank genoeg hou om jou as 'n kyker 'n knop in die keel te gee, voordat hy dit met 'n vinnige komiese kwinkslag of incident verlig. En hiervoor het hy 'n karakter geskep wat seker een van die snaaksstes is wat ons nog op die TV-skerm gesien het: die eksentrieke Tant Miem Richter. Met Lida Botha, wat sulke opmerkings soos "Sy het sulke hōē stêre soos 'n tronkvenster" lewer sonder om 'n oog te knip, het Venter 'n onvergetlike vroue-figuur geskep en een wat waarskynlik net so 'n kultusfiguur sal word as Franz Marx se Tan' Stienie. Met sy karakters beweeg Venter weg van die stereotipe. Daar is byvoorbeeld die dominee, wat 'n skaapool en lammetjie as dankoffer kry en dan ewe dierbaar die lammetjie met boorseep wil was om hom darem skoon aan sy ma terug te gee. Dié toneel het in die hande van die bedrewen regisseur, Annie Basson, 'n amper lriesie

kwaliteit gekry: Tant Miem wat, nat lam onder die een arm, teen die son in uit die stal stap, die druppels 'n silwer waaier omhaar.

Basson se regie is die tweede element wat van Meester só 'n besondere reeks maak. Sy skets die Vrystaat in nostalgiese hale, bring die fyn nuanses in die verhoudings tussen karakters na vore en wys ons 'n gemeenskap wat enige tyd met dieselfde emosies en vooroordele as vandag s'n worstel; trouens, die mense is só herkenbaar 'n mens vergeet soms jy kyk na 'n sogenaamde periode-reeks.

En dan is daar die akteurs. Die twee hoofspelers, Hannes Muller, wat Hermanus speel, en Susan Coetzter, wat sy skoonsus, Ralie, is, bewys die televisie hoof geen tree agteroor te staan vir die teater of die silwerdoek as dit kom by gehalte nie. Hannes is 'n betreklike nuweling op TV (hy was al in heelparty TV-advertensies), maar speel die meester met 'n deernis wat 'n mens aan die hart gryp. Susan het vir die eerste keer 'n rol op TV wat reg laat geskied aan haar talent as 'n aktrise én haar uitsonderlike rooikop-skoonheid. Die eerste ontmoeting tussen haar en Hermanus wanneer sy hom vir die eerste keer ná die oorlog en die dood van haar man en sy broer sien, bly 'n mens lank by. Meester is die eerste plaaslike Afrikaanse reeks in tien maande op die kassie. As die lang wagtyd egter beteken ons kry reekse van só 'n hōē gehalte wag ons met die grootste plesier. Annie Basson en Paul Venter het hier 'n reeks geskep wat 'n toonbeeld is van hōē goed Suid-Afrikaanse TV kán wees, en watter skande dit sal wees as die SAUK produkte van só 'n hōē gehalte gaan inboet ten gunste van goedkoper, minderwaardige buitelandse reekse.

NUWE SKEDULES, MINDER KYKSTOF

TV1 speel van Maandag weer "musical chairs" met sy skedules - duidelik om die "aanslag" van M-Net se verlengde "oop" kyktyd in Julie teen te staan. M-Net se "oop venster" duur van 1 Julie van vyf tot sewe-uur en "toevallig" is dit hoofsaaklik die vyf tot sewe-kykgleuf van TV1 wat deur die veranderings geraak word. Of al die veranderings so wys is, sal ons nog moet sien. 'n Paar lyk bra vreemd.

Programme wat geraak word, is die arme Antenne/a, wat nou al vir die vierde - of is dit vyfde - keer verander of rondgeskuif word. Dié program sal voortaan om 5nm op 'n Maandag en Donderdag uitgesaai word, terwyl die strooisages Santa Barbara en Rustelose jare tussen 6nm en 7nm vertoon gaan word. Dié omruiling is veral on-sinnig. Die kykersgehoor van vyfuur en dié van sesuur verskil tog heeltemal. Die meeste mense wat teen sesuur TV wil kyk, is mense wat tot vyfuur by die werk is en beslis nie tyd het om strooisages te volg nie. Nou word hulle skielik, van Maandag tot Donderdag, aan twee soaps ná mekaar onderwerp, waarvan die een by episode 11 is uit 104 en die ander by episode 28 uit 104; dit wil sê, kykers wat nie daardie soort oppervlakkige, soutlose, verstandeloze middagreekse volg nie, moet nou vir die volgende 104 dae vir 'n hele uur in die aande daarna kyk.

Interessant is dat in Amerika 'n baie duidelike onderskeid getref word tussen die sogenaamde middag-soaps, wat uit emosionele intrige op intrigue bestaan, maar min geweld en min seks bevat (dus die TV-elewkie van die Lux-vervolgverhale oor die radio) en die aandsages soos Dallas en Dynasty, wat min of geen doekies ondraai nie.

Dan weer word 'n interessante joernaalprogram soos Antenne/a nou om vyfuur in die middag gewys, die kykgleuf waarin jeugprogramme soos Tekkies en ZapMag uitgesaai word. Wys my die logiese denke agter dié besluit!

PAV, EN DIE ANDER KANT VAN DANCES WITH WOLVES

Die onmiskenbare hoogtepunt dié naweek op M-Net is The Pavarotti 30-Year Career Celebration Concert om 10:15nm Saterdaag. Hierin vier dié groot Italiaanse tenoor sy loopbaan van 30 jaar in die beeldskone Romolo Valli-operahuis in Reggio Emilia, waar hy sy debüt jare vantevore gemaak het. Saam met hom tree verskeie bekende operasangers op, onder andere Plácido Domingo en José Carreras, saam met wie hy verlede jaar die skouspelagtige konsert in Rome aangebied het.

Ook op M-Net is die mini-reeks Son of the Morning Star, wat Maandag en Dinsdag om 7nm vertoon word. Dit wys as 't ware die "ander kant" van Dances with Wolves. Son of the Morning Star is die naam wat die Crow-Indiane die omstrede genl George Armstrong Custer in 1866 gegee het. Custer het die Sewende Kavallerie aangevoer wat die opdrag gehad het om die pioniers en treinstoorbouers teen Indiaan-aanvalle te beskerm. Custer was egter 'n arrogante, flambojante man wat dikwels gesag verontgaan het. Nadat die Indiane verslaan en die oorlewendes in reservate gedwing is, lei Custer se arrogansie en egotisme tot sy ontslag uit die Kavallerie en uiteindelik tot sy grootste vernedering in die laaste Indiaan-opstand by Little Big Horn - vandag bekend as Custer's Last Stand...

Gary Cole van Midnight Caller speel Custer. Mike Robe is die regisseur. Die reeks is geborg op die biografie van Custer deur Evan S. Connell.

HOOGTEPUNTE

VANDAG:

- * Die uitsending van die Comrades-marathon, wat reeds om 5:45nm op TV1 begin.
- * "Take the Money and Run" om 9:04nm op TV4, een van die eerste Woody Allen-prente.
- * "Gardens of Stone" om 9nm op M-Net, Francis Ford Coppola se "ander" Vietnam-prent. Met James Caan en James Earl Jones.

MÔRE:

- * Pavarotti om 10:15nm op M-Net.
- * "And Justice for All" met Al Pacino om 9:30nm op TV1.

SONDAG:

- * "Cocoon, the Return" om 8:30nm op M-Net. Die titel sê genoeg.
- * "Lesson from Aloes" om 9nm op TV1, die regisseur Peter Goldsmid se uitstekende TV-weergawe van Athol Fugard se drama oor rasse- en persoonlike verhoudings en die uitwerking wat apartheid daarop gehad het. Met Louis van Niekerk, Shelagh Holliday en Bill Curry.

MAANDAG:

- * "Son of the Morning Star" om 7nm op M-Net.
- * Die oorhandiging van die Tonys om 9nm op M-Net.

DINSDAAG:

- * 'n Onderhoud met Gérard Depardieu in "Entertainment International" om 11:34nm op TV4.


WOENSDAG:

- * "Never Cry Wolf" om 9nm op M-Net, oor 'n Kanadese bioloog wat saam met wolwe gewoon het in die Noordpoolwildernis met die doel om hulle te bestudeer.

DONDERDAG:

- * Lewe ná die dood is die onderwerp van "The John Berks Show" om 8nm op M-Net.
- * "Meester" begin om 7nm op TV1.

Pure poetry



Die aanhaling van Norman Mailer kom uit verlede week se *Vrye Weekblad*-artikel oor Bob Dylan: "If Bob Dylan is a poet, so is Cassius Clay." Oor ou Bob kan 'n mens seker lank stry, maar Cassius, ofte wel Muhammad Ali, se credentials is onbesproke.

Sy rympies was nie watwonders nie, maar in die kryt was hy pure poetry.

DIE WEEK SE TV-SPORT

Die Comrades-Ultra is beslis die naweek se groot sport-hoogtepunt en word mōre van 05:45 regstreeks enduit op TV1 en TSS uitgesaai.

Benewens die verwagte stryd tussen Bruce Fordyce, Willie Mtolo en Niek Bester om die eerste plek, en Frith van der Merwe se poging om 'n plek onder die eerste tien los te hardloop, sal daar ook op die drama van die agterosse gefokus word.

Die Franse Ope oorheers die res van die week op die SAUK se kanale. M-Net wys Sondag- en Dinsdagoggend internasionale boks - wat drie wêrelde-titelgevegte insluit - regstreeks.

Sondag pak Terry Norris vir Donald Curry en Meldrick Taylor vir Luis Garcia, en Dinsdag boks Thomas Hearns teen Virgil Hill.

DIE WEEK SE VOLLEDIGE PROGRAMME IS:

SAUK:

Vrydag, 31 Mei: TV1, 05:45 en 10:20; TV4, 07:00 - Die Comrades. 11:00: Tennis: Die Franse Ope. 18:30: Gillette World Sports Special.

Saterdag, 1 Junie: TV1, 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne; Gholf: Sharp se winterreeks en die Europese toemooreeks; Tennis: Franse Ope; Rugby: Lionbeker. OP teen WP op Boet Erasmus.

Sondag, 2 Junie: TSS, 11:00 Franse Ope. Laataand - Motorsport: Kanadese Formule 1 Grand Prix.

Maandag, 3 Junie: TV1, 08:40 en 11:15; TSS 13:00 - Tennis: Franse Ope. 21:00 - Tennis-hoogtepunte en motorsport.

Dinsdag, 4 Junie: TV1, 08:40 en 11:15; TSS 13:00 - Tennis: Franse Ope. 21:00 - Tennis-hoogtepunte.

Woensdag, 5 Junie: TV1, 08:40 en 11:15; TSS 13:00 - Tennis: Franse Ope. 21:00 - Tennis-hoogtepunte.

Donderdag, 6 Junie: TV1, 08:40 en 11:15; TSS 13:00 - Tennis: Franse Ope. 21:00 - Tennis-hoogtepunte.

M-NET:

Vrydag, 31 Mei: 18:30 - The World of National Panasonic. Saterdag, 1 Junie: 15:00: Motorsport News; Boks vanaf Nasrec; Gholf: Amerikaanse PGA-reeks; Perdewedrenne vanaf Greyville.

Sondag, 2 Junie: 04:00 Boks: Internasionale toemooi vanaf Palm Springs. 14:00 - The World of National Panasonic. 17:00 - Gholf: Britse Meesters.

Dinsdag, 4 Junie: Vroegoggend: Internasionale boks uit Amerika. 21:00 Tennis: Chris Evert's Wimbledon Farewell.

Donderdag, 6 Junie: 23:00 - Krieket: Engeland teen Wes-Indiese Eilande.



S P O R T R U B R I E K TINUS HORN

Bokke het genoeg talent; net ervaring kom kort

AS Suid-Afrika mōre weer kon toetskrieket speel, sou ons dadelik reg gewees het vir die wêrelde se voorste eendag-spanne. Verlede Saterdag se eendagtoets tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande, wat van begin tot einde regstreeks op M-Net uitgesaai is (ja, al agt ure daarvan), het gevys dat die kolf-, boul-, en veral veldwerk in ons plaaslike reeks van wêrelde gehalte is. Engeland én die Windies het goed in die veld vertoon, maar van die briliantheid wat ons week ná week in die Benson & Hedges-aandreeks en die reeks om die Nissanskild sien, was daar in die toets geen sprake nie. In Suid-Afrika is regstreekse trefgoorie na die paaltjies van alle uithoeke van die veld af g'n uitsondering meer nie; dis die reël. En die vangwerk in Suid-Afrika moet sekerlik goed opweeg teen die beste ter wêrelde. Ook ons boulers staan g'n tree terug vir enige wat Saterdag in die toets in aksie was nie.

Alan Lamb het dit Saterdag bewys en die jong Neil Fairbrother het dit Maandag onderstreep: Die Windies se snelaanval is beslis nie meer die verkrikking van vier, vyf jaar gelede nie.

Dit wil lyk asof Malcolm Marshall en Courtney Walsh albei die afgelope jaar of wat 'n bietjie spoed ingeboet het, maar 'n mens sal eers vir seker weet wanneer ons hulle in die vyfdaagse toetse in aksie sien, waar hul aanloope nie beperk word nie.

En in Engeland se snelaanval is daar nie 'n enkele boul wat naastenby so vinnig soos Suid-Afrika se Allan Donald boul nie. Manne soos Tertius Bosch en Steven Jack is waarskynlik ook heelwat vinniger as Philip de Freitas, die vinnigste Engelse boul.

Waar ons egter by die Engelse afsteek, is

beheer. In teenstelling met die Windies, wat só wild geboul het dat hulle in die eerste toets 'n nuwe rekord vir ekstras opgestel het, was die Engelse boulers met die uitsondering van Chris Lewis uiters akkuraat.

(Oor daardie ekstras: Die skeidsregters het die boulers genadeloos gestraf vir enigets wat net wou lyk asof dit wyd aan die bykant was. Net soos ons rugbyspelers nou sukkel met die internasionale interpretasie van die lynstaanreël, sal ons boulers bars om aan te pas by die strenger beheer oor 'n boul se rigting).

Wat die kolfwerk betref, was Lamb Saterdag verreweg die indrukwekkendste, maar as die hoogtepunte 'n getroue aanduiding was, was Fairbrother se blitsige honderdtal Maandag brilant. Dis 'n goeie teken vir Engeland, wie se vertoningslys in vyfdaagse reekse die afgelope paar jaar maar oes lyk.

Graeme Hick het die Windies se wipbal-aanslag in die eerste toets oorleef en lekker in die derde gekolf en ook hy gaan nog baie boulers moedeloos maak.

Nietemin lyk Suid-Afrika se eendag-kolfflys vir 'n partydige waarnemer ten minste net so sterk soos Engeland s'n.

Adrian Kuiper, Jonty Rhodes, Darryll Cullinan, Andrew Hudson, Jimmy Cook, Kepler Wessels, Peter Kirsten... en nog baie ander om van te kies. Boonop is baie van ons boulers behendig met die kolf. Manne soos Corrie van Zyl en Craig Matthews hoort nie werklik aan die sterkant nie.

Eendagkrieket, hier kom ons. En vyfdaagstoets? Dis nou weer 'n ander storie... soos Engeland ook binnekort gaan agterkom.

Hou sokker uit die hof

MANY heavyweights of South African soccer must have sighed with relief after the SA Football Association's recent decision to amend its constitution to prohibit clubs from seeking court orders against verdicts of SAFA's disciplinary committee.

This dramatic move was prompted by the costly legal battle in the Supreme Court between Africane Wanderers and Cape Town Spurs, which resulted in Wanderers' reinstatement to the first division.

The league had earlier ruled that Spurs were eligible for promotion to the first division at Wanderers' expense. Wanderers were relegated to the second division (OK League).

Wanderers decided on legal action and the Supreme Court ruled in their favour. All six games Spurs had played up to that point were declared null and void.

It is clear that Wanderers' actions harmed South African soccer. Not only did they

undermine the League's authority, but more importantly, they wasted a lot of time and money.

Can the already impoverished clubs concerned afford this burden? If so, they can stop complaining about their financial affairs.

Of course, it would have been unsatisfactory if clubs had no recourse if they felt dissatisfied with SAFA's decisions, but this problem has been addressed.

Aggrieved parties reserve the right to appeal to the newly established Appellate Board.

Hearings will be chaired by a retired judge or an independent attorney.

The amendment has found favour in soccer circles, since it brings SAFA's constitution in line with that of international controlling bodies such as FIFA and CAF.

Let's get on with the game. - PHINEUS TSHUKUDU

Duitsland: Prestasie-ontploffing kom

Wes- én Oos-Duitsland was jare lank groot presteerders op die sportveld, en nou dat hulle verenig is, gaan die nuwe supermoondheid hom waarskynlik as die wêreld se voorste sportland vestig.

ERNST SCHMICKLER van INP meen selfs *Amerika* en die *Sowjet-Unie* moet volgende jaar by die Olimpiese Spele lig loop vir Duitsland en voor spel nog groter prestasies vir die toekoms

DIE totstandkoming van 'n vereenigde Duitsland vroeër vanjaar het die twee van die wêreld se magtigste sportlande saamgesnoer om 'n eenheid te vorm wat stellig nie sy gelyke elders ter wêreld het nie.

Die eerste magsvertoon van die "nuwe" Federale Republiek was die binnenshuise Wêreld-atletiekbyeenkoms in Spanje, waar Duitsland ses goue medaljes verower het; 'n prestasie wat net deur die Sowjet-Unie oortref is. En Duitsland kon maklik eerste geëindig het, as Heike Drechsler, die verspringer, nie haar swakste aand in jare beleef het nie.

Sy is naelskraap deur die Sowjet-atleet geklop. Sy kon net 6,82 meter behaal, teenoor die 7,18 meter waarmee sy twee weke vroeër die Duitse verspringtitel gewen het.

Boonop kon die naelloop-sensasie, Katrin Krabbe, haar nie by die 60m-wedloop aanpas nie. In Barcelona sal sy waarskynlik die 100 en 200 wen.

Dit sal niemand dus verbaas as Duitsland volgende jaar se Olimpiese Spele oorheers nie. Maar 'n werkelike prestasie-ontploffing word vir 1996 in die vooruitsig gestel.

Wanneer dit by prestasies op die sportveld kom, is getalle baie belangrik. Hoe groter 'n land se bevolking, hoe groter die kans dat hy baie presteerders oplewer. Maar benewens die ooglopende voordele wat 'n verenigde Duitsland om dié rede inhou, is daar ook ander redes waarom kenners groot welslae vir Duitsland in die volgende dekade voorspel.

Daar heers veral groot opgewondenheid oor die lesse wat die ooste en die weste by mekaar kan,

leer.

Hulle het tussen 1964 (toe Duitslandas 'n eenheid in Innsbruck en Tokio deelgeneem het) en 1990 twee uiteenlopende benaderings gevolg om prestasies op die sportveld te bevorder - met uiteenlopende resultate.

In die kommunistiese Duitse Demokratiese Republiek (DDR) is daar groot klem gelê op Olimpiese sportsoorte, omdat prestasies by die Spele groot propaganda-waarde gehad het.

Die Federale Republiek (Wes-Duitsland) wou natuurlik ook graag by die Spele presteer, maar professionele sportsoorte soos sokker en tennis het veel groter aantrek onder talentvolle jong sportsterre geniet. Die regering het dan ook hierdie neiging raakgesien en meer geld aan dié sportsoorte bewillig. Die gevolg was dat Oos-Duitsland in 'n magtige Olimpiese span ontwikkel het, terwyl Wes-Duitsland se grootste prestasies die afgelope dekade op die sokker-veld en tennisbaan behaal is.

Daar was ook ander verskille. Hoewel die regering van die DDR graag die beeld van 'n sportnasie voorgehou het, was die persentasie sportmanne en -vroue in Wes-Duitsland baie groter, omdat sport vir almal toeganklik was.

Om in al dié sportmanne se behoeftes te voldoen, was daar 150 000 sport-geriewe (bane, velde, gymnasiums, ens) in Wes-Duitsland, teenoor slegs 35 000 in Oos-Duitsland.

Net diegene wat vroeg al 'n besondere talent ten toon gestel het, het in Oos-Duitsland die kans gekry het om die sportsoort van hul keuse te beoefen. Van informele sport was daar byna geen sprake nie.



Hoogspringer Heike Henkel en verspringer Dietmar Haaf van Duitsland met die goue medaljes wat hulle vroeër vanjaar by die binnenshuise Wêreld-atletiekbyeenkoms in Spanje ingepalm het. Albei staan 'n goeie kans om volgende jaar dié prestasie by die Olimpiese Spele in Barcelona te herhaal. Haaf se grootste droom is om Carl Lewis te klop. Foto: INP

As die voordele van die onderskeie lande se sportbeleid behou en foute uitgeskakel kan word, kan dit Duitsland haas onoorwinklik op die sportveld maak.

Die DDR se grootste bate was intensieve afrigtingsklinieke, waar talentvolle jongelinge geslyp is om wenner te word.

Hoewel die klem wat op dissipline geplaas is, nie huis byval in die Weste sal vind nie, spreek die DDR se welslae vanself, en die Duitse regering het reeds begin om "prestasie-sentrums" soos dié wat in Oos-Duitsland bestaan het,

op te rig. Hier sal die room van Duitsland se sportmanne intensieve afrigting kosteloos kan ontvang.

Dié soort aanpak het egter ook sy nadelle; baie sportmanne ontwikkel eers laat, en vir hulle was daar in Oos-Duitsland geen kans om hul slag te toon nie.


Afrigters sou Boris Becker en Steffi Graf in Oos-Duitsland ook raakgesien het. Of dieselfde al die lede van die Wes-Duitse sokkerspan sou geld, is 'n ander vraag.

Daar word nou inderhaas nuwe geriewe in die vyf nuwe state in

die Federasie geskep, om te verseker dat almal 'n gelyke kans kry om op klubvlak deel te neem. Siniese waarnemers meen daar is vir die voormalige atlete van die DDR 'n nuwe dryfveer wat lankal deel van sport in die Weste uitmaak. Harde kontant.

In die DDR is top-atlete egter ook bevoordeel. Nie met geld nie, maar met goede woonstelle en oefengeriewe. Hulle het eintlik nog meer rede gehad om te presteer as nou. Sodra hulle nie meer goed genoeg was vir die nasionale span nie, kon dié voordele byna oorlog van hulle weggegneem word.

die versamelende werke van Happy Richter - Nardus Nel



Happy is laasnag dood... die bliksem. Happy het my daardie keer vertel hy het soms in die winter skelman in die treine by die Braamfontein shunting jaart gaan slaap vir 'n bietjie warmte en luukse. Happy het seker in die donkerte van sy kompartement sit en bloutrein drink en toe sy spirits hoog was 'n zol gelaai en toe het daai bloutrein seker vlamgevat. Omrent al wat van ou Happy oorgebly het, is die berig in vanmiddag se *Star*. Die berig lui dat 'n leerbeursie aan die persoon (in dié stadium nog non grata) gevind is. In die beursie is net 'n paar oulap en 'n stukkie vuil papier gevind met 'n Afrikaanse gediggy daarop geskrywe. Wat hulle toe publiseer. Voorts lui die berig dat 'n woorvoerder van Transnet sê die aangeleentheid oor die tramps wat op die treine slaap geniet aandag op 'n hoë vlak en dat hy geen verdere kommentaar daaroor het nie.

(Dan gebruik hulle ook nog 'n foto van 'n paar hande wat die beursie met sy inhoud vashou met die afgebrande trein so half uit-fokus op die agtergrond. Dan sluit die storie af met bel asb. sersant Pote Maritz by moord & roof indien iemand die identiteit van die beursie-eenaar ken.)

Ek het al op 1 Desember 1975 as 'n jong fotograaf by die destydse *Vaderland* begin werk en soos alle koerantlesers weet, is Desembermaand maar saai sover dit die nuus aangaan.

Elke verslaggewer word die een of ander tyd gestraf met 'n storie oor die boemelaars in die Kerstyd. Wat hulle met hulself oor die feesdae aanvang, verlang hulle na hul familie en eertydse vriende en dies meer.

Daardie dag, 'n Vrydag en my werk-naweek, was daar nie 'n verslaggewer beskikbaar nie. En dis weer tyd vir die jaarlike boemelaar-storie. Die nuusredakteur vra my toe om by Joubertpark so 'n paar boemelaars te gaan afneem en dan sommer so 'n paar sinne te tik oor wat die outies te sê het oor Kersfees. Dan kan ek dit Sondagmiddag vir 'n verslaggewer gee wat weer op sy beurt iets daaruit kan saamflans vir Maandag se koerant.

Happy het op sy maag op 'n bankie in die park gelê en skryf. Nie aldag dat 'n mens 'n boemelaar in dié posisie sien nie het ek gedink terwyl ek hom deur my 80 - 200mm Nikkor-zoomlens beloer.

Hy skryf seker 'n brief vir Vader Kersfees - kan nogal 'n nice onderskrif vir die foto wees, siende dat ek nou reporter ook moet speel.

Ek is diep ingedag toe ek uiteindelik

die Nikon se shutter druk om die boemelaar se Kersvaderbrief op film vas te lê.

Toe hy die kamera hoor kliek, vlieg hy op en sê, "Haai ou, ek nie famous nie, snap eerder vir Jim Reeves as jy dan moet."

"Skryf jy 'n song vir hom?" vra ek om 'n gesprek te probeer aanknoop. "China, hy kan my nie bekostig nie," sê hy terwyl hy nader stap en sy hand uitsteek. "Herman Johannes Richter is my naam, noem my sommer Happy."

Happy sê nie die saak is reg, ons kan praat oor Kersfees, as a matter of fact kan ons oor enigiets gesels. Net solank ek vir ons 'n bottel dop gaan koop. En Happy het gepraat en gepraat en ek het aantekeninge gemaak. Happy het baie stront ook gepraat. Later vra ek wat hy geskrywe het toe ek daar aankom, toe sê hy my hy skryf gedigte, jy weet, poems.

"Eendag wanneer ek famous is en ek die goed in 'n boek laat sit, sal jy ook vir jou pelle sê jy 't my geken. My china, ek droom oor daardie dag - daai dag boek ek myself vir 'n fortnite in by 'n massage parlour, jy weet die wat alles doen behalwe massage... en sê vir hulle, julle hou nie op massage voor die boek se royalties ophou nie."

'n Boemelaar wat gedigte skryf - hier kom 'n ding. Hierdie storie skryf ek self sonder 'n verslaggewer se hulp.

Ek het my opgewondenheid probeer wegsteek en vir ons nog 'n bottel dop gaan koop.

Later, toe ons gatte lekker stamp, het hy van sy gedigte aan my begin voorlees. Ek onthou nog hoe hy oor die "s'e sy tong gesleep het oor daar waar eers tande was.

Sy gedigte was sad. Sommige sommer baie sad, maar baie mooi. So hier en daar een met 'n lag by, maar meestal sad.

"Fokkit man," sê ek vir hom toe ons bottel nommer drie se nek breek, "veral die goed in Engels, dan kan Jim Reeves dit sing."

"Ek was juis besig om iets oor Kersfees te skryf toe jy en jou kamera hier aankom... Wil jy dit hoor?"

"Jy weet 'n man sit so heeldag hier tussen die Bethlehem-ster en Lieve-Jesus-is-gebore decorations dat 'n man nie anders kan as om daaroor te wil skryf nie."

Happy lees toe die gediggy vir my, sê ek kan dit sommer saamvat, want hy sien my oë fokus nie meer so mooi om dit neer te skrywe nie. Dan bring ek dit vir hom Sondagoggend terug wanneer ek die ou armyjas bring wat ek hom belowe het. "Afgespreek," sê ek en loop gou 'n draai

voor ek waai.

Toe ek die volgendeoggend wakker skrik, was my skok nog groter as die geklop in my kop toe ek die Saterdagoggend laat by die koerant opdaag en agterkom dat al die notas wat ek van Happy geneem het mooi netjies uit my reporters note-book geskeur was. Boonop was my leerbeursie ook weg en toe ek die film wou uithaal om te ontwikkel, was dié ook uit my kamera verwyder.

Die handewerk van Happy Richter... die bliksem.

Ek was in groot moeilikheid. Werk skaars 'n maand daar, kom laat by die werk aan, dan nog boonop half besope ook, en het nijs om te wys vir my vorige middag se laat werkery in Joubertpark nie.

Ek was unhappy.

Goddank dit was Saterdagoggend en die storie en foto's moes eers die Sondagmiddag persklaar wees.

Sondagoggend, armyjas in die hand, het ek vergeefs op die bankie vir Happy gewag.

Ek het toe maar so 'n paar ander boemelaars gaan afneem en na hulle sad stories geluister en so 'n ou Kersstorietjie saamgeflans. Net om my eie gat te red. Toe kom die *Star* vanmiddag met die storie oor die boemelaar wat in die trein verkool het en die gediggy in sy (seker my) leerbeursie agtergelaat het. Dis nou al amper vyftien jaar later, en ek het ou Happy nooit weer met 'n oog gesien nie.

*weer alleen
soos laasjaar
en die jaar
voor laas
soos altyd
voel dit
as ek
in die park
Kersfees bou
God
ek is
mos nie
'n eekboring nie*

Ja, uiteindelik het ou Happy toe tog gepubliseer. Eintlik bevat hierdie berig in vanmiddag se *Star* die volledige versamelde werke van Happy Richter.

Toe val my oog op die advertensie in die *Star Classified*. For a discreet massage, please phone Debbie... en hulle gee die nommer.

VII

Vrye Weekblad plaas elke tweede week 'n kortverhaal. Verkieslik ongepubliseerde kortverhale in Afrikaans of Engels, nie langer nie as 1 200 woorde, kan gestuur word aan: Vrye Weekblad Fiksie, Posbus 177, Newtown 2113. Die redaksie sal besluit watter verhale geplaas moet word en geen korrespondensie sal oor dié keuse gevoer word nie. Skrywers ontvang R250 vir 'n verhaal/verhale wat gepubliseer word.

Grondpaaie, hansworse en trane

Vier nuwe digbundels het onlangs by **JUSTIFIED PRESS** verskyn: David Friedland se *The Event*, Robert Greig se *In the Provinces*, Geoffrey Haresnape se *New-Born Images* en Bernard Levinson se *Welcome to the Circus*. **MARIUS CROUS** bespreek die bundels

DAVID FRIEDLAND se verse in *The Event* sentreer veral rondom die volgende temas: God en die skepping, meta-poësie, perspektiewe op 'n stadsbestaan, liefde en die dood. Die verse is deurgaans filosofies en besinnend van aard; ondanks die soms "whimsical and witty" toonaard wat aangetref word.

Die bundel open met 'n reeks verse oor die skepping van die aarde en die vers "Fire" sluit op 'n interessante en vernuwendiese wyse aan by die sogenaamde Chain of Being-teorie. In "The God" (p 15) word die skeppingsmite soos volg verwoord:

let there be cells of sensation and feeling also
Quicker than the light that falls from the clouds
But there shall be no rest, and always silence
Though pain spills from the flesh
And the needle flash scars a million cells

Die geding met God is na al die jare nog sterk aanwesig in dié poësie en in 'n vers soos "The Proof" (p 19) versug die spreker:

I'm tired of writing poems about God
He doesn't exist so why can't I leave him alone
In his heaven of not being
And he should leave me
Alone in my heaven of not believing

Die verse oor die dood in die bundel is van die beteres. In "Separation" (p 30) word haat uitgespreek teenoor iemand wat doodgegaan het en die spreker agterlaat. Die lang gedig "To Phoebe" (p 33) handel oor die ongelukkige oorgewig meisie wat selfmoord gepleeg het. Die spreker in die vers is taamlik gedistansieerd en beskryf haar landing op die aarde bloot as "Flop". In die laaste gedeelte van die bundel word veral gekonsentreer op verse wat handel oor die skryf van poësie. In "The Scavengers" (p 48) word die aktiwiteit as volg verwoord:

Poets don't pick flowers in the sun
Intrepid and colour-blind they search for carcasses
And relieve them of carrion
But it's the bones these scavengers want...

Die digter as aasvoël? En in sy aastog op soek na beendere neem die digter sy omgewing miniskul waar. Getrou aan die Suid-Afrikaanse skuldkompleks, kom dié stukkie politiek en politiese observasie ook by. In "Blindman" (p 37) word so terloops na "the people we call blacks" verwys. Die verwysing lei drie verse oor die politiek in. Die clichés wemel in 'n gedig soos "Hit and Run" en so ook in die twee verse oor Afrika en Suid-Afrika. Ek het dit nie teen politieke verse nie, allermins, maar die indruk word dikwels gewek dat politiek bloot ingevoeg word om te dien as 'n CV in die kleine vir die digter. In geheel gesien is *The Event* 'n geslaagde bundel ondanks 'n oordrewe verbositeit by tye en 'n doelbewuste poging om óf betrokke óf enigmatis te wees.

Robert Greig se *In the Provinces* word ingeleit deur 'n lang inleiding van elf bladsye waarin hy die gedigte situeer en allerhande anekdotes vertel. Of dit nou werklik nodig was, betwyfel ek baie sterk. Die "Notes" aan die einde verskaf

genoeg inligting om die bundel te verstaan. Greig se verse is gesitueer in die Oos-Kaap en veral in en om die dorpie Salem. Dit laat mens dadelik dink aan Masters se *Spoon River Anthology*, waarin onder meer ook geskryf word oor die alledaagse lewe van 'n groep mense op 'n dorpie. Vir 'n leser van die Afrikaanse poësie is die twee verse oor Lady Anne Barnard ook interessant - veral omdat dit so regstreeks 'n vergelyking oproep met *Lady Anne van Antjie Krog*. Greig lê meer klem op Lady Anne Barnard se karikaturele voorstelling van die "Boors" - 'n terloopsheid by Krog.

Greig se poësie konsentreer op besinnende waarnemings van naturelemente in die omgewing. 'n Vers soos "In the Provinces" (p 24) kan gelees word as 'n loflied op die pastorale. Vergelyk die slot:

*Life is so fast in the capital
and replacements are hard to find.
The daily sun has virtue
though it's said to addle their pates.
My eyes are not keen as they were
but things, somehow, are brighter here,
and besides, like you, I thought long ago
there's not much in view.*

'n Geslaagde vers waarin veral die natuurwaarneming sterk staan, is "The Pond" (p 32). So ook die vers oor die bye (p 33) en die uitgesponne een, "Notes towards a definition of a tortoise" (p 34). In die geheel gesien is *In the Provinces* 'n goeie bundel pastorale verse; 'n voortgesette ewigdurende hunkering na die verlore paradys.

By die lees van Geoffrey Haresnape se tweede bundel *New-Born Images*, is 'n mens bedag vanweë die feit dat hy 'n professor in Engels is aan UCT en redakteur was van 'n poësietydskrif. Voorin is 'n volledige Acknowledgement oor die wel en wee van die versameling gedigte in die bundel. Is dit dalk 'n verkoopstruuk om na aan die traie Suid-Afrikaanse poësielesende publiek te wys dat daar darem iets in dié verse steek?

Benewens die blik op Suid-Afrika vanuit Engeland en die beskouing van die geskiedenis is daar in die bundel ook 'n gesprekvoering met ander digters. In 'n vers soos "At a poetry reading" (p 53) word een van die gevatteste voorstellings van hedendaagse digters nog, as volg verwoord:

*Today the poets are like angry hounds,
Baring their ideologies like fangs,
they gnash and tear;
I hear the snarls and snufflings everywhere.
Pieces (not peace) is their approach to flesh.*

Die Suid-Afrikaanse digter Breyten Breytenbach word in twee verse aangespreek (gedateer onderskeidelik 1973 en 1975). Veral die omskrywing van Breytenbach se optrede voor die somerskool in Kaapstad, is vandag nog net so ironies:

*They made you into their favourite son come home
from his wandering
determined to kill for you the fatted calf.
Young Mses from Stellenbosch*

were seduced by your powerful thoughts.

In die tweede Breytenvers word hy geplaas langs 'n reeks Engelse digters soos Brutus, Serote, Ruth Miller en Clouts, en die slot van die vers wat die dilemma van Breytenbach so saam:

*You know that poetry is made
where there's no ovation
from the nation,
Breyten.*

'n Reeks verse in die bundel is gesitueer in die Kaapse Skiereiland en daar word selfs gepraat van "This crafted Eden" (p 39). In dié paradyslike staat word gekyk na die geskiedenis aan die hand van 'n skildery van Bell en Rhodes se standbeeld. Net soos by Friedland word die politiek ingegooi om die bundel dan nou seker te balanseer. Aan die einde van "A student's Soliloquy" (p 46) vra die spreker:

*Is this a nightmare? or a thrill?
Dit kan verwys na Haresnape se politieke verse ook. Indie filosoferende gedig oor kameraderie tussen twee mans glip die "thrill" weer in:
I knew a sealed-off township seethed
with hate of domination.*

Haresnape se eksperimentering met patroongedigte soos in "Godnod" (p 22) en die slot van "To a squashed gecko" (p 57) is ná onder andere Herbert, ee cummings, Breytenbach en Paul van Ostayen regtig ietwat obsoleet. Haresnape se bundel getuig van fyn waarneming en vakmanskap, 'n knap illustrasie van "amount and diversity of material integrated" - 'n paar ergerlikhede ten spy.

Bernard Levinson, skrywer van *The Complete Runner's Guide to Sex*, skryf in *Welcome to the Circus* sensuele verse, waarin veral die Sheila-figuur sterk figureer. Die rol van die erotiek in die skryf van liefdespoësie word, net soos in die geval van Joan Hambidge in *Donker Labirint*, aan die hand van 'n visbeeld verklaar:


*Your tongue
swims inside my mouth
like a small fish.
It plays hide and seek
with all my words
I am lulled
into silence.*

Die maan word telkens gekoppel aan die vrou en later wil 'n mens saam met die openingsreël van "Sheila in her moon phase" (p 22) uitroep: "Not another moon". Levinson se romantiese beeld is dikwels erg gelyk (bv "A necklace of tears", lewens gebind soos Chinese voetjies en die "heart's dark salon"). Levinson se bundel besing vanuit 'n individalistiese oogpunt, sensualiteit en sensuele liefde. Miskien nie op dieselfde standaard as Haresnape nie, maar dit bevat tog verse wat lees die moeite wêr maak; al is dit dan nou net vir diegene op soek na smalserige romantiek.

Voorkamers van onse staat: from paternalist to corporate dominion to...

Strydom Square: a cruel exercise in the symbolism of racist amnesia. Effected with the bravura of Albert Speer, of those numbing displays he produced for führer and volk. A place of significance, for what, for whom?

ALAN LIPMAN wanders through the "public" places of *Pretoria*.



Strydom's head



Oom Paul.



The figure of Solomon Mhlangu.

the House, Parliament; under Admiralty Arch along The Mall to Buck House, the Palace; up Pall Mall past closeted decision-making in select, male, clubs to the spread of mercantile London; into the Strand toward The City, heart of imperial banking. And bordering the square: Canada House, South Africa House ... with the New Zealand tower and other relics of now-gone Empire in immediate vision.

Far below the Admiral's one-eyed, haughty gaze, an assembly of statues and august heads: George IV, Jellieco, Beatty, Napier ... four dispirited, worn-out lions; remnants of the "steady-boys-steady" days of gory colonial glory.

But there's an underside to all this. There's a history of public challenge; of popular demonstrations, marches, "sit-ins" reaching back to 1848, through Bloody Sunday 1887 to those years between and after the terrible wars of our century. Nowhere, though, among the plaques and busts on the stage of this long drama, is there a memorial to its significance as a public forum. Nowhere a marker of the exploitation and deaths that bolstered the men encased there in

garrisons, cricket-pitch, tram terminus ... now a traffic island - but always a site of symbolic exclusion. Throughout, a reserve for what, myopically, Herbert Baker saw as "the two races of South Africa" - both white. Throughout, a denial of place for the majority, except as alien subordinates, toilers or passive onlookers - socially invisible. As witness; the silences of official, sifted, history. Those narrative plaques at the foot of Oom Paul's characteristically stern, paternal stance. Old photographs, drawings and texts in architectural and other historical documents. Throughout, black people labour or watch, whites act decisively.

Current witness: the tightly contained, unsmiling, wary faces of a weapon-festooned, finger-on-trigger constabulary when, at a recent meeting on the square, a black speaker claimed it "for all South Africans". And a report that after a similar, earlier, meeting vigilantes had washed and scrubbed the five, "defiled", blocks of cast metal.

Direct, personal, paternal control. Feet firmly implanted in fire-power.

What are those four armed and, so obviously, psychically troubled watchmen defending? Against whom are they cradling their carbines? Now turn eastward, through the buzzing streets of commercial Pretoria - eager, apparently, to accept money from the excluded - to neighbouring Strydomplein. Another hero of state, Adv J G Strydom, late Prime Minister. Clearly a place of significance, for some.

The word is brutal, the symbolism that of corporate indifference; hard, implacable, near fascist.

The memorial is on the northern forecourt of an overbearing, bombastic Volkskas Headquarters Building. A conventional, commercial hulk onto which French Art Deco, Italian neo-Liberty and similar stylistic pickings have been planted, intrusively, aggressively. A block further east an import from the US, the new Reserve Bank. An hermetic, stark black, mirrored glass and polished granite shaft of offices - evoking bureaucratic, Kafkaesque frigidity. As do the neighbouring State Theatre, a transplant from Japan, and other ponderous, cosmopolitan borrowings. Including, from Brazil, the contorted hemisphere under which Coert Steynberg's sculpture is placed. (We architects seem eager to embrace the role of international gadfly, of cultural colonial.)

The bronze head of Strydom is, though, no import. This is corporate South Africa, 1970's. Severe, impersonal, obdurate, pitiless, brutal. The eyes in this huge, abstracted head are especially disturbing. As they stare oracle-like into a mythic future (past?) of, presumably, national purity, they overlook, they simply don't see present exploitation, injustice, deprivation, misery. Social and political invisibility have been fused. The helots, however, are to remain; productive but elsewhere, apart. Strydom Square, a cruel exercise in the symbolism of racist amnesia. Effected with the bravura of Albert Speer, of those numbing displays he produced for führer and volk. A place of significance, for what, for whom? Turn eastward once more. Nowto Mamelodi at the far, far end of Kerkstraat; a township pushed, as ever, to an urban extremity.

At a dusty, rudimentary, park abutting a main road, there's the tended garden of remembrance to Solomon Mhlangu, executed in the cause of that brutality. Here too, in this newly erected figure (April 1991), there's abstract symbolism, with a difference. An assertion by the unknown (!) sculptor of confident, popular resistance? Yes, and more: visible and inclusive - humanity proclaimed. And still more in this homely, stiff, awkward, and presently daubed piece? Unresolved, unschooled it is, but not untouched by a celebratory welcome to life that brings to mind those figures Picasso made at the close of World War II.

A place of significance for all.

SHOWPLACES of selected, filtered histories; cockpits of political contest, of rhetorical display; arenas of public performance: the pleins, squares, plazas of major cities - world-wide. Often, in metropolitan capitals, sites of officially endorsed ideology, palpable expressions of established power, front rooms of the state. Furnished, usually, with emblems intended to exhibit and reinforce authorised, declamatory, invariably male dominion: the Napoleon column

at Place Vendome, Paris; Nelson straddling Trafalgar Square, London; the Lenin Mausoleum in Moscow's Red Square. The state made manifest, sanctified. For a while: Bonapart, one recalls, was ripped from his eminence by angry communards in 1871. The others... Places like these are, or were, locales as well as symbols of national, on occasion of imperial might. Take Trafalgar Square: down Whitehall past administrative offices of state to

Wanneer word 'n mens 'n mens?

Kunsmatige bevrugting en aborsie stel baie vrae en etiese probleme aan die mens. Aan die wortel hiervan lê die omstrede vraag: Wanneer begin menslike lewe? *Ná bevrugting, eers met geboorte - of iewers tussenin?*

ESMA ANDERSON ondersoek dié debat

SES bevroe embryo's lê in Tennessee, Amerika, op ys terwyl 'n hofsaak om hulle "koppe" woed. Hul "ma" en "pa" is besig om te skei-en veg nou om voogdyskap van dié embryo's, wat net ná bevrugting bevries is.

Die kwessie waaroor besluit moet word, is of die embryo's eiendom of kinders is. Is hulle reeds mense met 'n reg op die lewe, of net sellejies?

Dié is maar net een van 'n hele klomp soortgelyke sake waarin die vordering van die mediese wetenskap mense nou met indringende etiese vraagstukke laat worstel.

Inmenging in die natuurlike gang van bevrugting en geboorte is nie meer vir ons iets nuuts nie. Dit bied hoop en hulp aan baie vroue en egpare.

Die etiese en morele aspek daarvan bied egter 'n tameletjie wat baie omstredenheid veroorsaak. Seker een van die eerste maniere waarop ingryping in die menslike voortplantingsproses plaasgevind het, was deur middel van voorbehoedmiddels - wat ondanks aanvanklike teenstand uitveral godsdiestige kringe, vandag baie algemeen in gebruik is.

Die volgende vraagstuk was dié van aborsie, wat in Suid-Afrika steeds net in uitsonderlike gevalle toegelaat word en nou selfs in Amerika heroerweeg word.

En vandag dryf kunsmatige bevrugting die etiese vrae oor die begin en die aard van lewe op die spits:

* 'n Paar maagde in Brittanje het hulle onlangs kunsmatig laat bevrug. Toe dié nuus bekend word, het 'n openbare storm in die land losgebars.

Die mense met morele besware sê die idee dat mens babas op aanvraag kan kry, is amper soos om 'n blikkie kondensmelk in 'n kafee te koop. Dit maak die lewe "goedkoop". Hulle meen ook dat kinders liefs met sowel 'n ma as 'n pa gebore moet word.

* 'n Skatryk egpaar in Australië is dood in 'n vliegongeluk en het bevroe embryo's agtergelaat. Die vraag was toe: moet die embryo's vernietig word - of het hulle 'n reg op die lewe? En word hulle toegeelaat om te lewe, mag hulle die egpaar se fortuin erf? (Die hof het uiteindelik bevind dat die embryo's nie die egpaar se fortuin mag erf nie.)

* Britse wetenskaplikes het nou wettig die reg om met menslike embryo's te eksperimenteer. Dié



wet is uitgevaardig ondanks groot teenstand deur die kampvegters teen aborsie.

Die gebruik van embryo's vir proefnemings word egter slegs toegelaat tot op veertien dae ná bevrugting. Het die Britte nou besluit dat 'n embryo op vyftien dae ná bevrugting 'n mens is, maar op veertien dae nog nie werklik lewe nie?

Al dié probleme bring die vraag na vore wanneer 'n mense se lewe nou eintlik begin - 'n vraag waaroor nog filosofe nog medici nog regshul al eensgesindheid bereik het. Persoonlike vooroordele speel 'n groot rol by almal, veral omdat die hoofspelers in die debat vegters vir vroue-regte of vegters teen aborsie is.

Paula Serfontein, 'n dosent in die filosofie en die etiek aan die Randse Afrikaanse Universiteit, sê veral die debat oor aborsie word dikwels net gevoer oor die reg van die vrou om te besluit. Die voorstanders van aborsie sien in hul argumente die vraag wanneer die lewe begin, oor die hoof.

Die reg van vroue om besluite te neem oor hul eie liggame het in 1973 'n hupstoot gekry met die beroemde saak van *Roe v Wade* in Amerika waarin beslis is dat

vroue voortaan aborsies op aanvraag kan bekom.

Baie lank is die argument ten gunste van die vrou se reg om te besluit ondersteun deur die siening dat aborsie nie moord is nie omdat menslike lewe eers werklik begin wanneer 'n baba onafhanklik kan dink, oor rationele vermoëns beskik en die lewe bewus kan begeer.

Die aktiviste van Pro-Life ('n organisasie wat teen aborsie veg) sê egter hierop as mens die saak só beskou, kan jy maar pasgebore babas vermoor en selfs sommige kleuters en bejaardes wat nie rationeel kan dink nie en nie onafhanklik en selfversorgend is nie.

Hulle hou voet by stuk: aborsie is moord. Dié standpunt is nou weer besig om wêreldwyd baie veld te wen. Maar oor wanneer 'n mens se lewe werklik begin, is daar steeds onsekerheid. Die uitspraak in die saak *Roe v Wade* het aborsie op aanvraag in Amerika wettig gemaak gedurende die eerste drie maande van swangerskap.

Gedurende die tweede termyn van drie maande kon die staat slegs tussenbeide tree om die ma se gesondheid te beskerm. In die laaste drie maande word aborsie

verbied tensy die ma se lewe in gevaar is, aangesien die fetus dan lewensvatbaar word.

Die hof het dus in dié geval besluit dat menslike lewe eers in die laaste drie maande van swangerskap ter sprake kom.

Pro-Life aktiviste stem egter nie saam nie. Hulle sê 'n mens se lewe begin al met bevrugting. Die embryo is 'n menslike embryo - nie 'n aap of 'n skaap s'n nie, sê hulle, en almal van ons was eens 'n embryo. Volgens hulle verbeur 'n vrou die reg om oor die fetus te besluit die oomblik dat sy die besluit neem om seks te hé sonder die nodige voorsorgmaatreëls.

Dr Anton van Niekerk, senior dosent aan die Universiteit van Stellenbosch, sê mense moet weer gaan nadink oor die aard van menswees.

Hy sê 'n "mens" kan nie net gedefinieer word in terme van rationele eienskappe soos tot dusver die geval was nie, maar dat 'n mens ook bestaan uit 'n liggaam, 'n onbewuste en 'n nie-rationele bestaan.

Van Niekerk sê 'n fetus kan nie as net 'n potensiële mens beskou word net omdat dit nog nie van 'n eie bestaan bewus is nie. Hy sê menswees beteken om te groei en te ontwikkel en dat geen mens

ooit voltooi is nie.

Volgens hom moet die voorstanders van aborsie kan bewys dat bevrugting nie die begin is van die menslike groeiproses nie, maar dat dit eers op 'n punt iewers tussen bevrugting en geboorte begin.

Nog 'n wending in die debat is die uitspraak in 1986 oor aborsies in die Amerikaanse staat Missouri waarin hoofregter William Rehnquist beperkings ingestel het op aborsies ná twintig weke van swangerskap. Aborsies mag nie meer uitgevoer word as bewys kan word dat die fetus onafhanklik buite die ma se liggaam kan bestaan nie. Sou dit beteken dat volwaardige menswees op dié punt begin?

In sy uitspraak sê die regter: "Die hof verstaan nie waarom die staat se belang in die beskerming van menslike lewe eers intree op die punt waar die fetus lewensvatbaar word nie en dat daar gevolelik 'n rigiede lyn is waarvolgens aborsie ná daardie oomblik verbied kan word, maar voor daardie oomblik toegelaat word." Dié regter sê internasionaal is daar 'n leemte in wetgewing oor die beskerming van lewe. Dit behels die vraag of embryo's regte het of nie. As mense argumeerte oor die wenslikheid al dan nie van aborsie, word die reg op lewe aan die embryo toegeken.

Wanneer dit by bevroe embryo's kom, is die argumente nie meer so duidelik nie. Wat gebeur met die embryo's as die ouers skielik sterf? Het hulle dan 'n reg op lewe of nie? Die hof in Australië het besluit dat dit nie noodwendig die geval is nie.

Die twis in Brittanje oor maagdelike swangerskapwerp dalk lig op dié vraag, aangesien kunsmatige bevrugting as onnatuurlik beskou word en as 'n metode wat net in huweliksverband gebruik moet word om kinderlose egpare te help.

In Brittanje word vroue se reg om besluite te neem oor hulle eie liggame gerespekteer indien hulle "lewe" deur middel van aborsie wil beëindig - maar nie as hulle lewe wil skenk deur middel van kunsmatige bevrugting nie.


Pro-Life SA se nasionale president, dr Claude Newbury, is gekant teen die kunsmatige bevrugting van ongetroude vroue, omdat hy glo kinders moet 'n ma én 'n pa hê.

Hy het ook besware teen die bevrugting van embryo's omdat sommige embryo's in dié proses sterf.

Newbury sê egter dat bevroe embryo's beslis die reg op lewe het. Indien die biologiese ouers van bevroe embryo's sterf, moet alles wat moontlik is gedoen word om 'n "vriendelike" baarmoeder te vind om hulle te dra. As 'n "vriendelike menslike baarmoeder" nie gevind kan word nie, sê hy, moet die embryo eerder in 'n dier oorgeplant word as om doodgemaak te word.

Die uitspraak van hoofregter Harry Blakemore in die *Roe v Wade* saak gee steeds die beste opsomming van dié debat oor wanneer 'n mens se lewe werklik begin: "As diegene wat opgelei is in die onderskeie dissiplines van die geneeskunde, die filosofie en die teologie nie tot 'n eenparige slotsoom kan kom nie, kan die hof nie in dié stadium van die ontwikkeling van menslike kennis bespiegel oor die antwoord nie."

Jazzart takel die geweld



Michelle Bresk, een van die lede van Jazzart

dié week by die MARK-TEATER

UPSTAIRS BY DIE MARK

STRUTS AND FRETS

Starring Fiona Ramsay, Kate Edwards & Tony Bentel

Directed by Vanessa Cooke

Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

Theatre for Africa bied aan GATHERING OF THE BEASTS

Nuwe musiekspel

deur Nicholas Ellenbogen en Neil Solomon
"Brilliant..." - Evening Post

Met Michael Atkinson, Natalia de Rocha, Sepulva Sebogodi en Kurt Egelhof
Ma - Vr 8nm, Sa 6nm & 9nm

MARK-GALERIE

Mark-versameling

KIPPIES BY DIE MARK

ROUND MIDNITE

Tuesdays to Sundays

Admission: Tues - Thurs R 10.00
Fri - Sun R 12.00

DIE LAAGER

SOLI PHILANDER se TAKE TWO
Regie deur Andrew Buckland
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

VLOOIMARK

Oop van 9pm tot 4nm

TELEFOON 832-1641

Besprek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooinark: Elke Saterdag van 9pm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9pm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9pm tot 4nm.

DIE winners van die 1990-Vitaprys vir Beste Choreografie, Jazzart Dansteater, bied vroeg aanstaande maand die premiére van twee werke in Kaapstad aan. Dié werke sal ook tydens die Grahamstad-fees op die planke gebring word.

Die groep van veertien spelers (dansers en akteurs) stel onderzoek in na die politieke geweld van die laaste tyd. *Ekanievatie* sluit eietydse dans, voordrag en dramatiese tonele in. "Dié werk is 'n eksperiment in nuwe vorms en veteenwoordig 'n deurbraak in eietydse choreografie wat die gebruik van verskeie spelwyses en die gebruik van skyfies en film betref," sê die choreograaf Alfred Hinkel.

"Die onderwerp is aangrypend. Dit handel oor geweld - persoonlike én politieke geweld - en onderzoek die wese van die gewelddadigheid deur middel van die liggaam met die doel om 'n nuwe perspektief te gee op 'n dringende saak. Die stuk gaan oor magtiging en hoe om weg te beweeg van die geweld wat ons bedreig."

Die tweede stuk is 'n perd van 'n ander kleur. *Anabhi* ('n Tamilwoord vir "gebed") is 'n suwer danswerk. Die verskeidenheid style beeld "gemeenskaplikheid en vereniging" uit. Dit is 'n "dansgebed, in 'n tyd van konflik, vir die erkenning van 'n gemeenskaplike ritme wat individuele beweging en improvisasie toelaat".

Opvoerings vind by die Jazzartateljee, Stella-gebou, Jamiesonstraat, Kaapstad, plaas. Tel: (012) 24-5349.

Wie's nou bang vir die dood?

TEATER: SHADOWLANDS

Deur William Nicholson
Met Brian Murray, Norman Coombes ea

Regie: Janice Honeyman
In die Baxter-Teater, Kaapstad

ARNOLD BLUMER

MEESTAL raak 'n mens verleë as iemand jou van sy private smart en ontsteltenis kom vertel, veral wanneer jy daardie iemand nie baie goed ken nie. As daardie iemand nou agterkom jy weet nie hoe om die saak te hanteer nie, en as hy/sy slim is, dan systap hy/sy die opkomende verleentheid deur sy/haar eie pyn liggies te ironiseer.

Dis presies wat in dié opvoering gebeur. Dit gaan oor CS Lewis (Brian Murray), 'n oortuigde vrygesel, wat op gevorderde leeftyd sy toekomstige vrou, Joy Gresham (Helen Bourne), ontmoet. Maar nadat hulle "tegnies" getroud is, kry sy ongeneeslike kanker. Hulle trou "amptelik" en sy sterf.

Hoe hanteer CS Lewis, genaamd Jack, en Joy dié situasie? Sien bo. En met 'n stewige porsie platoniese filosofie: dis alles net skaduwees (vandaar die titel), die werklike lewe het nog nie eens begin nie. Dit klink soos party preke wat jou wil wysmaak dat jou bestaan op aarde nie eintlik werklik is nie, net 'n illusie, en dat

alles eers begin nadat jy gesterf het.

Melodrama en stroperige sentimentaliteit is nie baie ver weg nie, maar dankys Janice Honeyman se stewige regie en Murray en Bourne se uitmuntende spel word dié slaggate vermy. Veral Murray as die lomp en hulpeloze oujongkêrel kruip onder jou vel in; partykeer lyk hy nes 'n skaap as hy wil wys hoe hy werklik oor Joy voel, met sy mondhoek wat so senuagtig trek, en die ene verleentheid.

Maar ook Bourne speel stukke beter as toe sy laas op 'n Kaapse verhoog verskyn het. Met 'n onverstoorbare kalmte pyl sy op haar "prooi" af en net so rustig glimlaggend aanvaar sy haar "doodsvonnis".

Ron Smerczak se akademikus Christopher Riley is tipies skerp en sinies. Norman Coombes blink veral in twee rolletjies uit, as kelner en as huweliksbeampte. En dan is daar Jack se broer Warnie, gespeel deur John Carson, stil en onderbeklemtoon op die agtergrond, maar met onberispelike tydsberekening.

Sarah Roberts se dekor dra grootliks daartoe by dat dié opvoering uitstyg bo die middelmaat. Al is 'n mens skepties oor CS Lewis se hantering van die werklikheid, laat dié opvoering jou verstaan hoekom sy boeke so goed verkoop. En buitenlands is dit 'n heerlike theaterervaring.

Die bagasie van die verlede

TEATER: THE STORY OF MARGARET HARDING

Regie: Janice Honeyman

Met Patrick Ndlovu, Dirk Stoltz, Shirley Johnston, Jacqui Singer, Leslie Mongezi, Jessie Gilbert, Danny Keogh, Nomhle Nkonyeni, Dale Cutts, Michael McCabe, Louis van Niekerk en Michael Richardson.
Alexander-teater, Siemersstraat

LAETITIA POPE

SONDER stories en sonder 'n ware geskiedenis kan ons nie die toekoms tegemoet gaan nie - so skryf Janice Honeyman in die program van *The Story of Margaret Harding*. Die drang om iewers te behoort, huis te wees in 'n kultuur en vrylik met mense om te gaan is seker nog nooit met soveel meegevoel vertel nie.

Die toneelstuk is gegeond op Reginald Perceval Gibbon se miskende roman wat die traumatische gevolge van 'n vriendskapsverhouding tussen 'n swart dokter en 'n Engelse roos uitbeeld. Die stiksienigheid en kleinlikheid van die Victoriaanse samelewings word tot op die been oopgekloof. Flagrante rasshaat en paternalisme word verdoesel in gewone, alledaagse situasies sodat mens

deurgaans besef dat dit net sowel die Suid-Afrika van vandag kon gewees het. Dit blyk uit dié toneelstuk dat ons nog swaar dra aan die bagasie van die verlede en nog 'n lang pad voor ons het. Leslie Mongezi is Dr Kamesi, die Brits geskoonde dokter wat verstoed word deur sy mense omdat hy net Engels kan praat. Hulle brandmerk hom as die "Crazy Kaffir". Gedurende die toneelstuk swerf hy doelloos rond op sy eie pa se onteinde grond.

Jessica Gilbert is die skerpssinnige Margaret wat wil deurdring tot 'n vreemde land en sy mense. Haar vroeë en gesprekke is vir haar landgenote in die sanatorium ietwat duister en ontstellend. Daarom vind sy dadelik aankank by Kamesi se vars geselskap. Hul enigste vriend is Paul (Dirk Stoltz), 'n seun wat huiwer tussen kind wees en volwassenheid. Louis van Niekerk is Christiaan du Preez, 'n gewone man wat na aan die aarde leef. Die toneel waarin hy Dr Kamesi vertel van die teregstelling van die ou Kamesi was gevoelvol en die deurskemering van begrip was oortuigend.

Shirley Johnston is sy lewendige en kleurryke vrou, Vivie, wat weghardloop met die skurwe Boy

Bailey, meesterlik vertolk deur Michael Richardson.

'n Groot deel van die toneelstuk speel af in 'n sanatorium wat nie net siekies huisves nie, maar 'n klomp muwwie sienswyses. Hoewel hul liggaamlik miskien herstel, verstok hul al verder. Hester Jakes (Jacqui Singer) slaan 'n tragiese figuur as die dokter se vrou wat veg om die status van haar alkoholis-man (Dale Cutts) te behou.

Haar dialoog bestaan net uit gemeenplasies soos die weer en haar verlange na Engeland. Singer se vertolking is so goed dat mens heeltyd voel jy wil haar net skud. Graham Hopkins lewer goeie spel as die immer beleefde heer en Michael McCabe is die ou veteraan wat blindweg voortploeter en dadelik reg is om Margaret te betig. Patrick Ndlovu is die ou skaapwagter wat die verhaal vertel. Met *The Story of Margaret Harding* gooi Honeyman 'n wye net oor 'n troebel land en sy mense. Die leid wat stompsinnigheid veroorsaak en die hartseer van liefde wat in die kiem gesmoor word, word met ontsag benader. Verlede en hede vervloei en die storie uit die verlede laat mens nogal lelik omgekrap.



Natasha Richardson en Aidan Quinn

1984 van 90's val plat

FILM: THE HANDMAID'S TALE

MET Natasha Richardson, Robert Duvall, Faye Dunaway, Aidan Quinn, Elizabeth McGovern.
DRAAIHOEK: Harold Pinter
REGIE: Volker Schlöndorff

ANDREA VINASSA

DIE romanskrywer Margaret Atwood het die 1984 vir die 90's geskryf, 'n waarskuwende verhaal wat al ons vrees oor 'n post-apokaliptiese wêreld vol regse fanatisme en fascisme aanwakker. Die intrige handel oor 'n toekoms waar fundamentalistiese kultusse soos die Mormone (hulle is die eienaars van Time Magazine), die Scientologists en die kêrels wat die Ou Testament letterlik toegepas wil sien, Amerika met 'n ysterhand regeer.

In die beleerde Gilead is die meeste vroue steriel weens besoedeling en allerlei ander ekologiese misdrywe. Maar die heersers het 'n plan beraam: al die vrugbare vroue word in hegtenis geneem en as "diensmaagd" aan mans wie se vroue nie kan kinders baar nie, uitgeleen. Ek het vergeefs gesoeek vir redes vir die 2 tot 21 ouderdomsperspektief en die versoek om identiteitsdokumente by die loket te vertoon, want naakteheid is nie die kwessie nie. Natasha Richardson hou haar in. Dis 'n heel kuis en moralistiese prent, waarom sou die sensors so streng wou optree? "Religieuse sensitiviteit" is seker die eufemisme wat in dié geval ingespan het. Hulle wou nie die dominees in die gesig vat nie.

In elk geval is die uitgangspunt van die prent 'n aangrypende een. Ongelukkig slaag nog die draaihoekskrywer, nog die regisseur daarin om die onderwerp so aan te bied.

The Handmaid's Tale is 'n pretensiouse wetenskapfiksie-prent wat kritiek uitspreek op wit heerskappy, skynheiligeheid en magsugtigheid. Kate (Natasha Richardson) word gevang wanneer sy en haar man oor die grens probeer ontsnap. Sy word na 'n godsdienstige konsentrasiekamp gestuur waar sy opgelei word as "diensmaagd". Uiteindelik word sy deel van die huishouding van ene Kommandeur Fred (Robert Duvall), die hoof van veiligheidsdienste.

Daar word van Kate verwag om deel te neem aan 'n seksuele ritueel wat afgelei is van Rachel se verhaal uit Genesis. Serena Joy kyk toe terwyl Fred, haar man, vir Kate probeer bevrug.

Atwood se projeksies is vreesaanjaend en dit is moeilik om te verstaan waarom die Duitse regisseur Volker Schlöndorff 'n mens nie die skrik op die lyf kon jaag nie. Hy het immers *The Tin Drum*, een van die skrikwekkendste prente wat nog gemaak is, verfilm.

Harold Pinter se draaihoek laat ook veel te wense oor, en Schlöndorff laat alles kunsmatig voorkom. Die regisseur sukkel om mense van vlees en bloed op die doek te skep. Die karakters is figurante eerder as mense met emosies. Richardson se Kate/Offred verteenwoordig alles wat heilsaam en lewewwend is, terwyl Faye Dunaway se Serena Joy die simbool is van 'n korrupte, vreesbevange samelewing wat parasiteer op onskuldiges.

Dalk is die probleem dat Schlöndorff nie 'n Amerikaner is nie. Die openlike afgryslikheid van die Holocaust en Hitler se gruweldade verstaan hy, maar hy het nie insae in die boosaardigheid van dié groep godsdienstiges nie (lets soos George Bush en Billy Graham hand om die blaas op televisie voor die Golf-oorlog).

Die ironie van die prent is dat Robert Duvall die enigste speler is wat slaag om enige dimensie aan sy onaangename karakter te gee en 'n mens het selfs 'n bietjie meegevoel... veral omdat hy getroud is met die vervelende Faye wie se wangbene van groot argitektoniese waarde is. Die vroue is deurgaans eendimensionele pôppies. Dis jammer, want ek dink ou Margaret wou hier 'n feministiese stelling maak.

This isn't wallpaper, this is music

William Kentridge's illustration for the cover of *Season of Violence*

Artists are reacting to the violence of the past months, years, decades. Composers **Shaun Naidoo** and **Warric Sony's** latest seminal work, *Season of Violence*, is an opera of found words. As Free State Music, *they interview themselves*

Season of Violence focuses on the first six months of 1990. Sidestepping the overexposed central figures of those months and concentrating on the bit parts, the actors left their own stages to give memorable performances to packed houses. Their powerful voices include people like FW de Klerk, Kenneth Kaunda, Amichand Rajbansi, Brother Sjambok, Eugene Terreblanche, Manie Maritz and many ministers, priests and dominees.

Q: Why do you make music that is difficult to listen to, that is weird and undanceable? Why not make something pleasant that people will enjoy... something for the man in the street?

A: The immediate answer that springs to mind is what the late Sid Vicious said when asked more or less the same question: "I've met the man in the street and he's a cunt."

Nothing is difficult to listen to. Books are not difficult to read. Understanding them can be difficult but that is the fun. Discovering and learning new things is or should be fun. Understanding something means giving it a bit more time. We want people to sit down as they would with a book

and listen. No-one actually listens to music anymore, they just want wallpaper to fill up the cracks in their lives. A beat, beat, heart-beat so that they can escape back to the womb, back to the big beat. They don't want music, they want a psychologist.

Q: The majority of the people in this country would not understand this music. How do you see your relevance in South Africa now?

A: There is a lot of music which claims to represent the majority. Most of the music produced in this country is marketed and aimed at the majority. We are interested in the individual. Our work is honest. *Season of Violence* came about

as a genuine response to the events happening around us. We are not trying to achieve anything more than to hold up a few new ideas and say: This is possible. Keep evolving.

Challenge the old order.

Do not compromise.

We believe in freedom of speech. We believe that all music has the right to exist.

We believe in music that is free from state-like structures.

If the man in the street does not like it he should stay at home.

This is relevant to our country today.

* *Season of Violence* is deur Shifty Records (011-648-1893) uitgereik

NU METRO THEATRES

NOW SHOWING: 31 MAY-6 JUNE
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091	NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828
FILOFAX James Belushi, Charles Grodin (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL Winona Ryder, Jeff Daniels (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	PACIFIC HEIGHTS Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL Winona Ryder, Jeff Daniels (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	KINDERGARTEN COP Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30 (PG 2-8)
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	COUPE DE VILLE Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ONCE AROUND Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	HENRY AND JUNE Fred Ward, Uma Thurman (2-21) DAILY: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30
THE SILENCE OF THE LAMBS Jodie Foster, Anthony Hopkins (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23/5871 Parking at Jack Mincer	ONCE AROUND Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ONCE AROUND Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095
PACIFIC HEIGHTS Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FLIGHT OF THE INTRUDER Danny Glover, Brad Johnson (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL Winona Ryder, Jeff Daniels (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KINDERGARTEN COP Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	PACIFIC HEIGHTS Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Q & A Nick Nolte, Timothy Hutton (2-19) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	FLIGHT OF THE INTRUDER Danny Glover, Brad Johnson (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARK ANGEL Dolph Lundgren, Brian Benben (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	KINDERGARTEN COP Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COUPE DE VILLE Patrick Dempsey, Alan Arkin (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	COUPE DE VILLE Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NU METRO 1-2 BALEFOUR PARK 887-8548	NU METRO RANDBURG 787-0340
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	ONCE AROUND Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CLASS ACTION Gene Hackman (2-10 PG) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	7 ARTS NORWOOD 483-1680
NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362	NU METRO WORLD CENTRE 1-8 494-3001 (Formerly Shareworld) Baragwanath Road ALL ADMISSIONS R4,00 DAILY: 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	THE YEAR OF THE JELLYFISH MON-THURS: 12.30, 2.30, 6.00, 8.00 (2-21) FRI-SAT: 12.00, 2.00, 4.00, 6.00, 8.00, 10.00
GREEN CARD Gerald Depardieu, Andie MacDowell (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 THE ATRIUM 683-1123
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548	NU METRO CLAREMONT 1-6 TOWN SQUARE 26-1818
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	ONCE AROUND Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CLASS ACTION Gene Hackman (2-10 PG) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404
NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362	NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	ONCE AROUND Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GREEN CARD Gerald Depardieu, Andie MacDowell (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951
VAAL VEREENIGING (016) 21-1339	Henry and June Adult Sex Drama (2-21) Fred Ward, Uma Thurman (2-21) DAILY: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Once Around Comedy Drama (2-14) Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 THE DOORS Val Kilmer, Meg Ryan (2-19) DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266	NU METRO 1-2 THE DOORS Val Kilmer, Meg Ryan (2-19) DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30
GREEN CARD Gerald Depardieu, Andie MacDowell (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
CLASS ACTION Gene Hackman (2-10 PG) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
GREEN CARD Gerald Depardieu, Andie MacDowell (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
VAAL VEREENIGING (016) 21-1339	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
NUNS ON THE RUN Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
400 KINDERGARTEN COP Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) MON-FRI: 7.00, 9.00. SAT: 5.00, 7.00, 9.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
THE STICK Greg Latter, Sean Taylor (2-19) MON-FRI: 7.00, 9.00. SAT: 5.00, 7.00, 9.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
PACIFIC HEIGHTS Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
400 KINDERGARTEN COP Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) MON-FRI: 7.00, 9.00. SAT: 5.00, 7.00, 9.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
THE STICK Greg Latter, Sean Taylor (2-19) MON-FRI: 7.00, 9.00. SAT: 5.00, 7.00, 9.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
PACIFIC HEIGHTS Michael Keaton, Melanie Griffith (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
WHITE PALACE James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830	NU METRO 1-2 RENT 15-2040
NOW SHOWING: Steven Segal MARKED FOR DEATH (2-18)	NU METRO 1-2 RENT 15-2040

OM 'N ADVERTENSIE IN HIERDIE KOLOMME TE PLAAS, BEL VIR PEPPY OF CATHY (011) 836-2151, FAKS (011) 838-5901, OF SKRYF AAN KLEINADVERTENSIES, POSBUS 177, NEWTON 2113. DIE SPERTYD VIR KLEINADVERTENSIES IS 5 NM OP DIE DINSDAG VOOR PUBLIKASIE.

TARIEF: R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN



NU METRO THEATRES PRETORIA

Now Showing 31 May-6 June

BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO OSCAR

Jeppe Street, Sunnyside 341-7682

NU METRO SUNNYSIDE

Esselen Street 44-9867

NU METRO 1-2

44-9867

NU METRO



STER-KINEKOR 31 MEI - 6 JUNIE
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 - ALMAL WELKOM
ALLE TEATERS & INRYE OOP VRYDAG 31 MEI

SENTRAL

NOORD

KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2/3

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

ROBIN HOOD (A)

DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

MET PATRICK BERGIN!

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

STATE OF GRACE (2-18)

'N SPANNINGVOLLE RILLERI!

THE DOORS (2-19)

'N LAGWEKKENDE KOMEDIE!

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

CLASS ACTION (VV2-10)

MERMAIDS (2-14)

THE BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS (A)

WHITE PALACE (2-18)

THE SILENCE OF THE LAMBS (2-18)

SLEEPING WITH THE ENEMY (2-18)

VOLGENDE AANBIEDINGS

7 Jun - **A PERFECT WEAPON** (2-18)

7 Jun - **THE HOT SPOT** (2-18)

7 Jun - **HENRY & JUNE** (2-21)

10 moet getoon word by die teater

Daglike: 10.00, 13.00, 5.00, 8.30 pm

DANCES WITH WOLVES (2-12)

WENN VAN 7 OSCAR TOEKENNINGS!

ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE

NA 4 NM MAAN-VRY, SAT, HET DAG

CINE CARLTON 1-5
331-2332

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

FILOFAX (A)

'N LAGWEKKENDE KOMEDIE!

WILT (2-18)

'N LAGWEKKENDE KOMEDIE!

JACOB'S LADDER (2-18)

Vry & Sat: 10.00, 12.15, 2.30 Sat: 10.00 & 12.15

KINDERGARTEN COP (VV2-8)

Daglike: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

CLASS ACTION (VV2-10)

THE DOORS (2-19)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

KINE RANDBURG 1 & 2
725-3134/725-2061

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

ROBIN HOOD (A)

DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

MET PATRICK BERGIN!

Daglike: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm

STATE OF GRACE (2-18)

'N SPANNINGVOLLE RILLERI!

THE DOORS (2-19)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

NORTHCLIFF 1 & 2
787-5446

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

CONSTANTIA BENONI
422-3305

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

FILOFAX (A)

'N LAGWEKKENDE KOMEDIE!

STATE OF GRACE (2-18)

'N SPANNINGVOLLE RILLERI!

THE DOORS (2-19)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

HENRY & JUNE (2-21)

10 moet getoon word by die teater

Daglike: 10.00, 13.00, 5.00, 8.30 pm

DANCES WITH WOLVES (2-12)

WENN VAN 7 OSCAR TOEKENNINGS!

ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE

NA 4 NM MAAN-VRY, SAT, HET DAG

KINE HILLBROW 1-3
725-3134/725-2061

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

ROBIN HOOD (A)

DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

MET PATRICK BERGIN!

Daglike: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm

STATE OF GRACE (2-18)

'N SPANNINGVOLLE RILLERI!

THE DOORS (2-19)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

ATTENTION BANDITS (A)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

CYRANO DE BERGERAC (A)

(FRANSE DIALOOG & Engelsk bytstorie)

CONSTANTIA ROSEBANK
788-4300

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

CLASS ACTION (VV2-10)

MERMAIDS (2-14)

Daglike: 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

SIBLING RIVALRY (2-14)

VOLGENDE AANBIEDINGS

7 Jun - **THE HOT SPOT** (2-18)

7 Jun - **A PERFECT WEAPON** (2-18)

SUID

SOUTHGATE MALL 1-7

942-2036/7

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm

ROBIN HOOD (A)

DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

MET PATRICK BERGIN!

Daglike: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm

STATE OF GRACE (2-18)

'N SPANNINGVOLLE RILLERI!

THE DOORS (2-19)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

ATTENTION BANDITS (A)

Daglike: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm

GREEN CARD (A)

QUICK CHANGE (A)

Vry 7: KINDERGARTEN COP/ROCKY 5

SPEEDYS (SOUTH HILLS) - 5-STAR

794-1885

VY 7: MISERY/A NIGHTMARE ON ELM STREET 4

KINERGARTEN COP (VV2-8)

BIRD ON A WIRE

VY 7: MISERY/A NIGHTMARE ON ELM STREET 4

GERMISTON 902-1607

'N ROMANTIEKE KOMEDIE!

GREEN CARD (A)

QUICK CHANGE (A)

VY 7: WHITE PALACE/RUSSIA HOUSE

PANORAMA (MONDEOR) 682-3411

KATHY BATES IN DIE SPANNINGVOLLE DRAMA VAN STEPHEN KING!

MISERY (A)

A NIGHTMARE ON ELM STREET 4 (2-18)

VY 7: GREEN CARD/DICK TRACY

STADIUM (MALVERN) 615-1131

MELANIE GRIFFITH, TOM HANKS & BRUCE WILLIS!

THE BONFIRE OF VANITIES (2-18)

TANGO & CASH (2-18)

VY 7: BEST OF THE MARTIAL ARTS/BLACK EAGLE

KINANDEP (EVANDER) 24117

SEAN CONNERY & MICHELLE PFEIFFER!

THE RUSSIA HOUSE (2-18)

VY 7: SEX, LIES & VIDEO TAPE/

YOUNG GUNS 2

VERENIGING (016) 630211

THREE MEN & A LITTLE LADY

VY 7: BONFIRE OF THE VANITIES/PRESUMED INNOCENT

KINERGARTEN COP (VV2-8)

ROCKY 5 (2-10)

VY 7: FLIGHT OF THE INTRUDER/GHOST

MEIRINGSPARK (KLERKSDRP) (018) 91060

HILLFOX (FLORIDA)

REGSPRAATJIES



JURIE DE WET

Toe leer 126 onderwysers ons regstelsel ken

Heel begryplik het die onderwysers 'n lighartige houding jeens die hele verrigtinge aangeneem, en so ook *die agbare burgemeester Theron* wat regdeur die verrigtinge met sy hande in die sakke en met swaaiende bene op die verhoog gesit het.

WANNEER besluit moet word of 'n beweerde oortreder vervolg moet word of nie, het die Prokureur-Generaal wye diskresie. Die eerste en belangrikste vraag is natuurlik of die inligting wat hy beskikbaar het (ge-woonlik die polisie-dossier) genoeg is om die prima facie saak teen die beweerde oortreder toe te staan. Maar dis net die eerste van verskeieoorwegings. Dié oorwegings sluit die belang van geregtigheid en die gemeenskap in, die ernstigheid van die beweerde oortreding en ander beleidsoorwegings. Dié magte word deur die Prokureur-Generaal gedelegeer aan plaaslike aanklaers, wat daagliks moet besluit of beweerde oortreders vervolg moet word. In die praktyk is dit gewoonlik vir 'n prokureur die moeite werd om die plaaslike aanklaer te probeer oorred om nie met die saak teen 'n beweerde oortreder voort te gaan nie.

Onlangs kon ek aanklaers byvoorbeeld oorred om die klage terug te trek wat voortgespruit het uit 'n staking. Die omstandighede was dat 'n skikking in die staking bereik is en dat 'n hofsaak net weer die gemoedere sou laat opvlam en die vyandiggesindheid sou opwek wat in die staking geheers het.

Die klaer se houding is altyd 'n belangrike oorweging.

Soms word 'n grief wat tot 'n klag aanleiding gegee het buite die hof opgelos; moontlik deur 'n apologie of deur die betaling van skadevergoeding, en wil die klaer dan nie meer voortgaan met die saak nie. In dié geval sal die aanklaer dikwels ook bereid wees om die klage terug te trek.

Soms neem aanklaers egter besluite wat 'n mens heeltemal verstom. Kom ons neem een saak as voorbeeld.

Op 27 Februarie 1991 is 126 onderwysers in Alberton gevang omdat hulle die Departement van Onderwys en Opleiding se streekkantoor in Alberton sonder die toestemming van die senior Adjunkt-Hoofonderwyskundige, DJ Theron, betree het. Hulle is in vangwaens gestop.

Sommige sê hulle is deur die polisie geslaan en na die polisiekantore in Alberton en Edenvale gebring.

Ons korrespondent het sowat 8nm daar aangekom met die opdrag om borgtogg te probeer kry. Die polisie het voet by stuk gehou: geen borgtogg vir dié kriminele nie. Hulle sou die nag in aanhouding deurbring en die volgende dag in die hof verskyn.

Alle pogings om die polisie rede te laat insien was vergeefs totdat die dienoffisier van die Oos-Rand in sy bed wakker gemaak en gevra is om ons korrespondent te help om 'n landdros en 'n hof te kry vir 'n aansoek om borgtogg. Die polisie het toe teësinnig en onder druk van die dienoffisier ingestem tot borgtogg van R200 elk.

Dit was sowat vieruur dieoggend. Hoewel geld vir sowat vyftig van die beskuldigdes se borgtogg gevind is, het hulle gesamentlik besluit dat die polisie wat die ding begin het dit dan maar moet deurvoer. Hulle sou nie borgtogg betaal nie en het verkieks om hof toe te gaan.

Ongelukkig is daar geen plaaslike hof wat 126 beskuldigdes kan huisves nie en ná oorlegpleging met die aanklaer het die polisie wyslik besluit om al die beskuldigdes op eie verantwoordelikheid vry te laat en die saak is uitgestel tot 16 Mei.

Ek het werklik nooit gedink dat die saak wel op 16 Mei sou voorkom nie. Dit was 'n nietige oortreding. Die beskuldigdes was almal verantwoordelike, volwasse, intelligente en goed opgevoede beroepsmense. Daar was geen hof groot genoeg om hulle almal te huisves nie en 'n saak van dié aard sou weke kon duur. Die twis wat daartoe gelei het dat die beskuldigdes die DOO sekantore beset het, is boonop intussen deur die Departement en verteenwoordigers van die onderwysers opgelos.

Nietemin het ons met ons kliënte oorleg gepleeg en op 16 Mei 1991 by die Albertonse Landdroshof opgedaag. Daar het ons op die vreemdste toneel afgekom. Die strate voor die hof is deur die polisie versper. Minstens twintig polisiemanne was aan diens. Die ou Stadsaal langs die hofgebou is deur die Departement van Justisie as tydelike hof gehuur. Die voorste helfte van die saal was volgepak met onderwysers en die agterste helfte met hul kollegas en vriende. Ek het 'n baie besliste boodskap gekry: "Die saak gaan voort."

Ek het die senior aanklaer genader en hom probeer oorred om die saak te laat vaar. Hy het my gesê sy hande is gebind, omdat die klaer, Theron, daarop aangedring het dat die onderwysers aangekla word. Dit het ook geblyk dat die reëlings vir die dag die Departement van Justisie sowat R12 000 gekos het en as die saak uitgestel sou word, sou dit 'n vermorsing van geld beteken.

Toekom sê een die onderwysers se verteenwoordigers my dat hulle twee dae tevore met die Adjunkt-Generaal en sy personeel vergader het. Dié het hulle gesê die Departement se hande is gebind omdat dit nie die Departement nie, maar die eienaar van die gebou was wat daarop aangedring het dat die saak voortgaan. Om die waarheid te sê, die verteenwoordiger het my laat verstaan die Departement is spyt oor die hofsaak. Met dié sappige brokkie inligting is ons weer na die senior aanklaer, Theron (wat ook die burgemeester van Alberton is) ontbied en die Adjunkt-Generaal se

kantoor is opgebel. Die Adjunkt-Direkteur-Generaal het die onderwysers se verteenwoordiger se stelling bevestig. Hy het met Theron gesels en ons het hulle alleen gelaat om die saak te heroerweeg.

'n Rukkie later is ek gesê die saak word uitgestel tot 25 Julie 1991 sodat duidelikheid verkry kon word oor die klaer se houding en sodat die saak vir 'n beslissing voorgelê kon word aan die Prokureur-Generaal. Dit is toe gedoen en Theron en die polisie-getuies is aangesê om op dié dag in die hof te wees.

Heel begryplik het die onderwysers 'n lighartige houding jeens die hele verrigtinge aangeneem, en so ook die agbare burgemeester Theron wat regdeur die verrigtinge met sy hande in die sakke en met swaaiende bene op die verhoog gesit het. Hy het spontane opmerkings oor sy bedrywige program aan die landdros geïnaak en gesê hy twyfel of hy op 25 Julie 1991 beskikbaar sou kon wees. Eers toe die landdros hom sy naam vra, het hy hom verwerdig om op te staan - maar selfs toe het sy hande in die sakke gebly.

Die polisie en die betrokke hofbeamptes het gemeen dat die onderwysers hulle te buite sou gaan wanneer die hof verdaag en hulle is gevra om stempig die saal te verlaat. Die regsdienaars het hulle verniet bekommern. Die onderwysers se vertrek uit die stadsaal was waardig. Om die waarheid te sê, was daar nie so baie polisiemanne nie, sou dit gelyk het na 'n gehoor wat 'n etensuur-konsert van die Johannesburgse Simfonie-orkes verlaat. Ons gaan vertoe tot die Prokureur-Generaal rig dat die klage teen die onderwysers teruggetrek moet word. Ek hoop hy is daarvoor te vindé, maar die skade is reeds gedoen. Die Departement van Justisie het R12 000 van die belastingbetaaler se geld bestee, die leerlinge in 126 klaskamers het 'n dag se skoolwerk verloor, die verkeerspolisie en polisie het die tyd verspil wat hulle beter kon benut het om kriminele te vang en ons paaie veilig te hou, en die hofbeamptes se tyd is ook gemors - tyd waarin hulle van die agterstallige sake op ons hofrolle kon afgehandel het.

Maar die ergste van alles is: dink jou net in met watter nuwe begrip van ons regstelsel keer 126 onderwysers na hul klaskamers terug. Ek kan my nie voorstel dat hul leerlinge veel respekte vir dié stelsel verkry het nie. Of die saak sal voortgaan of nie, moet ons maar sien. Ek hoop egter dat die agbare burgemeester van Alberton, DJ Theron, nie verontrif sal word indien dit wel voortgaan nie.

Ek sal lesers van dié rubriek op die hoogte van sake hou.

GELOOFSpraatjies

Kyk die loon van die plaaswerker wat julle lande afgeoe het, wat deur julle plaasboere agtergebou is, roep uit: en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare. - Jakobus 5:4

HIERDIE paar baie belangrike woorde is geskryf deur Jakobus, die broer van ons Here Jesus Christus. Die woorde is deel van 'n brief wat hy in Jerusalem gepos het. Dit moes gaan na alle (Joodse) Christene wat die groep arm, hande-arbeiders en plaaswerkens uitgemaak het.

Die brief was as 't ware 'n "Christelike pamflet" wat onder die werkers, veral dié wat deur hul werkgewers (mede-Jode) onregverdig behandel en betaal is, gelees en versprei is. Omdat Jakobus weet dat plaaswerkens nie veel tyd het om dik en moeilike boeke te lees nie, skryf hy 'n kort briefie en praat hy net oor dinge wat die werkers regstreeks raak. Een van dié dinge is: word jy regverdig beloon of betaal vir die ure wat jy op die plaas gewerk het? Jakobus se uitgangspunt is die woorde van sy broer Jesus Christus: die arbeider is geregtig op betaling (Luk 10:7). Dié onderwysing van Jesus het in die jare ná Jakobus se brief 'n Christelike spreekwoord geword: die arbeider is sy loon wert.

Elke keer dat dié spreekwoord in die Bybel gebruik word, selfs wanneer na predikante en kerkraadslede verwys word, word die beeld van herders en maaiers of ander plaaswerkens gebruik. 'n Mens kan dus verstaan dat die oorspronklike spreekwoord waarskynlik 'n slagspreuk van die

plaaswerkens was.

Dit beteken natuurlik dat al bly die plaaswerker op 'n ander mens se eiendom, bly die werker nie op genade daar nie. Die plaaswerker verdien die huis, die geld en al die ander verdienstes wat met plaaswerk gepaard gaan. In die Bybel staan die woord "verdien" altyd teenoor die woord "genade", dit wil sê die een sluit die ander uit. Of ek is geregtig op iets, of ek ontvang dit as 'n guns uit genade. Die plaaswerker is geregtig op betaaling.

Dit is die standpunt van die hele Bybel en van Jesus.

Nou het dit in Jakobus se tyd gebeur dat die plaasboere dié Bybelse beginsel vergeet het, miskien omdat dit hulle nie gepas het nie. Regdeur die plantseisoen het die werker lang ure gewerk. Toe die werkers aan die einde van die plantseisoen om hul geld (beloning) vra, het die plaasboer verduidelik dat hy ongelukkig nie genoeg geld in die bank het nie, dat die Landbank nie vir hom nog 'n lening wou gee nie en of hy maar voorlopig die betaling kan terughou totdat die oes gemaai en verkoopt is.

Toe die oes egter klaar ingesamel was, het die boer net stilgeby. Die teks sê die loon van die maaiers is toe ook "agtergehoud". Die maaiers het egter voor die plaasboer se huis gaan staan en hul slagspreuk uitgeroep: Die arbeider is geregtig op sy betaling! Ons is geregtig op ons geld!

Die boer het gemaak asof hy hulle nie hoor nie. Later het hy met sommige van die voormanne en voorvroue gepraat en gesê: "Ek gee



RUSSEL BOTMAN

God boer met geregtigheid

kruideniersware, tabak en sommige van julle kry gereeld 'n dop."

Later kom die boer se vrou ook by en sê: "Ja, ons sorg dat julle darem lewe, dat julle 'n dak oor julle koppe het en dan gee ek nog altyd van die ou kleertjies van ons eie kinders vir julle om aan te trek. Nog net laasweek het die baas Harry se vrou hospitaal toe gebring. Tel julle dan nie jul seënning nie? Matteus 10:10 stel dit tog duidelik dat die arbeider net sy voedsel wert is."

Die voormanne en vroue het egter by die ander plaaswerkens gestaan en verduidelik dat die Bybel ook in Lukas 10:7 sê dat die arbeider sy loon wert is.

Daar word baie gestry oor wat die

plaaswerker moet ontvang. Voedsel (Mat 10:10), of loon (Lukas 10:7; klere of geld; blyplek of huistoelae; 'n dop en kruideniersware of harde kontant en koopkrag! Jakobus het gelukkig vir ons die saak uitgemaak. Dis die loon, die geld, die huistoelae en gesinstoelae, ja, die harde kontant wat ter sprake is. Dis nie verkeerd om aan die werkers klere te gee om hulle te help om by die hospitaal uit te kom nie, maar dit is baie beslis nie reg om hulle betaling terug te hou nie.

Jakobus verduidelik aan ons: hoewel die plaasboer hom doof gehou het, het "die geroep van die maaiers" tot "in die ore van die Here van die Leërskare" gekom. Jakobus is van mening dat die terughou van die loon gelyk is aan aanhouding sonder verhoor (onreg in die regbank) en aan moord. Vers 6: "Veroordeel, vermoor het hulle die regverdigheids, hy verset hom nie teen julle nie."

Hy herinner die boer daaraan dat die Bybel nie teen geld as sodanig gekant is nie. Die God van die Bybel is egter teen alle geld gekant wat onregverdig ingesamel is. Veral as dit ten koste van die werkers gebeur. Daarom het God ore, om die geroep van die slagspreuk van die werkers te hoor: Die plaaswerker is geregtig op betaling!

Natuurlik het mense ook in Jakobus se tyd gesê: "Moenie luister na die belhamels en die kwaadstokers wat julle wil aanmoedig om jul geld te eis nie!"

Mense kan die lelikste dinge sê

wanneer geld ter sprake is. Daarom bou Jakobus se standpunt op die woorde van sy broer, Jesus Chris-

tus. Hieroor stem Matteus en Lukas saam: Jesus het sterk opgekom vir die verdienste van die arbeider. Hoekom het Jesus so sterk daaroor gevloek? Hy het dit by die Vader geleer. Jesus praat gereeld van die boerderymetodes van sy Vader. Dink byvoorbeeld aan die gelykenis van die Saaiers (Matt 13:1-23); die onkruid wat nie te vroeg uitgeskoffel moet word nie (Matt 13:24-30); die verlore skaap; die verlore Seun (Luk 16), en ander. Dit is egter veral Matt 20:1 wat hier belangrik is omdat dit ons vertel hoe God boer en veral oor hoe God die werkers behandel. Aan die einde van die dag, vertel die gelykenis, moet al die plaaswerkens inval om hul geld te kry. As hulle egter in die lyn inval, is daar sommige wat vroeg die mōre begin het en dus die hele dag gewerk het, ander wat negeur begin het, ander weer twaalfuur of selfs om drie-oor eers in diens geneem is. Die wêrelde uitgangspunt is dat die ander minder geld moes ontvang. Maar as die boer van Matt 20 die beursie oopmaak, ontvang al die werkers die volle daaglikske loon.

Wat wil dié gelykenis ons oor God as 'n Boer leer? Eenvoudig: Die genadige God boer met geregtigheid. Kyk maar self hoeveel keer kom die woorde "wat reg is" in die gelykenis voor.

Die boer deel die opbrengs van die oes met die werkers omdat die plaaswerker geregtig is op betaling.

(Ds Russel Botman is assessor van die NG Sendingkerk en leraar van die gemeente Wynberg.)

In 'n ystervoël hoog bo seespieël

EGBERTUS KLAAGVOORT



oneerlike driekamer-gravy train beteken het. How the Tricameral hath fallen!

Seg Oswald never mind drie kamers, die vierde kamer is mos lankal in Ulundi, en daarop kan ons tradisionele bier drink. Met ijuba, who need Ithuba?

Iedergeval, elke defector van die

Arbeiders na die Masters neem

ego trip, boring, en waarskynlik Madam se man se grootste van vele flaters.

En was dit nie te sappig nie om die spektakel gade te slaan van Inkatha- en NP-marionette wat 'n sprekker uitjou omdat hy die polisie sou kritiseer. The plot thicks, en op dié trant maak Inkatha en die NP mekaar in 'n jatrap swanger. Mens sidder om te dink wat, behalwe nou 'n muis, daar sal uitbroei.

LEKKER DANS

Die Koeksistergilde het besluit om die Afrikaner te vereer, soos dit goeie sisters betaam. 'n Koeksisterpaleis gaan op Robbeneiland gebak word in die vorm van 'n bruidskoek (soos die gruwelike ou Voortrekkermonument), maar met 'n twist (soos jy van 'n koeksister kan verwag).

'n Monument vir Afrikanersensitiviteit en die Skoon Administrasie se instink vir menseregte. Koop genus jou time share in die gedoenie en een lewenslank twee weke per jaar koeksisters totdat die stroop jou boedel verswelg.

Intussen: lekker dans om die vlag Vrydag.



Patrick Bergin spring vir Kevin Costner met Robin Hood voor

SKREEUSNAKS EN ELLENDIG

FILM: WILT

Deur Tom Sharpe

Met Griff Rhys Jones, Mel Smith, Alison Steadman, Diana Quick en Jeremy Clyde.

Regie: Michael Tuchner

LAETITIA POPE

DIS min dat die onaansienlike mannetjie wat die vaal lewe lei, in die kollig kom. Gebeur dit wel, is die gevolge gewoonlik skreeusnaaks én ellendig. Die arme Wilt se lewe is so saai en weens 'n totale gebrek aan wilskrag sal daar ook nooit iets met hom gebeur wat bietjie kleur aan sy lewe sal gee nie.

Boonop intimideer sy vrou hom net verder - want dié "veryk" haarsel deur toegewyd alle giere en foefies na te jaag. By die werk gaan dit nie veel beter nie - dit sukkel maar om 'n klomp skermunkels se dik harspanne met Tess of the D'Urbervilles sag te kry. Dan gebeur dit. 'n Partyjie by sy vrou se oppervlakkige vriende hou veel onheil vir die arme Wilt in. So kom die lomp Inspector Flint, wat meer ambisie as gesonde verstand het, op sy spoor. Die twee saam is 'n rare paar wat daarop uit is om mekaar verkeerd op te vryf.

Al die teer puntjies en heilige koeie in die Britse samelewing (eintlik enige samelewing) word venynig en oordrewen bygedam. Die sielkundige, die Godsman, die geregsdiener, die skoolhoof ... almal is daar in hul glorie (en dié taan vinnig). Wilt bring Brittanje se gewilde komediepaar van die program Alas, Smith and Jones bymekaar in 'n lekker lige vermaakkomedie. Hoewel dit nie in almal se smaak sal val nie, behoort diegene wat A Fish Called Wanda geniet het, Wilt te sien. Wilt is geskryf deur Tom "Blitsverkoper" Sharpe, wat in Suid-Afrika gebore is.

film

- ***** VOORTREFLIK
- *** STERK AANBEVEEL
- *** SIEN GERUS
- ** SO-SO
- * VERMY AS JY NUGTER IS

**** MR AND MRS BRIDGE

Paul Newman en sy vrou Joanne Woodward vertolk die wel en weë van Meneer en Mevrou Bridge, 'n hoër-middelklas egaar van Kansas City. Dit is die laaste gevoelvol prent oor 'n klas wat besig is om uit te sterf. Alles omtrent die prent is gevoelvol ... dekor, spel, regie, beligting, draaiboek. Dis genoeg om 'n mens naar te maak. Maar dis altyd lekker om te sien hoe die ander helse leef en beef.

ANDREA VINASSA

*** REPENTANCE

Hierdie is een van die eerste glasnost-prente (en waarskynlik die beste) wat in die Weste vertoon is. Dit is 'n briljante satire op Stalin en ander diktators. Ryk aan simboliek en allegoriiese detail. Die wenner van die Cannes Jurie-prys van 1987.

AV

*** ROBIN HOOD

John Irvin se *Robin Hood* het die silwerdoek voor Kevin Costner s'n gehaal. Patrick Bergin (van *Sleeping with the Enemy*-faam) speel Robin teenoor Uma Thurman se Maid Marian. Die Britse skywers het ten minste 'n poging aangewend om 'n die verhaal op geskiedkundige feite te grond. Dit speel af in 12e eeuse Engeland en het 'n sterk politieke aanslag.

AV

*** ONCE AROUND

Die immer-oulike Richard Dreyfuss en die bekkgie Holly Hunter is weer verlief, maar anders as in daardie simpel prent oor die vliegtuie. Dié prent is noemenswaardig omdat die regie behartig is deur die Sweedse regisseur Lasse Hallstrom. Hy het *My Life As A Dog*, 'n prent wat weens die kulturele boikot nie hier gesien is nie, gemaak. Once Around is 'n komedie oor 'n oujongnooi wat so desperaat is - dis desperaat - dat sy met Dreyfuss wil trou. Dit speel in snobbiese Boston af.

AV

*** STATE OF GRACE

Nog 'n rampokkerprent. Dié keer is dit die Ierse Mob in Hell's Kitchen. Dit is Phil Joanou se eerste prent, daarom vergawe 'n mens maar sy verknogheid aan religieuze simboliek (die Iere is skynbaar nog erger as die Italianers wanneer hulle in 'n kerk kom.) Joanou vertolk die verbrokkeling van die Ierse onderwêrel en hul onderdenigheid aan die Italiaanse Mob as 'n Griekse tragedie. Briljante vertolkings deur Sean Penn, Ed Harris en Gary Oldman.

AV

**** HIDDEN AGENDA

Die Iere kan net nie wen nie ... Hierdie is 'n fiktiewe prent wat gegronde is op feite en handel oor skokkende korupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is

die bestanddele van dié aangrypende riller wat deur Ken Loach ('n pionier van Britse realisme in die 60s) geregisseer is. *Hidden Agenda* het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen.

AV

*** COUPE DE VILLE

Nog 'n Cadillac-storie. Dié motor hou vir die Amerikaanse samelewing groot romantiese en simboliese waarde in, daarom kan 'n mens nooit reken op objektiwiteit nie. Drie vervaamde broers leer hoe om mekaar te vergeve wanneer hulle gedwing word om 'n reis van Michigan na Florida te onderneem in 'n 1954 Cadillac. Dit is die soort prent wat Barry Levinson (*Avalon*, *Rain Man*) met diepte en ironie kon skryf. Al is die spel van Patrick Dempsey, Arye Gross en Daniel Stern van die boonste rak, kom *Coupe* net nie die mas op nie.

AV

**** JACOB'S LADDER

Ons ly almal aan 'n graad van vervolgingswaan, veral in dié land. Die jongste prent van Adrian Lyne, die regisseur van *Fatal Attraction*, is 'n uitdagende drama oor Jacob Singer se waansin. Dié jong New Yorker begin drogbeelde sien. Sy lewe word 'n nagmerrie. Hy weier om te aanvaar dat hy mal is en soek 'n verdadeliking. Spanningsvol, verrassend en prikkelend.

AV

*** THE DOORS

As jy die jare sestig onthou, was jy nie daar nie. Oliver Stone verfris jou geheue met 'n stormagtige, luide, ellelange prent waarin hy die popkoon Jim Morrison romantiseer. Dis jammer dat Stone besluit het om bloot die mite te versterk. Hier is geen nuwe onthulling van die Hippie-era nie, ook geen herondersoek van Morrison se psige nie ... net 'n bedwelmd nabootsing van die tydperk.

AV

** ATTENTION BANDITS

Claude Lelouch (*Bolero*) is bekend vir sy langdradige prente waarin hy sy gehoor probeer dronk maak met baie sirkevormige kamerabewegings. Hierdie is sy weergawe van die Franse rampokkerprent.

AV

** NUNS ON THE RUN

Nog Carry On-prent/snert.

AV

*** CLASS ACTION

'n Kragtige prent oor die verhouding tussen 'n pa en 'n dogter. Gene Hackman speel 'n briljante, legendariese burgerregte-prokureur en Mary Elizabeth Mastrantonio sy ewe briljante dogter ... ook 'n prokureur. Die yuppie-waardesetsel van die jare tachtig en negentig in Amerika word gekontrasteer met die lewensstyl van die jare sestig. Dié keer is die pa die Hippie en waardes soos eerlikheid en regmatigheid seevier. Uitmuntende spel.

AV

**** MERMAIDS

Nog vis nòg vlees ... dié een is 'n meerman. Eers lag jy oor die lief en die leed van dié onkonvensionele gesin (drie vroue sonder man), maar mettertyd tref die tragedie van die alledaagse jou. Elke vrou sal haar vereenselwig met Charlotte (*Winona Ryder*) se emosionele traumas: sy is

15 jaar oud, jags en wil 'n non wees al is sy Joods!

AV

**** THE FIELD

Die stuk veld langs die huis van Bull McCabe (Richard Harris - uiteindelik weer op die doek!) in Ierland is vir hom heilig. Wanneer hy dit vir sy seun probeer koop en deur 'n Amerikaner gefnuik word, ontketen hy 'n reeks tragiese gebeurtenisse. Die Amerikaner wil 'n pad oor die veld bou ... maar Bull meen dis sondig. 'n Kleindorpse verhaal oor die Ierse platteland. Vol Ierse hartstog en hardkoppigheid, maar 'n bietjie over the top.

AV

*** Q & A

'n Hardgebakte polsie-storie deur Sidney Lumet. Dis gegrond op die roman van New York se eerste Spaans-Amerikaanse regter, Edwin Torres. Dis 'n siniese maar, volgens Torres, heel eerlike blik op die regstelsel in Amerika waar die baantjies-vir-boeties-metode van regsuitoefening hoogty vier.

AV

*** WHITE PALACE

'n Volslae ongeloofwaardige liefdesverhaal vir mense wat nog in romantiese liefde glo.

AV

** HENRY AND JUNE

Philip Kaufman het een van die gewildste prente gelewer wat nog in Suid-Afrika gedraai het ... *The Unbearable Lightness of Being*. Toekry hy die verhaal van Henry Miller, Anais Nin en hul maatjies onder oë - maar helaas kon hy nie *Unbearable Lightness* se sukses-resep herhaal nie. Die prent speel hom in 1931 en 1932 in Parys af en is gegrond op van Nin se dagboeke en Miller se outobiografiese romans.

AV

**** MISERY

Kathy Bates is 'n veteraan-karakterspeler, maar niemand het haar raakgesien tot sy die waansinnige groepie in Rob Reiner se gru-prent gespeel het nie. *Misery* is gegrond op 'n Steven King-roman en die draaiboek is deur William Goldman, die skywer van onder meer *Adventures in the Screen Trade*. Dié prent is geen gewilde riller vol Freddie Krugers nie. Dit handel oor die psigologiese ommeswaai van 'n geestelik versteurde vrou.

AV

*** THE WITCHES

'n Skitterende kinderprent met my gunsteling-aktrise, Anjelica Huston, in die hoofrol. Dit is op stuk van sake die werk van Roald Dahl, Jim Henson en Nic Roeg. Nie net vir kinders nie.

AV


* LAMBARINE

Dié Suid-Afrikaans vervaardigde prent het verlede jaar se M-Net/Vita-prys gewen. Dit is 'n papbroekige biopic oor Albert Schweitzer met Malcolm McDowell en Susan Strasberg. Albei dié akteurs spesialiseer deesdae in rolprente wat in vreemde plekke soos Swede en Italië verfilmed word. Baie atmosfeer, goeie kuns-regie, stemmingsvolle tonele, maar 'n onsaamhangende eindprodukt.

AV

**** AVALON

Barry Levinson se outobiografiese



Die blues-kabaret *Mean Old World* is Sondagaand in die Yard of Ale (oorkant die Mark-Theater, Newtown, Johannesburg) op die planke. Die blues-boffin - hy het vir die Gereformeerde Blues Band gespeel - Willem Moller, die sanger Tonia Selley en die baskitaarspeler Jiggs Downing sê hierdie is DIE WARE JAKOB. Musiek van legende soos Robert Johnson tot Stevie Ray Vaughan en Robert Clay word opgevoer. Dit begin 8:30nm.

familie-sage is soos medisyne: dis goed vir jou, maar jy wil dit nie eintlik sluk nie. Dié skitterende draaibokskrywer en regisseur skryf oor die verbrokkeling van die familie in die middel van die 20e eeu, oor die koms van die televisie en die verbruikersera. *Avalon* is tegelyk uiters persoonlik en universeel. Dit vermy soetsappigheid en wys jou hoe die wêreld rôrig lyk. Die prent is baie meer Europees (lank, donker, uitdagend, emosioneel uitmergelend) as wat dit Amerikaans is.

AV

*** GREEN CARD

Gérard Depardieu se eerste Engels-talige rolprent. Na verneem word, kan dié Franse ster nie Engels praat nie en moes hy alles foneties leer! Hy en Andie McDowell gaan 'n genielikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsonderzoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hullestry oor alles - van die politiek tot koffiemak - voor hulle mekaar vind.

AV

*** CYRANO DE BERGERAC

Uitmuntende hoge kuns wat toeganklik is vir die res van ons plebs. Gérard Depardieu lewer 'n kragtoer.

AV

*** IMPROMPTU

Die komiese verhaal van die bohemse skrywer George Sand en die komponis Fredric Chopin se ontmoeting en Sand se geduldige jag maak op Chopin. Hulle raak ondanks alles smoorverlief. Die liefdesverhaal lees soos 'n Franse klug. Judy Davis speel Sand en Hugh Grant speel Chopin.

LAETITIA POPE

*** SILENCE OF THE LAMBS

'n Riller oor die donker kant van die menslike psige. Jodie Foster is 'n ambisieuse FBI-kwekeling op die spoor van 'n reeksmoordenaar. Anthony Hopkins is die briljante psigoanalitikus en sosio-pat wat haar moet help om hom vas te trek. Dis 'n spannende, komiese rolprent met uitmuntende toneelspel. Hier en daar is dit nie so fyn afgewerk nie.

LP

* THE YEAR OF THE JELLYFISH

Die titel se alles. As jy gedink het Henry and June was 'n anti-klimaks, wag net tot jy die jaar van die jellyvis gesien het. Tipiese Franse low-budget snert waarin almal uitblink in die kuns van ontkleding.

RYK HATTINGH

teater

JOHANNESBURG TAKE TWO

Rosie September is terug in die Mark-Theater se Laager met 'n nuwe wardrobe. Soli Philander se vertolking van grepe uit die lewe in die sogenaamde "Kleurling"-gemeenskap is pittig en skreeusnaaks. Dis van die beste teater in die stad. PDU, pas op vir jou wickets.

AV

PRETORIA

SAKEMAN VAN VENESIË

Diegene wat gewonder het wat Oom Will se Merchant of Venice vir 'n hedendaagse SA-gehoor te sê het, het nie gereken op die veelsydigheid van die regisseur, Ilse van Hemert, se elliptiese verbeelding nie. 'n Speelse Van Hemert verle de gehehoor met visuele skoonheid en die keurige klanke van Michael Nyman, terwyl sy die sielloosheid van die karakters weerspieël. In die 90s is egosentrisme mos opgeheft tot kunsvorm.

AV

KAAPSTAD

THE DOGS MUST BE CRAZY

Die Community Arts Project se satire oor die left is nog tot 2 Junie op die planke. Mike van Graan en die spelers wag nie vir die politici om hulle reg te ruk nie, hulle het al begin wersk aan 'n teater vir die nuwe Suid-Afrika. Dis krities, komies en speel klaar met al die heilige koeie. Die teater is in Chapelstraat, Woodstock.

ROBIN HAWKINS

kuns

JOHANNESBURG CHABANI MANGANYI

Die Soweto-kunstenaar se werke is op die oorsigtentoontoonstelling van Suid-Afrikaanse kuns in die Museum van Moderne Kuns in Oxford ten toon gestel. Syakrielskilderye is van Sondag in die Cassirer-Gallery te sien. Die gallery is in Mutual Square, Oxfordlaan 169, Rosebank.

VITA ART NOW

Die Vita Art Now-tentoontoonstelling word nou vir die vyfde agtereenvolgende keer in die Stadsaal van die Mutual Square te sien. Dit is een van die belangrikste tentoontoonstellinge in die land.

volgende jaar in die Johannesburgse Kunsmuseum gehou. Werke van 34 Suid-Afrikaanse kunstenaars is te sien - onder andere Karel Nel (die wenner van die jaarprys), Braam Kruger en Margaret Vorster. Die tentoonstelling duur tot 28 Julie.

LP

PRETORIA

VROE-KUNSTENAARS IN SA

Die belangrike rol van vroulike kunstenaars in SA word in 'n reeks lesings (hulle begin om 8nm) by die Pretoriase Kunsmuseum, Arcadiapark, bevestig. 19 Junie: Voortsetting van 'n gesonde tradisie; 26 Junie: Individuele Soeke na Identiteit en 3 Julie: Die Hedendaagse Uitdaging. Kunstenaars soos Marion Arnold, Nel Erasmus, Helen Sebidi, Pippa Skotnes, Noria Mabasa, Penny Sopis en Maud Sumner word deur die kunshistorikus Frieda Harmsen bespreek. Tel: (012) 344-1807

AV

musiek

JOHANNESBURG

MEAN OLD WORLD

Blues-liefhebbers kan Sondagaand by The Yard Of Ale (oorkant Mark-Theater, Wolhuterstraat, Newtown) gaan uithang. Willem Moller, Tonia Selley en Jiggs Downing bied die kabaret, *Mean Old World*, aan. Dit begin 8:30nm en ingang kos R5.

THE COTTON PUB

Dié plekkie in Quartzstraat, Hillbrow (oorkant Highpoint) is die nuwe IN-plek. Shado Twala en lede van Hugh Masekela se band maak kort-kort hul opwagting. Dié resident band is Loading Zone. Andersins is daar goeie jazz, sê Audrey Brown, en die deure bly die ganse nag oop.

AV

KAAPSTAD

ROSIE'S AND ALL THAT JAZZ

Die waterkant het nou amptjies aanvaarbaar geword vir die Kaapstadse locals. Dit lyk nie meer net na 'n tourist trap nie. Maak 'n draai by die nuwe jazz-klub.

AV

fynproe

NETTIE PIKEUR

Winterwolkies, wolgedagtes en 'n boek vir die wynland

MET die winter sterk op dreef raak ons Pikeurs mos effe mal - ons vat hier en daar, droom van lekker dinge soos boontjesop, kaal wingerdloete en branders wat skuim spat teen die ruite.

Maar ons kom nie eintlik by die punt uit nie, en dis hoe dié paragrawe vandag gaan lees. 'n Mondvol hier, a deep thought there, plus 'n bewonderend heerlike nuwe resep vir 'n hoender.

Eers Christine Rudman se nuwe boek oor die wynland: *A guide to the Winelands of the Cape*. Splinternuut, skuins onder R30, beskikbaar by CNA en Exclusives Books en so aan.

Die skrywer ken haar storie - sy is 'n bemarkingsmens by 'n groot wynoutfit op Stellenbosch, is 'n Kaapse Wynmeester (ja, nie mistress nie, hoor), en versamel bottels heerlikhede al haar lewe lank. Die is nou 'n lekker boek om saam te neem op 'n trippie deur wynplase na proefboetieks en so aan. Wat my eerste opgeval het, is haar noukeurige aanwysings oor hoe om op die plekke te kom. Gewoonlik as jy bel, sê 'n juffer jy moet links draai by oom Danie se skaapkraal en dan aanhou tot by die blockombome en dan is dit slap links daarvandaan. Not Christine. Sy het duidelik in haar eie kar gaan klim en presies gemeet hoe ver elke plaas en landgoed en kelder is, waar die afdraaie is en hoe hulle op naamborde heet. Hulde aan haar net hiervoor.

Sy stel verder sulke praktiese dinge voor soos hoe ver jy binne één dag kan ry om te gaan kyk, wynproe en eet - want besoekers misgids hulle met die afstand tussen byvoorbeeld die Swartland en die Overberg. Dis bleddie ver.

Liggings, wyne, toere beskikbaar, verkope ter plaatse, die wynmaker, ongewone roetes, asook lekker eetplekke en dies meer is als in Christine se voortreflike boek met sy loslit-styl saamgevat. Sy bespreek 12 wynstreke van Constansia tot by die Olifantsrivier, bied 'n hoofstuk of twee vir ons wat maak asof ons as weet, maar eintlik zat weet van wynmaaktegniek, wette oor wyn, en wat vonkelwyn nou eintlik is. Als kort en bondig saamgevat. Ek het gewens vir meer mooi prentjies, maar duidelik sou dit die prys koffietafel se kant toe gestoot het.

Koop 'n eksemplaar van *A guide to the Winelands of the Cape*, stop hom in die cubbyhole, en gebruik hom vir daardie trips wat julle altyd dreig om te doen, maar nikke verder mee kom as Drop Inn in Observatory nie. Vriendin Cathy-van-die-blomme bring 'n bosvol spierwit miniatuur-tulpie, narsings, baba-iris en basiliekruid (myne is lankal oppela) na 'n middagte. Daarby het sy 'n klos mosterdslaai, sulke krullerige groen blare, tussenin gedruk. Was die laasgenoemde vanoggend heerlik - fyngekap met 'n skep avokadopeer en 'n skeut surleemoen en olyfolie, op roosterbrood. Crunch en spesery tegelyk, 'n heerlike krui om jou tuin te plant.

Die res van die mosterdslaai lyk ook pragtig saam met die narsings, dankie Cathy.

Daar is baie rate vir die reën-verdriet. (Die Pikeurs ken geen maat of perk oor seisoene nie: as dit reën, wil ons beach toe gaan, as dit droog is, wonder ons of die berg gaan brand.)

As dit die dag rôrig aanhoudend sif - daai reën wat jy weet nie vóór Oktober gaan wegtrek nie - kan jy dit doen: Pel 'n pakkie amandels deur hulle in kookwater te dompel. A very melancholy task. Braai hulle dan in olyfolie, 'n bietjie botter, paprika en baie, baie sout.

Pak in 'n bakkie, skink vir jou 'n glas Nuy se rooi muskadel in jou ouma se sierglasie en gaan lê op die dagbed onder 'n kniekombersie. Lees Roald Dahl se grilverhale en kou een amandel ná die ander. Salig. Al wat nou kortkom, is Gabriel se boontjesop, maar dis vir volgende keer. Hiermee 'n ongewone gereg:

GEVLAAMDE HOENDER

Braai 'n stewige hoender in 'n groot swaarboompot wat ook bo-op die stoof kan staan. Draai die kiep een of twee keer om, tot hy bruin is. Ná 35 minute haal jy hom uit, giet 'n wynglasie brandewyn bo-oor, steek hom net daar aan die brand, en gooie die vlamme ná drie minute met 'n glas port of soetwyn dood.

Bak die arme geblaasde kuiken vir nog 'n uur tot hy gaar is. Dis 'n heerlike manier om hoender gaar te maak - en die sous van botter, brandewyn, soetwyn en wat ook al onder in die pot maak 'n lieflike gravy as jy 'n lepeltjie meel en nog 'n klont botter bywerk. Onthou sout en peper, en 'n skeut room sal die sousie natuurlik perfek afwerk.



TAKHARE VIR VREDE SÉ

Op die walle van Broederstroem, sit 'n klomp mans in pakke en droom

Vrye Weekblad



BLESKOPPE TEEN APARTHEID

wonder waar
Her Hoesenaam nou geld
gaan kry om sy versameling
grys skoene te versool

Vrye Weekblad, 30 MEI- 6 JUNIE 1991



**Let all
know peace**

